Kruide	Sterk kompeteerders		
	<i>Hypoestes forskaolii</i>	40	7
	<i>Tagetes minuta</i>	80	3
	Matige kompeteerders		
	<i>Protasparagus virgatus</i>	40	<1
	<i>Verbena bonariensis</i>	80	<1
	<i>Persicaria lapathifolia</i>	80	<1
	<i>Commelina africana</i> var. <i>lancispatha</i>	100	<1


Die *Salix mucronata* subsp. *wilmsii*-*Hyparrhenia hirta*-struikveld het 'n totale gemiddelde kroonbedekking van 55% (Figuur 5.4).



Figuur 5.4 Diagramatiese voorstelling van die gemeenskapstruktuur met die gemiddelde kroon- en proporsionele bedekkings van die *Salix mucronata* subsp. *wilmsii-Hyparrhenia hirta*-struikveld

5.2.2 *Heteropyxis natalensis-Bothriochloa bladhii*-struikveld (plantgemeenskap 2)


Die *Heteropyxis natalensis-Bothriochloa bladhii*-struikveld (Figuur 5.5) word deur 15 relevès verteenwoordig en strek noord ongeveer vanwaar die Klein-Olifants aansluit by die Olifantsrivier tot by die bo-lope van Loskopdam (Figuur 5.1). Die gemeenskap word met die Ib-landtipe (Figuur 2.8) geassosieer en word, soos plantgemeenskap 1, gekenmerk aan geologiese gesteentes afkomstig van die Groep Waterberg, Wilgerivier Formasie (Figuur 2.6).




Figuur 5.5 *Heteropyxis natalensis - Bothriochloa bladhii*-struikveld op gesteentes van die Groep Waterberg se Wilgerivier Formasie aangetref (die foto verteenwoordig variasie B geïllustreer in Figuur 5.6)

Die rivier daal vinnig en kronkel deur ruwe bergagtige terrein op hoogtes bo seespieël wat varieer van 1 000 meter tot 1 400 meter. Hierdie gedeelte van die Olifantsrivier sluit heelwat variasie in (variante 2.1 – 2.3) en is ‘n oorgang van die Suuragtige Gemengde Bosveld na die Gemengde Bosveld (Acocks 1988). In sommige gevalle word die een makrokanaalbank deur loodregte kranse verteenwoordig (Figuur 5.6, variasie A) en is ‘n oewersone grotendeels, met die uitsondering van enkele gras-, biesie- en kruidspesies geassosieer met die waterrand, awfesig.

Die gronddiepte varieer van 1 200 mm in die geval van die *Heteropyxis natalensis-Chaetachme aristata*-variant (variant 2.2) tot vlak so vlak as 100 mm by die *Heteropyxis*



Die variasie aangetref in die *Heteropyxis natalensis-Bothriochloa bladhii*-struikveld



Figuur 5.6 Skematiese voorstelling van variasies in die rivierprofiel van die *Heteropyxis natalensis-Bothriochloa bladhii*-struikveld

natalensis-Bauhinia galpinii-variant (variant 2.3). Die grootste gedeelte van die aktiewe kanaalbed word aan lang stroomversnellings oor 'n klipperige kanaalbed onderbreek deur enkele kuile, eilande en seisoenale kanale gekenmerk.

Klipgrootte varieer van medium grootte klippe tot groot rotsblokke en rotsplate. Die grondtekstuur varieer van sandleem (11-15% klei) tot kleigronde (>55% klei). Die oewerbos en omliggende terrestriële veld is grotendeels natuurlik. Landbou-aktiwiteite is oorwegend beperk tot beweiding deur beeste en wild.

Tabel 5.5 Diagnostiese spesies van die *Heteropyxis natalensis - Bothriochloa bladhii*-struikveld (G.K.B. – gemiddelde persentasie kroonbedekking).

Spesienaam	Groeivorm	Konstandheid (%)	G.K.B. (%)
<i>Heteropyxis natalensis</i>	B	60	<1
<i>Elephantorrhiza burkei</i>	S	47	<1
<i>Dombeya rotundifolia</i>	B	47	<1
<i>Croton gratissimus</i> var. <i>gratissimus</i>	S	40	<1
<i>Mimusops zeyheri</i>	B	40	<1
<i>Diandrochloa namaquensis</i>	G	20	<1
<i>Maytenus undata</i>	S	27	<1

B – boom; S – struik; D – dwergstruik; K – kruid; G - gras


Die diagnostiese spesies (Spesiegroep 2, Tabel 5.1, Aanhangsel 2) van dié struikveld word in Tabel 5.5 weergegee. Die boomspesie *Heteropyxis natalensis* het die hoogste konstandheid. Die diagnostiese spesies het egter almal 'n gemiddelde kroonbedekking van minder as een persent.

Die sterk boom kompeteerder *Combretum erythrophyllum*, sterk struik kompeteerders *Salix mucronata* subsp. *wilmsii*, *Rhus gerrardii* (Tabel 5.6) en die dominante grasspesies *Bothriochloa bladhii*, *Misanthus junceus*, *Phragmites australis* en biesiespesie *Cyperus marginatus* word met die waterrand geassosieer. *Acacia dealbata* word nog steeds aangetref, maar die bedekking en konstandheid van dié boomspesie (Tabel 5.6) is aansienlik laer as by plantgemeenskap 1. Hierdie boomspesie behoort verwyder te word aangesien dit as bron van saad na laerliggende dele van die rivier dien.

Tabel 5.6 Gemeenskapsamestellings-analise van die *Heteropyxis natalensis-Bothriochloa bladhii*-struikveld

Groeivorm	Spesienaam	Konstandheid (%)	Gemiddelde % kroonbedekking
Bome	Sterk kompeteerder <i>Combretum erythrophyllum</i>	93	3
	Matige kompeteerder <i>Mimusops zeyheri</i>	40	<1
	Swak kompeteerders <i>Acacia dealbata</i>	47	<1
	<i>Heteropyxis natalensis</i>	60	<1
Struik	Sterk kompeteerders <i>Salix mucronata</i> subsp. <i>wilmsii</i>	73	3
	<i>Rhus gerrardii</i>	87	3
	<i>Chaetachne aristata</i>	13	<1
	Matige kompeteerders <i>Maytenus heterophylla</i>	47	<1
	<i>Diospyros lycioides</i> subsp. <i>sericea</i>	87	2
	<i>Croton gratissimus</i> var. <i>gratissimus</i>	40	<1
Grasse	Sterk kompeteerders <i>Cyperus marginatus</i>	60	3
	<i>Ischaemum fasciculatum</i>	47	2
	<i>Hyperthelia dissoluta</i>	13	<1
	Matige kompeteerders <i>Paspalum scrobiculatum</i>	27	<1
	<i>Misanthus junceus</i>	60	1
	<i>Bothriochloa bladhii</i>	67	2
	<i>Phragmites australis</i>	87	2
	<i>Aristida transvaalensis</i>	40	<1
	<i>Eragrostis gummiflua</i>	53	<1
	<i>Hemarthria altissima</i>	53	<1
Kruide	Sterk kompeteerders <i>Dicliptera clinopodia</i>	47	<1
	<i>Mikania capensis</i>	40	<1
	<i>Tagetes minuta</i>	80	<1


Die *Heteropyxis natalensis-Bothriochloa bladhii*-struikveld het 'n gemiddelde kroonbedekking van 42% (Figuur 5.7). Die relatief lae bedekking kan aan die deurgaans hoë klipbedekking toegeskryf word.



Figuur 5.7 Diagramatiese voorstelling van die gemeenskapstruktuur met die gemiddelde kroon- en proporsionele bedekkings van die *Heteropyxis natalensis-Bothriochloa bladhii*-struikveld

5.2.2a *Heteropyxis natalensis-Eragrostis gummiflua*-variant (variant 2.1)


Die *Heteropyxis natalensis-Eragrostis gummiflua*-variant (Figuur 5.8) se verspreiding is nie so beperk soos die verspreiding van die *Heteropyxis natalensis-Chaetachme aristata*-variant (variant 2.2) en die *Heteropyxis natalensis-Bauhinia galpinii*-variant (variant 2.3) nie.



Figuur 5.8 *Heteropyxis natalensis-Eragrostis gummiflua*-variant

Die gronde is oorwegend 300 mm tot 450 mm diep en bogrondse klipbedekking varieer van laag (0-10% klip) tot hoog (>60% klip). Groot klippe en rotse word deurgaans aangetref. Diagnostiese spesies vir die variant (Spesiegroep 3, Tabel 5.1, Aanhangsel 2) sluit in die boomspesie *Combretum molle*, die struiken *Englerophytum magalismontanum* en *Mundulea sericea*, die dwergstruiken *Buxus macowanii*, *Leonotis* sp. en die grasse *Eragrostis gummiflua*, *Aristida transvaalensis* en *Paspalum dilatatum*. Die boomspesie *Combretum erythrophyllum* en struikspesie *Salix mucronata* subsp. *wilmsii* is sterk kompeteerders in die variant.


Die *Heteropyxis natalensis-Eragrostis gummiflua*-variant het 'n totale gemiddelde kroonbedekking van 44% waarvan die grasspesies die grootste bydrae lewer (Figuur 5.9).



Figuur 5.9 Die totale gemiddelde kroonbedekkings van die onderskeie groeivorms wat in die *Heteropyxis natalensis-Eragrostis gummiflua*-variant aangetref word

5.2.2b *Heteropyxis natalensis-Chaetachme aristata*-variant (variant 2.2)


Die *Heteropyxis natalensis-Chaetachme aristata*-variant (Figuur 5.10) word in daardie areas wat geassosieer is met 1 200 mm diep sandkleileem gronde (21-35% klei), aangetref. Klipbedekking is tot die kanaal/e beperk en is afwesig op die makrokanaalbanke.



Figuur 5.10 ‘n Makrokanaalbank teenwoordigend van die *Heteropyxis natalensis-Chaetachme aristata*-variant

Diagnostiese spesies sluit in die boomspesie *Acacia caffra*, die struik *Chaetachme aristata*, *Clerodendrum glabrum* var. *glabrum*, *Cussonia paniculata*, *Ehretia rigida*, *Lannea discolor*, *Osyris lanceolata*, *Brachylaena rotundata*, die dwergstruik *Rhoicissus tridentata* subsp. *cuneifolia*, *Secamone filiformis* en die gras *Aristida congesta* subsp. *barbicollis* (Spesiegroep 5, Tabel 5.1, Aanhangsel 2).

Sterk houtagtige kompeteerders sluit in die boomspesies *Mimusops zeyheri*, *Berchemia zeyheri* en die struikspesie *Chaetachme aristata*.




Figuur 5.11 Die totale gemiddelde kroonbedekkings van die onderskeie groeivorms wat in die *Heteropyxis natalensis*-*Chaetachme aristata*-variant aangetref word

Die *Heteropyxis natalensis*-*Chaetachme aristata*-variant het 'n totale gemiddelde kroonbedekking van 39% (Figuur 5.11). Die houtagtige komponent wat die bome, struik en dwergstruik insluit, lewer 'n bydrae van 31% tot die totale gemiddelde kroonbedekking van dié variant.

5.2.2c *Heteropyxis natalensis*-*Bauhinia galpinii*-variant (variant 2.3)

Die *Heteropyxis natalensis*-*Bauhinia galpinii*-variant (Figuur 5.12) se verspreiding is tot daardie areas met vlak sanderige gronde (11-15% klei) beperk. 'n Hoë klipbedekking (>60%)


word in die aktiewe kanaal asook op die makrokanaalbanke aangetref. Die klipgrootte varieer van klein spoelklippe tot reuse rotsblokke en rotsplate.



Figuur 5.12 *Heteropyxis natalensis-Bauhinia galpinii*-variant

Die struikspesies *Bauhinia galpinii*, *Flacourtia indica*, *Ochna* sp. en *Bridelia mollis* is diagnosties vir die variant (Spesiegroep 6, Tabel 5.1, Aanhangsel 2). Die boomspesie *Ficus ingens* var. *ingens* en struik *Bauhinia galpinii* is sterk houtagtige kompeteerders in die variant.

Die *Heteropyxis natalensis-Bauhinia galpinii*-variant het 'n totale gemiddelde kroonbedekking van 37% (Figuur 5.13). In teenstelling met variant 2.2 lewer die grasspesies van variant 2.3 die grootste bydrae tot die totale kroonbedekking.



Figuur 5.13 Die totale gemiddelde kroonbedekkings van die onderskeie groeivorms wat in die *Heteropyxis natalensis-Bauhinia galpinii*-variant aangetref word


5.2.3 *Acacia sieberiana* var. *woodii*-*Ischaemum fasciculatum*-boomveld (plantgemeenskap 3)

Die *Acacia sieberiana* var. *woodii*-*Ischaemum fasciculatum*-boomveld (Figuur 5.14) word deur agt relevès verteenwoordig en strek stroom-af van Loskopdam onderkant die wal tot op die plaas Kameeldoorn (Figuur 5.1). Dié boomveldgemeenskap word oorwegend met die Bc-landtipe (Figuur 2.8) geassosieer en aan geologiese gesteentes afkomstig van die Opeenvolging Transvaal, Groep Rooiberg en Kompleks Bosveld, gelaagde Suite Rustenburg (Figuur 2.6) gekenmerk. Die gronde is oorwegend vlak tot medium diep (200 mm tot 500 mm) en grondtekstuur varieer van sandleem (0-15% klei) tot leemklei (36-55% klei).



Figuur 5.14 *Acacia sieberiana* var. *woodii*-*Ischaemum fasciculatum* -boomveld op gesteentes van die Opeenvolging Transvaal en Kompleks Bosveld aangetref

Die rivier vloei deur enkele kliprandjies onderkant Loskopdam voordat die omliggende landskap afplat op 'n hoogte van 900 tot 950 meter bo seespieël. Die aktiewe kanaal varieer van 20 tot 70 meter breed en word gekenmerk aan verskeie alluviale deposito's wat deur *Phragmites australis* gedomineer word. Die aktiewe kanaal deposito's is tipies golwende alluviale sandbanke met spoelklip geassosieer (Figuur 5.15). Enkele groot rotse word in die kanaalbed aangetref. *Phragmites australis* vorm breeë onderbroke stroke weerskante van die aktiewe kanaal.



Figuur 5.15 Skematische voorstelling van die rivierprofiel van die *Acacia sieberiana* var. *woodii*-*Ischaemum fasciculatum*-boomveld

Die omliggende opvanggebied vorm deel van die Loskop-besproeiingsskema en intensiewe gewasverbouing vind plaas. Pomphuise en kanaalstelsels word algemeen aangetref.

Tabel 5.7 Diagnostiese spesies van die *Acacia sieberiana* var. *woodii*-*Ischaemum fasciculatum*- boomveld (G.K.B. – gemiddelde persentasie kroonbedekking).

Spesienaam	Groeivorm	Konstandheid (%)	G.K.B. (%)
<i>Acacia sieberiana</i> var. <i>woodii</i>	B	88	2
<i>Aristida adscensionis</i>	G	63	<1
<i>Ceratotheca triloba</i>	K	50	1
<i>Panicum repens</i>	G	38	1
<i>Polygonarthria squarrosa</i>	G	25	<1
<i>Leersia hexandra</i>	G	25	<1
<i>Cymbopogon excavatus</i>	G	25	<1
<i>Digitaria debilis</i>	G	38	<1
<i>Panicum subalbidum</i>	G	25	<1
<i>Cleome monophylla</i>	K	25	<1
<i>Setaria pallide-fusca</i>	G	25	<1
<i>Fimbristylis dichotoma</i>	G	25	<1

B – boom; S – struik; D – dwarfstruik; K – kruid; G - gras


Die diagnostiese spesies van dié boomveld (Spesiegroep 7, Tabel 5.1, Aanhangsel 2) word in Tabel 5.7 weergegee. *Acacia sieberiana* var. *woodii* is die enigste diagnostiese boomspesie en het ‘n gemiddelde kroonbedekking van 2%. Die grasspesies *Cynodon dactylon*, *Ischaemum fasciculatum*, *Phragmites australis* en kruidspesies *Verbena bonariensis*, *Tagetes minuta* en *Ceratotheca triloba* (Tabel 5.2) domineer die aktiewe kanaal deposito’s. Die waterrand word oorwegend deur *Phragmites australis*, wat breeë onderbroke stroke weerskante van die aktiewe kanaal vorm, gedomineer. Die grasspesie *Bothriochloa bladhii* en biesiespesie *Typha capensis* assosieer ook met die waterrand.

Die uitheemse indringer boomspesie *Melia azedarach* is slegs by vier persele aangeteken, maar is alreeds ‘n sterk kompeteerder (Tabel 5.8). *Salix mucronata* subsp. *wilmsii* is die enigste struikspesie wat as ‘n sterk kompeteerder geklassifiseer is.

Tabel 5.8 Gemeenskapsamestellings-analise van die *Acacia sieberiana* var. *woodii*-*Ischaemum fasciculatum*-boomveld

Groeivorm	Spesienaam	Konstandheid (%)	Gemiddelde % kroonbedekking
Bome	Sterk kompeteerders		
	<i>Melia azedarach</i>	50	2
	<i>Populus canescens</i>	13	<1
	Matige kompeteerders		
	<i>Combretum erythrophyllum</i>	88	2
	<i>Acacia sieberiana</i> var. <i>woodii</i>	88	2
Struik	<i>Acacia karroo</i>	88	2
	Sterk kompeteerder		
	<i>Salix mucronata</i> subsp. <i>wilmsii</i>	88	1
	Matige kompeteerders		
	<i>Rhus pyroides</i> var. <i>pyroides</i>	63	<1
Dwergstruik	<i>Maytenus heterophylla</i>	75	<1
	<i>Diospyros lycioides</i> subsp. <i>sericea</i>	63	<1
	Matige kompeteerder		
Grasse	<i>Eriosema psoraleoides</i>	50	<1
	Matige kompeteerder		
Grasse	<i>Protasparagus cooperi</i>	63	<1
	Sterk kompeteerders		
	<i>Phragmites australis</i>	100	16
	<i>Cynodon dactylon</i>	75	5
	Matige kompeteerders		
	<i>Ischaemum fasciculatum</i>	75	5
	<i>Hemarthria altissima</i>	13	<1
	<i>Imperata cylindrica</i>	25	<1
	<i>Panicum repens</i>	38	1
	<i>Digitaria debilis</i>	38	<1
	<i>Hyperthelia dissoluta</i>	38	<1
	<i>Cyperus sexangularis</i>	38	<1
	<i>Cyperus marginatus</i>	50	<1
	<i>Bothriochloa bladhii</i>	63	1
	<i>Typha capensis</i>	63	1
	Swak kompeteerders		
	<i>Panicum maximum</i>	100	2
	<i>Misanthus junceus</i>	75	<1
Kruide	Sterk kompeteerders		
	<i>Verbena bonariensis</i>	100	3
	<i>Tagetes minuta</i>	100	2
	<i>Ceratotheca triloba</i>	50	1
	Matige kompeteerders		
	<i>Cleome monophylla</i>	25	<1
	<i>Mikania capensis</i>	50	<1
	<i>Cissampelos mucronata</i>	63	<1
	Swak kompeteerders		
	<i>Chamaecrista mimosoides</i>	75	<1
	<i>Centella</i> sp.	88	<1

Die totale gemiddelde kroonbedekking van die *Acacia sieberiana* var. *woodii*-*Ischaemum fasciculatum*-boomveld is 74% (Figuur 5.16). Die hoë gras- en kruidbedekking kan toegeskryf word aan die aktiewe kanaal deposito's en alluviale deposito's geassosieer met die gedeelte van die rivier.



Figuur 5.16 Diagramatiese voorstelling van die gemeenskapstruktuur met die gemiddelde kroon- en proporsionele bedekkings van die *Acacia sieberiana* var. *woodii-Ischaemum fasciculatum*-boomveld


5.2.4 *Combretum erythrophyllum-Cynodon dactylon*-boomveld (plantgemeenskap 4)

Die *Combretum erythrophyllum-Cynodon dactylon*-boomveld (Figuur 5.17) word deur 28 relevès verteenwoordig en sluit 'n groot gedeelte van die Olifantsrivier in. Diè oewerbos word met daardie gedeelte van die Olifantsrivier wat strek vanaf die plaas Kameeldoorn effens noord van Loskopdam tot by die Burgersfort/Pietersburg nasionale pad geassosieer (Figuur 5.1). Die rivier vloeи effens kronkelend deur 'n relatief plat landskap in 'n noordelike tot noordoostelike rigting, verby Groblersdal en Marble-Hall tot by Arabiedam, vanwaar die rivier redelik reguit vloeи deur die Springbokvlakte tot aan die voet van die Strydpoortberge. Hoogte bo seespieël varieer van ongeveer 900 meter tot 950 meter.




Figuur 5.17 'n Gedeelte van die oewerbos verteenwoordigend van die *Combretum erythrophyllum - Cynodon dactylon* - boomveld wat op gesteentes afkomstig van die Kompleks Bosveld aangetref word

Landtipe inligting vir die area voormalig bekend as Lebowa ontbreek. Die Bc-landtipe is egter verteenwoordigend vir 'n groot gedeelte van die gemeenskap (Figuur 2.8). Die gedeelte van die rivier word gekenmerk aan geologiese gesteentes oorwegend afkomstig van die Kompleks Bosveld geassosieer met diep alluviale sande beperk tot die riviersisteem self (Figuur 2.6). Die gronde van die makrokanaalbanke is oorwegend 1 200 mm diep. In enkele gevalle is gronde so vlak as 400 mm aangeteken – dit is egter die uitsondering. Die grondtekstuur varieer van leemsand (15-20% klei) tot kleigronde (>60% klei). In die meeste gevalle is gronde op die oppervlak sanderig as gevolg van die alluviale neerleggings.



Twee variasies in rivierstruktuur kenmerkend van die *Combretum erythrophylum*-*Cynodon dactylon*-boomveld



Figuur 5.18 Skematische voorstelling van variasies in die rivierprofiel van die *Combretum erythrophylum*-*Cynodon dactylon*-boomveld

Klipbedekking is, met die uitsondering van enkele lokale areas, totaal afwesig op die makrokanaalbanke. Groot rotse en spoelklippe is egter in die kanaalbed teenwoordig. Dele van die rivier word aan dik slikneerleggings gekenmerk. Alluviale deposito's, seisoenale kanale, eilande met houtagtige spesies en kanaaldeposito's karakteriseer hierdie gedeelte van die Olifantsrivier (Figuur 5.18). Die grasspesie *Phragmites australis* vorm tot vyf meter breet ononderbroke stroke op die aktiewe kanaal deposito's tussen die aktiewe kanaal en die ruie oewerbos aangetref op die makrokanaalbanke. Alluviale deposito's word, soos in die geval van gemeenskap 3, totaal deur *Phragmites australis* gedomineer. Ander plantspesies wat met die alluviale deposito's, kanaal deposito's en eilande geassosieer is, is *Cynodon dactylon*, *Tagetes minuta* en *Hemarthria altissima*.

Landbou-aktiwiteite in die vorm van intensieve gewasverbouing en boorde onder besproeiing in die Groblersdal/Marble-Hall-omgewing impakteer negatief op die oewerplantegroei en die riviersisteem as sulks as gevolg van die vernouing van die oewerplantegroei. Landerye word ten koste van die oewersone maksimaal vergroot. Verskeie pomphuise en keerwalle is duidelik sigbaar. Die smal stroke oewerbos en relatief lae gras- en kruidbedekking as gevolg van die skadu-effek van die oewerbos bied 'n laer weerstand teen waterafloop met die gepaardgaande erosiepotensiaal as wat verwag sou word in die geval van 'n breër sone met 'n hoër gras- en kruidbedekking.

Die gedeelte van die Olifantsrivier in die Springbokvlakte noord van Arabiedam tot by die Strydpoortberge, word aan 'n erg gedegradeerde omliggende opvanggebied gekenmerk. In groot areas is die plantegroei feitlik totaal verwyder en word ligte slootvorming en donga-erosie algemeen aangetref. Aktiwiteite wat 'n direkte negatiewe invloed op die makrokanaal uitoefen is ontbossing, hetsy vir informele landerye of brandhoutversameling. In sekere areas word die makrokanaal intensief deur bokke en beeste benut soos bewys deur 'n goedontwikkelde weilyn, uitgetrapte areas met ontblote grondoppervlak en die teenwoordigheid van bogenoemde diere.

Tabel 5.9 Diagnostiese spesies van die *Combretum erythrophylum-Cynodon dactylon*-boomveld (G.K.B. – gemiddelde persentasie kroonbedekking).

Spesienaam	Grocivorm	Konstandheid (%)	G.K.B. (%)
<i>Pavetta lanceolata</i>	S	61	<1
<i>Pergularia daemia</i> var. <i>daemia</i>	K	68	<1
<i>Conyza scabrida</i>	K	61	<1
<i>Gomphrena celosioides</i>	K	43	<1
<i>Riocreuxia</i> sp.	K	50	<1
<i>Acacia erioloba</i>	B	21	<1

B – boom; S – struik; D – dwergstruik; K – kruid; G – gras

Die diagnostiese spesies (Spesiegroep 11, Tabel 5.1, Aanhangsel 2) sluit onder ander die boomspesie *Acacia erioloba* en struikspesie *Pavetta lanceolata* in. Die reuse *Acacia erioloba*'s is egter ylversprei en is slegs in ses relevès aangeteken (Tabel 5.9).

Tabel 5.10 Gemeenskapsamestellings-analise van die *Combretum erythrophylum-Cynodon dactylon*-boomveld


Grocivorm	Spesienaam	Konstandheid (%)	Gemiddelde % kroonbedekking
Bome	Sterk kompeteerders		
	<i>Combretum erythrophylum</i>	75	4
	<i>Melia azedarach</i>	54	2
	<i>Acacia galpinii</i>	36	2
	Matige kompeteerder		
	<i>Croton megalobotrys</i>	7	<1
Struike	Swak kompeteerders		
	<i>Acacia karroo</i>	79	2
	<i>Ziziphus mucronata</i> subsp. <i>mucronata</i>	86	1
	Sterk kompeteerders		
	<i>Maytenus heterophylla</i>	54	2
	<i>Diospyros lycioides</i> subsp. <i>sericea</i>	75	2
Dwergstruiken	<i>Sesbania punicea</i>	25	<1
	Matige kompeteerder		
	<i>Pavetta lanceolata</i>	61	<1
	Swak kompeteerder		
	<i>Rhus pyroides</i> var. <i>pyroides</i>	82	<1
	Matige kompeteerder		
Grasse	<i>Sida rhombifolia</i>	89	1
Grasse	Sterk kompeteerder		
	<i>Phragmites australis</i>	96	8
	Matige kompeteerders		
	<i>Cynodon dactylon</i>	89	5
	<i>Hemarthria altissima</i>	43	2
	<i>Typha capensis</i>	25	<1
Grasse	Swak kompeteerders		
	<i>Urochloa panicoides</i>	50	<1
	<i>Panicum maximum</i>	96	2

Kruide	Sterk kompeteerders		
	<i>Rivina humilis</i>	29	1
	<i>Schistostephium heptalobum</i>	25	<1
	<i>Achyranthes aspera</i> var. <i>aspera</i>	57	1
	<i>Teramnus labialis</i> subsp. <i>labialis</i>	14	<1
	<i>Equisetum ramosissimum</i>	29	<1
	<i>Tagetes minuta</i>	86	1
	Matige kompeteerders		
	<i>Tribulus terrestris</i>	46	<1
	<i>Justicia flava</i>	32	<1
	<i>Pergularia daemia</i> var. <i>daemia</i>	68	<1
	<i>Cissampelos mucronata</i>	71	<1
	<i>Riocreuxia</i> sp.	50	<1
	Swak kompeteerder		
	<i>Commelina erecta</i>	82	<1

Die boom- en struiklaag van die oewerbos geassosieer met die makrokanaalbanke word deur *Acacia galpinii*, *Melia azedarach*, *Acacia karroo*, *Combretum erythrophylum*, *Zizphus mucronata* subsp. *mucronata*, *Fluggea virosa* subsp. *virosa*, *Diospyros lycioides* subsp. *sericea* en *Maytemus heterophylla* gedomineer (Tabel 5.2). Die grasspesie *Panicum maximum* en kruidspesies *Rivinia humilis* en *Achyranthes aspera* var. *aspera* word in die swaar skadu van die oewerbos op die effens hoëliggende droër banke aangetref.

Die uitheemse indringer boomspesie *Melia azedarach* is goed gevestig in die gedeelte van die Olifantsriviersisteem en is as 'n sterk kompeteerder geklassifiseer (Tabel 5.10). Die spesie, met 'n gemiddelde kroonbedekking van 2%, is by 15 van die 28 relevès wat die plantgemeenskap verteenwoordig aangeteken. Die struikspesie *Sesbania punicea* is aangeteken by 'n totaal van sewe relevès. Hierdie verklaarde onkruid se lae bedekking (<1%) kan deels toegeskryf word aan die feit dat die individue tans nog jonk is. Hierdie spesie besit die vermoë om, netsoos *Melia azedarach*, aggressief te versprei, veral langs strome, spruite en riviere waar saadverspreiding maklik plaasvind en behoort beheer te word. Die totale gemiddelde kroonbedekking van die *Combretum erythrophylum-Cynodon dactylon*-boomveld is 65% (Figuur 5.19).

Daar is 'n totaal van ses variante in die boomveldgemeenskap geïdentifiseer. Hierdie plantgemeenskap verteenwoordig, soos reeds genoem 'n groot gedeelte van die Olifantsrivier. Omdat die plantgemeenskap oor so 'n lang gedeelte van die Olifantsrivier strek is daar nie alleenlik variasie ten opsigte van die geomorfologie van die makrokanaalbanke nie, maar ook variasie in die aktiwiteite in en aangrensend die makrokanaal. Die floristiese variasie ingesluit in hierdie plantgemeenskap kan moontlik toegeskryf word aan geomorfologiese variasie van die makrokanaalbanke in lokale areas asook verskille in die impakte op die plantegroei van die makrokanaal as gevolg van 'n uiteenlopende diversiteit van aktiwiteite wat onder andere kommersiële en selfonderhoudende landbou insluit. Die floristiese samestelling en struktuur van die *Combretum erythrophylum-Tamarix chinensis*-variant (variant 4.5) verskil byvoorbeeld van die ander variante in die opsig dat die houtagtige komponent, kenmerkend van hierdie plantgemeenskap (plantgemeenskap 4), grotendeels afwesig is. Die invloed van Arabiedam met die gepaardgaande hoë watervlakke het meegebring dat beide die struktuur en floristiese samestelling van die makrokanaal verander is deurdat die houtagtige plante gevrek en vervang is met kruid- en grasspesies.



Figuur 5.19 Diagramatiese voorstelling van die gemeenskapstruktuur met die gemiddelde kroon- en proporsionele bedekkings van die *Combretum erythrophyllum-Cynodon dactylon*-boomveld

5.2.4a *Combretum erythrophylum-Rubus* sp. variant (variant 4.1)


Die *Combretum erythrophylum-Rubus* sp. variant (Figuur 5.20) is tot die Ea-landtipe beperk in teenstelling met die ander variante wat met die Bc-landtipe geassosieer word (Figuur 2.8). Die gronde op die makrokanaalbanke is 1 200 mm diep en daar word geen bogrondse klip in hierdie areas aangetref nie. Die aktiewe kanaal vorm groot kuile water. In lokale areas verdeel die aktiewe kanaal en word enkele eilande aangetref. Die boomspesie *Combretum erythrophylum* en grasspesie *Phragmites australis* domineer die eilande.



Figuur 5.20 Houtagtige plantegroei geassosieer met 'n makrokanaalbank verteenwoordigend van die *Combretum erythrophylum-Rubus* sp. variant

Diagnostiese spesies sluit in *Rubus* sp., *Combretum* sp., *Solanum mauritianum*, *Helinus integrifolius* en *Priva meyeri* var. *meyeri* (Spesiegroep 12, Tabel 5.1, Aanhangsel 2). *Solanum mauritianum* is 'n verklaarde onkruid. Die verspreiding van die spesie in die Olifantsriviersisteem is egter baie beperk. Slegs enkele individue is aangeteken. *Melia azedarach* is 'n sterk boomkompeteerder in die variant.

Dié variant het 'n totale gemiddelde houtagtige kroonbedekking van 16% waarvan die boomspesie *Melia azedarach* in totaal 7% bydrae. Die boomspesie is in 'n fase van ernstige verdigting en kompeteer negatief met die ander oewerbosspesies. Die aggressiewe beheer van *Melia azedarach* is noodsaaklik. *Sesbania punicea* (sterk struikkompeteerder) met 'n totale gemiddelde kroonbedekking van 3% is ook 'n wesenlike probleem.



Figuur 5.21 Die totale gemiddelde kroonbedekkings van die onderskeie groeivorms wat in die *Combretum erythrophylum-Rubus* sp.-variant aangetref word

Die *Combretum erythrophylum-Rubus* sp.-variant het 'n totale gemiddelde kroonbedekking van 72% (Figuur 5.21). Die houtagtige komponent dra 34% by tot die totale gemiddelde kroonbedekking van die variant.

5.2.4b *Combretum erythrophylum-Teramnus labialis* subsp. *labialis*-variant (variant 4.2)

Die *Combretum erythrophylum-Teramnus labialis* subsp. *labialis*-variant (Figuur 5.22) word op makrokanaalbanke waarvan die gronddiepte varieer van 300 mm tot 1 000 mm, aangetref. Die rivier word aan aktiewe- en seisoenale kanale met volop spoelklippe gekenmerk. Die grasspesie *Phragmites australis* vorm bree stroke teenaan die waterrand en domineer die aktiewe kanaal deposito's en laerliggende gedeeltes van die makrokanaalbanke.


Ander plantspesies wat op die laerliggende vogtiger aktiewe kanaal deposito's aangetref word is die grasse *Echinochloa crus-galli*, *Ischaemum fasciculatum*, *Hemarthria altissima*, *Bothriochloa bladhii* en biesies *Cyperus latifolius*, *Cyperus sexangularis*, *Typha capensis*, *Pycrus polystachyos* var. *polystachyos* en die kruid *Polygonum meisnerianum*.



Figuur 5.22 'n Tipiese *Phragmites australis* randeffek soos geassosieer met die *Combretum erythrophyllum-Teramus labialis* subsp. *labialis*-variant

Die oewerbos is baie ruig en die bome en struiken se krone oorvleuel tot so 'n mate dat weinig sonlig die grond bereik. *Melia azedarach* (sterk kompeteerder), *Acacia galpinii* en *Ziziphus mucronata* subsp. *mucronata* (matige kompeteerders) is die dominante boomspesies met gemiddelde kroonbedekking van onderskeidelik 10%, 4% en 4%. Sterk kompeteerder struiken sluit in *Diospyros lycioides* subsp. *sericea* en *Sesbania punicea*. Die struikspesie *Sesbania punicea* het 'n gemiddelde kroonbedekking van 3% in die variant. Ander ongewenste spesies in die variant teenwoordig is *Lantana camara* en *Ricinus communis*.

Die *Combretum erythrophyllum-Teramus labialis* subsp. *labialis*-variant het 'n totale gemiddelde kroonbedekking van 104% (Figuur 5.23). Die ongewenste plantspesies *Melia azedarach*, *Sesbania punicea*, *Ricinus communis*, *Lantana camara* en *Morus alba* dra ongeveer 13% by tot die totale kroonbedekking van die variant.




Figuur 5.23 Die totale gemiddelde kroonbedekkings van die onderskeie groeivorms wat in die *Combretum erythrophylum-Teramnus labialis* subsp. *labialis*-variant aangetref word

5.2.4c *Combretum erythrophylum-Schistostephium heptalobum*-variant (variant 4.3)


Die *Combretum erythrophylum-Schistostephium heptalobum*-variant (Figuur 5.24) word op makrokanaalbanke gekenmerk aan 1 200 mm diep gronde, aangetref. ‘n Bogrondse klipbedekking op die banke is afwesig. Die rivier vorm groot kuile en enkele seisoenale kanale word aangetref. Groot rotse en volop spoeklippe kom in die aktiewe kanaalbed voor. Landerye strek tot teenaan die makrokanaal en in sommige gevalle is daar slegs ‘n smal strook oewerbos teenwoordig. Die grasspesie *Phragmites australis* vorm breë stroke weerskante van die aktiewe kanaal en domineer tesame met *Hemarthria altissima*, *Cyperus latifolius*, *Cyperus longus* var. *temuiflorus*, *Scirpus burkei*, *Cyperus sexangularis*, *Typha capensis* en *Cyperus fastigiatus* die laerliggende vogtiger aktiewe kanaal deposito’s.

Die oewerbos is minder ruig as in die geval van die *Combretum erythrophylum-Teramnus labialis* subsp. *labialis*-variant. Die boomstratum van die variant word deur *Combretum erythrophylum* (sterk kompeteerder), *Acacia galpinii*, *Melia azedarach* en *Acacia karroo* gedomineer.



Figuur 5.24 *Combretum erythrophyllum-Schistostephium heptalobum*-variant

Die boomspesie *Melia azedarach* se gemiddelde kroonbedekking is egter aansienlik laer (1%) as by variente 4.1 en 4.2. Dominante struikspesies sluit in *Flueggea virosa* subsp. *viresa* (sterk kompeteerder), *Pavetta lanceolata* en *Maytemus heterophylla*. Die dwergstruikspesie *Rubus cuneifolius* en kruidspesies *Schistostephium heptalobum*, *Ludwigia octovalvis* subsp. *octovalvis* en *Cardiospermum grandiflorum* is diagnosties vir die variant (Spesiegroep 18, Tabel 5.1, Aanhangsel 2).



Figuur 5.25 Die totale gemiddelde kroonbedekkings van die onderskeie groeivorms wat in die *Combretum erythrophyllum-Schistostephium heptalobum*-variant aangetref word

Die *Combretum erythrophylum-Schistostephium heptalobum*-variant het 'n totale gemiddelde kroonbedekking van 73% (Figuur 5.25). In teenstelling met variant 4.2 waar die houtagtige komponent 'n gemiddelde kroonbedekking van 50% getoon het, toon die houtagtige komponent van hierdie variant 'n gemiddelde kroonbedekking van slegs 22%.

5.2.4d *Combretum erythrophylum-Tephrosia polystachya*-variant (variant 4.4)

Die *Combretum erythrophylum-Tephrosia polystachya*-variant (Figuur 5.26) word met daardie gedeeltes van die rivier, gekenmerk aan redelik steil makrokanaalbanke en gronde van 1 200 mm diep, geassosieer. Die kanaalbed is klipperig en rotsblokke, spoelklippe en alluviale deposito's word algemeen aangetref. Klippe bo-op die makrokanaalbanke is, met die uitsondering van enkele groot rotsblokke in geïsoleerde areas, grotendeels afwesig.




Figuur 5.26 'n Dwarssnee van die Olifantsrivier verteenwoordigend van variant 4.4 illustreer rots en sandbanke in die aktiewe kanaalbed met geassosieerde plantegroei

Die grasspesie *Phragmites australis* vorm 'n breë strook en domineer die waterrand en laerliggende vogtiger aktiewe kanaal deposito's. Boom- en struikspesies wat die hoërliggende aktiewe kanaal deposito's en makrokanaalbanke domineer sluit in *Combretum erythrophylum*, *Acacia galpinii*, *Acacia karroo*, *Melia azedarach*, *Maytemus heterophylla*, *Flueggea virosa* subsp. *virosa*, *Pavetta lanceolata* en *Diospyros lycioides* subsp. *sericea*. Die

grasspesies *Panicum maximum*, *Setaria verticillata* en *Dactyloctenium giganteum* is oorwegend tot die ruier skaduryke gedeeltes beperk, terwyl *Urochloa mosambicensis*, *Enneapogon scoparius*, *Schmidtia pappophoroides*, *Melinis repens*, *Heteropogon contortus* en *Eragrostis curvula* op die meer ontblote areas in die makrokanaalbanke aangetref word.

Die diagnostiese spesies van dié variant is *Tephrosia polystachya*, *Cleome hirta*, *Alternanthera sessilis* en *Richardia brasiliensis* (Spesiegroep 20, Tabel 5.1, Aanhangsel 2). Laasgenoemde twee spesies dui op versteuring in die variant. Hierdie variant word gekenmerk aan 'n hoë kruidbedekking (23%) (Figuur 5.27) in verhouding met die ander variante van plantgemeenskap 4. In sekere areas word insnydings en donga-erosie in die makrokanaalbanke aangetref. Die teenwoordigheid van die kruidspesies *Alternanthera pungens* (sterk kompeteerder), *Tagetes minuta*, *Agremone mexicana*, *Cirsium vulgare*, *Schkuhria pinnata* en *Tribulus terrestris* domineer bepaalde areas van die banke in terme van bedekking en dui op versteuring.




Figuur 5.27 Die totale gemiddelde kroonbedekkings van die onderskeie groeivorms wat in die *Combretum erythrophylum*-*Tephrosia polystachya*-variant aangetref word

Die *Combretum erythrophylum*-*Tephrosia polystachya*-variant het 'n totale gemiddelde kroonbedekking van 90% (Figuur 5.27).

5.2.4e *Combretum erythrophyllum-Tamarix chinensis*-variant (variant 4.5)

Die *Combretum erythrophyllum-Tamarix chinensis*-variant (Figuur 5.28) is tot die bo-lope van Arabiedam in die omgewing van die Schuinsdraai-natuurreservaat beperk. Die houtagtige komponent van die makrokanaal het grotendeels as gevolg van die invloed van die hoogwatermerk van die dam gevrek en dooie bome is orals sigbaar. Houtagtige plantspesies wat tans met die makrokanaalbank assosieer is nie tipies soos die houtagtige plantspesies aangetref in plantgemeenskap 4 nie. Die groot areas tussen die oorspronklike aktiewekanaal en die hoogwatermerk indien die dam vol is (Figuur 5.28), word gekenmerk aan die dominansie van die grasse *Cynodon dactylon*, *Eragrostis lehmanniana* en pionierskruide *Tagetes minuta*, *Tribulus terrestris* en *Conyza albida*. Die floristiese opnames en beskrywing fokus op die plantegroei van die makrokanaalbank. Indien floristiese opnames gedoen sou word terwyl die dam vol was sou die spesiesamestelling verskil het van die huidige in die sin dat tiiese terrestriële houtagtige savannespesies aangeteken sou word.




Figuur 5.28 Hierdie variant word met die gedeelte van die Olifantsrivier kenmerkend van die bo-lope Van Arabiedam geassosieer – die invloed van die dam is duidelik sigbaar en die houtagtige komponent is vervang met gras en kruidspesies

Die struikspesies *Sesbania punicea* (sterk kompeteerder) en *Tamarix chinensis* vorm smal digte stroke teenaan die waterrand. Die gras- en biesiespesies *Phragmites australis*, *Typha capensis*, *Cyperus fastigiatus*, *Pycrus polystachyos* var. *polystachyos*, *Cyperus sexangularis*,

Cyperus longus var. *tenuiflorus* en *Schoenoplectus tabernaemontani* is ook tot die rande van die oorspronklike aktiewe kanaal beperk.

Die grasspesies *Cynodon dactylon*, *Eragrostis lehmanniana* en kruidspesies *Conyza albida*, *Tribulus terrestris*, *Tagetes minuta*, *Datura stramonium*, *Verbena bonariensis*, *Gomphrena celosioides* en *Schkuhria pimata* domineer die versteurde makrokanaalbanke. Die struik-*Tamarix chinensis* en die biesiespesie *Schoenoplectus tabernaemontani* (Spesiegroep 24, Tabel 5.1, Aanhangsel 2) is diagnosties vir die bo-lope van Arabiedam.

Die invloed van Arabiedam weerspieël duidelik in die totale gemiddelde kroonbedekking van die variant (Figuur 5.29). Bome, struiken en dwergstruiken het 'n totale gemiddelde kroonbedekking van slegs 6%. Grasspesies met 'n gemiddelde kroonbedekking van 26% lewer by verrye die grootste bydrae tot die totale gemiddelde kroonbedekking van hierdie variant.




Figuur 5.29 Die totale gemiddelde kroonbedekkings van die onderskeie groeivorms wat in die *Combretum erythrophyllum-Tamarix chinensis*-variant aangetref word

5.2.4f *Combretum erythrophyllum-Maytenus tenuispina*-variant (variant 4.6)


Die *Combretum erythrophyllum*- *Maytenus tenuispina*-variant (Figuur 5.30) word op 1 200 mm diep gronde aangetref. Die makrokanaalbanke word aan die afwesigheid van 'n bogrondse klipbedekking gekenmerk. Die rivierloop vertak om 'n tweede aktiewe kanaal te vorm en eilande met 'n houtagtige komponent word aangetref. Die boomspesie *Faidherbia albida* domineer die boomstratum op die eilande.

Die aktiewe kanaalbed is breed en plat met verskeie alluviale deposito's. Die grasspesie *Phragmites australis* vorm 'n randeffek weerskante van die aktiewe- en in sommige gevalle die seisoenale kanale. Gedeeltes van die oewerbos geassosieer met die makrokanaalbanke en verteenwoordigend van die variant is totaal verwijder. Die bome en struiken is uitgekap en vervang met takkrale vir vee. Hierdie takkrale strek tot teenaan die aktiewe kanaal deposito's en in sommige gevalle het die makrokanaalbanke weggebrokkel. Die onvermoë van die gedegradeerde plantegroei in hierdie areas om die makrokanaalbanke te stabiliseer asook die groot ontblote grondoppervlaktes waar geen plantegroei teenwoordig is nie, lei tot en word geïllustreer deur die teenwoordigheid van donga-erosie.



Figuur 5.30 *Combretum erythrophyllum-Maytenus tenuispina*-variant; let op die lae houtagtige bedekking en ontblote areas te wyte aan die versameling van brandhout en selfonderhoudbare landbou-aktiwiteite

Die boomstratum van hierdie variant word deur *Combretum erythrophylum*, *Acacia karroo*, *Ziziphus mucronata* subsp. *mucronata* en tot 'n mindere mate *Faidherbia albida* en *Acacia tortilis* gedomineer. Algemene struikspesies sluit in *Maytemus heterophylla* (sterk kompeteerder) en *Diospyros lycioides* subsp. *sericea*. Gras- en biesiespesies wat met die laerliggende vogtiger alluviale deposito's, maar veral met die aktiewe kanaal deposito's geassosieer is, is *Bothriochloa bladhii*, *Hemarthria altissima*, *Phragmites australis*, *Typha capensis* en *Cyperus sexangularis*.




Figuur 5.31 Die totale gemiddelde kroonbedekkings van die onderskeie groeivorms wat in die *Combretum erythrophylum*-*Maytemus tenuispina*-variant aangetref word

Die kruidspesies *Xanthium strumarium* en *Datura stramonium* is tot die seisoenale kanale en kanaaldeposito's beperk. Die diagnostiese spesie met die hoogste bedekking en konstandheid is die dwergstruik *Maytemus tenuispina* (Spesiegroep 27, Tabel 5.1, Aanhangsel 2).

Die *Combretum erythrophylum-Maytemus tenuispina*-variant het 'n totale gemiddelde kroonbedekking van 47% (Figuur 5.31). Die relatief lae bedekking van die oewerbos kan grootliks toegeskryf word aan versturing, onder ander die uitkap van die houtagtige komponent tydens die versameling van brandhout en die maak van takkrale.


5.2.5 *Acacia mellifera-Urochloa mosambicensis*-boomveld (plantgemeenskap 5)

Die *Acacia mellifera-Urochloa mosambicensis*-boomveld (Figuur 5.32) word deur drie relevès verteenwoordig en word in daardie gedeelte van die Olifantsrivier noord van die Pietersburg/Burgersfort nasionale pad aangetref (Figuur 5.1). Dié plantgemeenskap is tot die verspreiding van geologiese gesteentes van die Kompleks Bosveld, Gelaagde Suite Rustenburg (Figuur 2.6) beperk. Die rivier, wat in 'n oostelike rigting vloei, word aan 'n enkele aktiewe kanaal gekenmerk. Die golwende aktiewe kanaal deposito's weerskante van die rivierbed word deur die grasspesie *Phragmites australis* en tot 'n mindere mate deur die kruidspesies *Xanthium strumarium* en *Verbesina encelioides* var. *encelioides* gedomineer.



Figuur 5.32 *Acacia mellifera – Urochloa mosambicensis*-boomveld word op gesteentes van die Kompleks Bosveld aangetref

Die gronde op die makrokanaalbanke is 1 200 mm diep en geen klip word op die banke aangetref nie. Groot gedeeltes van die omliggende terrestriële veld is ontbos en word aangewend vir informele gewasverbouing (Figuur 5.33). Gedeeltes van die makrokanaalbanke is erg versteur met ontblote grondoppervlakte en die toestand van die plantegroei op die banke suggereer intensieve beweiding.



Figuur 5.33 Skematische voorstelling van die rivierprofiel van die *Acacia mellifera-Urochloa mosambicensis*-boomveld

Die houtagtige komponent geassosieer met die makrokanaalbanke word gedomineer deur die boomspesies *Acacia karroo*, *Croton megalobotrys*, *Ziziphus mucronata* subsp. *mucronata* en struikspesies *Acacia mellifera*, *Rhus pyroides* var. *pyroides* en *Diospyros lycioides* subsp. *sericea* (Tabel 5.2). Die grasspesies *Panicum maximum*, *Brachiaria deflexa* en kruide *Achyranthes aspera* var. *aspera* en *Justicia flava* word met die skaduryke areas in die oewerbos geassosieer, terwyl *Cynodon dactylon*, *Eragrostis pseudosclerantha*, *Tragus berteronianus*, *Tribulus terrestris*, *Alternanthera pungens* en *Portulaca quadrifida* beperk is tot die minder ruie oop gedeeltes op die makrokanaalbanke.

Tabel 5.11 Diagnostiese spesies van die *Acacia mellifera-Urochloa mosambicensis*-boomveld (G.K.B. – gemiddelde persentasie kroonbedekking).

Spesienaam	Groeivorm	Konstandheid (%)	G.K.B. (%)
<i>Acacia mellifera</i>	S	67	1
<i>Gisekia pharnacioides</i> var. <i>pharnacioides</i>	K	100	1
<i>Tragia rupestris</i>	K	100	<1
<i>Pavonia senegalensis</i>	K	67	<1
<i>Coccinia rehmannii</i>	K	67	<1

B – boom; S – struik; D – dwergstruik; K – kruid; G - gras


Diagnostiese spesies van die oewerbosgemeenskap sluit in die struik *Acacia mellifera* en kruide *Gisekia pharnacioides* var. *pharnacioides*, *Tragia rupestris*, *Pavonia senegalensis* en *Coccinia rehmannii* (Spesiegroep 3, Tabel 5.1, Aanhangsel 2).

Die makrokanaalbanke word in lokale areas aan die feitlik afwesigheid van 'n gras- en kruidstratum, oop grondkolle en die voorkoms van donga-erosie gekenmerk. Die hoë gemiddelde kroonbedekking van die sterk kompeterende kruidspesies *Tribulus terrestris* en *Alternanthera pungens* bevestig die versteuring van die makrokanaalbanke (Tabel 5.12).

Tabel 5.12 Gemeenskapsamestellings-analise van die *Acacia mellifera-Urochloa mosambicensis*-boomveld

Groeivorm	Spesienaam	Konstandheid (%)	Gemiddelde % kroonbedekking
Bome	Sterk kompeteerder <i>Acacia karoo</i>	100	6
	Matige kompeteerders <i>Acacia tortilis</i>	33	<1
	<i>Croton megalobotrys</i>	100	3
	Swak kompeteerder <i>Ziziphus mucronata</i> subsp. <i>mucronata</i>	100	2
Struik	Sterk kompeteerders <i>Diospyros lycioides</i> subsp. <i>sericea</i>	100	3
	<i>Rhus pyroides</i> var. <i>pyroides</i>	100	2
	Matige kompeteerders <i>Acacia mellifera</i>	67	1
	<i>Maytenus heterophylla</i>	100	<1
Dwergstruik	<i>Grewia flavescens</i> var. <i>flavescens</i>	100	<1
	Sterk kompeteerder <i>Senna occidentalis</i>	67	<1
	Matige kompeteerder <i>Verbesina encelioides</i> var. <i>encelioides</i>	67	<1
	Sterk kompeteerder <i>Urochloa mosambicensis</i>	67	2
Grasse	Matige kompeteerders <i>Cynodon dactylon</i>	100	2
	<i>Eragrostis pseudosclerantha</i>	100	2
	<i>Digitaria eriantha</i>	67	<1
	<i>Tragus berteronianus</i>	100	1
	<i>Panicum maximum</i>	100	1
	<i>Brachiaria deflexa</i>	67	<1
	<i>Phragmites australis</i>	100	1
	Swak kompeteerder <i>Urochloa panicoides</i>	100	<1
	Sterk kompeteerders <i>Tribulus terrestris</i>	100	3
Kruide	<i>Alternanthera pungens</i>	33	2
	Matige kompeteerders <i>Xanthium strumarium</i>	100	1
	<i>Gisekia pharnacioides</i> var. <i>pharnacioides</i>	100	1
	<i>Portulaca quadrifida</i>	33	<1
	<i>Cleome angustifolia</i> subsp. <i>petersiana</i>	33	<1
	<i>Justicia flava</i>	67	<1
	<i>Coccinia rehmannii</i>	67	<1
	<i>Achyranthes aspera</i> var. <i>aspera</i>	100	<1

Die *Acacia mellifera-Urochloa mosambicensis*-boomveld het 'n totale gemiddelde kroonbedekking van 47% (Figuur 5.34). Die relatief lae bedekking kan aan die gedeeltelike ontbossing en intensiewe benutting van die plantegroei geassosieer met die makrokanaalbanke toegeskryf word.



Figuur 5.34 Diagramatiese voorstelling van die gemeenskapstruktuur met die gemiddelde kroon- en proporsionele bedekkings van die *Acacia mellifera-Urochloa mosambicensis*-boomveld

5.2.6 *Schotia brachypetala-Panicum maximum*-boomveld (plantgemeenskap 6)


Die *Schotia brachypetala-Panicum maximum*-boomveld (Figuur 5.35) word deur 30 relevès verteenwoordig en is kenmerkend van daardie gedeelte van die Olifantsriviersisteem in Sekhukhuneland vanwaar die rivier deur die Strydpoort- en Drakensberge vloei tot voordat die rivier die bergagtige landskap in die omgewing van die J.G. Srydomtonnel verlaat (Figuur 5.1). Die rivier vloei kronkelend deur die ruwe bergagtige landskap op hoogtes bo seespieël van 600 meter tot 750 meter. Die Steelpoort-Olifantsrivier samevloeiing word in hierdie gemeenskap ingesluit.



Figuur 5.35 'n Gedeelte van die *Schotia brachypetala-Panicum maximum*-boomveld geassosieer met die makro-kanaalbanke van die Olifantsrivier in die bergagtige landskap stroom-op van Manoutsapark

Landtipe-inligting ontbreek vir 'n gedeelte van die rivier gekenmerk aan hierdie plantgemeenskap. Die Ae- en Ib-landtipes (Figuur 2.8) is egter kenmerkend vir die grootste gedeelte van die rivier met hierdie boomveld geassosieer. Die geologie van die bergagtige landskap is heterogeen en die rivier word aan geologiese gesteentes afkomstig van Opeenvolging Transvaal, Groep Pretoria en Chuniespoort, Kompleks Bosveld – Gelaagde Suite Rustenburg en eoliese sand (Figuur 2.6) gekenmerk. Die gronde op die makrokanaalbanke is 400 mm tot 1 200 mm diep.

Die makrokanaal is breër as 200 meter (Figuur 5.36). Weerskante van die aktiewe- en seisoenale kanale word diep kanaaldeposito's in die vorm van alluviale sande en



Figuur 5.36 Skematische voorstelling van die rivierprofiel van die *Schotia brachypetala-Panicum maximum*-boomveld

slikneerleggings aangetref. Die kanaalbed is oor die algemeen klipperig, terwyl 'n bogrondse klipbedekking bo-op die makrokanaalbanke, met die uitsondering van enkele geïsoleerde areas, afwesig is.

Die rivier vertak in sekere areas om verskeie kanale met eilande te vorm. Die eilande word deur die boomspesies *Faidherbia albida*, *Ficus sycomorus*, *Combretum erythrophyllum*, *Ziziphus mucronata* subsp. *mucronata* en die struikspesies *Flueggea virosa* subsp. *virosa* en *Ficus capreifolia* gedomineer. Enkele alluviale deposito's in die aktiewe kanaalbed word deur die grasspesie *Phragmites australis* gedomineer.

Intensieve selfonderhoudende landbou-aktiwiteite het veroorsaak dat hierdie gedeelte van die Olifantsriviersisteem tot 'n groot mate reeds karakter verloor het. Die oewersone geassosieer met die makrokanaalbanke word aan smal ontboste areas gekenmerk. Takkale en landerye strek tot teenaan die kanaal en donga-erosie word aangetref. Die destabilisering van die makrokannalbanke as gevolg van bogenoemde aktiwiteite veroorsaak dat die banke op verskeie plekke reeds ingeval en/of deur vloedwater meegesleur is. Die onoordeelkundige versameling van brandhout en sand impakteer negatief op die stabiliseringssrol van die makrokanaalbanke van dié gedeelte van die Olifantsrivier. Dele van die makrokanaal word intensief deur vee benut. Daar word verder op 'n nie-selektiewe wyse van visfuite en nette in hierdie gedeelte van die rivier gebruik gemaak om vis te vang.

Die laerliggende matig golwende vogtiger kanaaldeposito's, geassosieer met die grootste gedeelte van die rivier verteenwoordigend van die plantgemeenskap, word deur *Xanthium strumarium*, *Nicotiana glauca*, *Verbesina encelioides* var. *encelioides*, *Ricinus communis*, *Flaveria bidentis* en *Phragmites australis* gedomineer. Die diagnostiese spesies van dié boomgemeenskap word in Spesiegroep 33, Tabel 5.1, Aanhangsel 2 en Tabel 5.13 weergegee.

Tabel 5.13 Diagnostiese spesies van die *Schotia brachypetala-Panicum maximum*-boomveld (G.K.B. – gemiddelde persentasie kroonbedekking).

Spesienaam	Groeivorm	Konstandheid (%)	G.K.B. (%)
<i>Schotia brachypetala</i>	B	33	<1
<i>Paspalum distichum</i>	G	43	<1
<i>Cleome rubella</i>	K	30	<1

B – boom; S – struik; D – dwerkstruik; K – kruid; G - gras


Die boomstratum wat kenmerkend van die makrokanaalbank word onder andere aan die teenwoordigheid van die boomspesies *Ficus sycomorus*, *Diospyros mespiliformis*, *Breonadia salicina*, *Faidherbia albida*, *Croton megalobotrys*, *Lonchocarpus capassa*, *Ziziphus mucronata* subsp. *mucronata* en *Schotia brachypetala* gekenmerk. *Acacia ataxacantha*, *Rhus pyroides* var. *pyroides* en *Maytenus heterophylla* is sterk kompeterende struikspesies in die oewerbos (Tabel 5.14). Die graslaag in die skadu van die oewerbos word deur *Panicum maximum* gedomineer, terwyl *Cynodon dactylon* die oop areas op die banke domineer.

Tabel 5.14 Gemeenskapsamestellings-analise van die *Schotia brachypetala-Panicum maximum*-boomveld

Groeivorm	Spesienaam	Konstandheid (%)	Gemiddelde % kroonbedekking
Bome	Sterk kompeteerders		
	<i>Ficus sycomorus</i>	40	2
	<i>Diospyros mespiliformis</i>	43	2
	<i>Breonadia salicina</i>	13	<1
	Matige kompeteerders		
	<i>Faidherbia albida</i>	43	1
	<i>Croton megalobotrys</i>	67	2
	<i>Lonchocarpus capassa</i>	37	1
	<i>Nicotiana glauca</i>	90	2
Struiken	<i>Acacia karroo</i>	30	<1
	<i>Ziziphus mucronata</i> subsp. <i>mucronata</i>	70	2
	<i>Schotia brachypetala</i>	33	<1
Dwergstruiken	Swak kompeteerder		
	<i>Acacia tortilis</i>	43	<1
Grasse	Sterk kompeteerders		
	<i>Acacia ataxacantha</i>	60	2
	<i>Rhus pyroides</i> var. <i>pyroides</i>	50	1
	<i>Maytenus heterophylla</i>	80	2
	Matige kompeteerders		
	<i>Carissa bispinosa</i> subsp. <i>zambesiensis</i>	33	<1
	<i>Plectroniella armata</i>	43	<1
	<i>Hippocratea longipetiolata</i>	43	<1
	Swak kompeteerder		
Kruide	<i>Verbesina encelioides</i> var. <i>encelioides</i>	70	<1
	Sterk kompeteerders		
Grasse	<i>Panicum maximum</i>	100	3
	<i>Phragmites australis</i>	90	2
	<i>Cynodon dactylon</i>	97	2
	Swak kompeteerder		
	<i>Urochloa mosambicensis</i>	97	<1
Kruide	Sterk kompeteerder		
	<i>Xanthium strumarium</i>	97	6
	Matige kompeteerders		
Grasse	<i>Achyranthes aspera</i> var. <i>aspera</i>	70	<1
	<i>Flaveria bidentis</i>	83	<1

Die totale gemiddelde kroonbedekking van die *Schotia brachypetala-Panicum maximum*-boomveld is 52% (Figuur 5.37). Die ontbossing van die houtagtige komponent dra by tot dié

relatief lae gemiddelde kroonbedekking. Die houtagtige komponent domineer, ondanks die ontbossing, die graslaag en toon 'n proporsionele kroonbedekking van 60%. Daar is drie variante in die boomveldgemeenskap geïdentifiseer.




Figuur 5.37 Diagramatiese voorstelling van die gemeenskapstruktuur met die gemiddelde kroon- en proporsionele bedekkings van die *Schotia brachypetala-Panicum maximum*-boomveld

5.2.6a *Schotia brachypetala-Carissa bispinosa* subsp. *zambesiensis*-variant (variant)

6.1)

Die *Schotia brachypetala-Carissa bispinosa* subsp. *zambesiensis*-variant (Figuur 5.38) word aangetref op gronde wat van 900 mm tot 1 200 mm diep varieer. Die makrokanaalbanke word aan die afwesigheid van 'n bogrondse klipbedekking gekenmerk en opvallende insnydings en donga-erosie kom algemeen op die banke voor.




Figuur 5.38 'n Voorbeeld van die houtagtige komponent met onkruid gedomineerde aktiewe kanaal deposito's in die voorgrond soos aangetref in die *Schotia brachypetala-Carissa bispinosa* subsp. *zambesiensis*-variant

Die rivier varieer van 'n enkele aktiewe kanaal tot verskeie kanale met eilande van tot 80 meter breed. 'n Goedgevestigde houtagtige komponent, gedomineer deur die boomspesie *Faidherbia albida*, is teenwoordig op die eilande. Diagnostiese spesies sluit onder andere in die struikspesies *Carissa bispinosa* subsp. *zambesiensis* en *Scholopia zeyheri* (Spesiegroep 34, Tabel 5.1, Aanhangsel 2).

Die boom- en struikstratum van die variant word deur *Faidherbia albida*, *Ziziphus mucronata* subsp. *mucronata*, *Acacia ataxacantha*, *Rhus pyroides* var. *pyroides* en *Carissa bispinosa* subsp. *zambesiensis* gedomineer, terwyl die graslaag deur *Panicum maximum*, *Phragmites australis* (geassosieer met die laerliggende aktiewe kanaaldeposito's), *Cynodon dactylon* en *Paspalum distichum* gedomineer word. Die verklaarde onkruid *Xanthium strumarium* is 'n sterk kompeteerder met 'n gemiddelde kroonbedekking van 8%. Die aktiewe kanaal

deposito's, alluviale deposito's in die kanaalbed en seisoenale kanale word deur hierdie kruidspesie gedomineer.



Figuur 5.39 Die totale gemiddelde kroonbedekkings van die onderskeie groeivorms wat in die *Schotia brachypetala-Carissa bispinosa* subsp. *zambesiensis*-variant aangetref word

Die *Schotia brachypetala-Carissa bispinosa* subsp. *zambesiensis*-variant het 'n totale gemiddelde kroonbedekking van 55% (Figuur 5.39). Die houtagtige komponent dra 29% by tot die totale gemiddelde kroonbedekking van hierdie variant.

5.2.6b *Schotia brachypetala-Euphorbia tirucalli*-variant (variant 6.2)

Die *Schotia brachypetala-Euphorbia tirucalli*-variant (Figuur 5.40) word met daardie gedeeltes van die Olifantsrivier, waar die makrokanaalbanke verteenwoordig word deur steil klipperige voethange, geassosieer. Medium tot groot klippe bedek tot 60% van die grondoppervlak en gronde varieer van 300 mm tot 400 mm diep.

Die klipperige kanaal verdeel om aktiewe- en 'n seisoenale kanaal te vorm. Die diagnostiese spesies (Spesiegroep 37, Tabel 5.1, Aanhangsel 2) sluit grotendeels terrestriële savanne plantspesies in. Die laerliggende gedeeltes van die makrokanaalbank aangrensend die aktiewe kanaal word deur die boomspesies *Lonchocarpus capassa*, *Acacia nigrescens* en *Schotia brachypetala* gedomineer. *Euphorbia tirucalli*, *Commiphora glandulosa*, *Commiphora*


africana var. *africana* en *Aloe globuligemma* word met die hoëliggende droër areas op die banke geassosieer.



Figuur 5.40 'n Voorbeeld van 'n gedeelte van die houtagtige plantegroei kenmerkend van die *Schotia brachypetala-Euphorbia tirucalli*- variant – let op die hoë bogrondse klipbedekking geassosieer met die riviersisteem in hierdie area

Dominante grasspesies sluit in *Panicum maximum*, *Urochloa mosambicensis*, *Cynodon dactylon* en *Brachiaria deflexa*. Die sterk kruid kompeteerder *Xanthium strumarium*, geassosieer met die alluviale deposito's en kanaaldeposito's, het 'n gemiddelde kroonbedekking van minder as een persent. Die bedekking van dié kruid is aansienlik laer as by die *Schotia brachypetala-Carissa bispinosa* subsp. *zambesiensis*-variant.

Die *Schotia brachypetala-Euphorbia tirucalli*-variant het 'n totale gemiddelde kroonbedekking van 49% (Figuur 5.41). Die houtagtige komponent dra 29% by tot die totale gemiddelde kroonbedekking van die variant.



Figuur 5.41 Die totale gemiddelde kroonbedekkings van die onderskeie groeivorms wat in die *Schotia brachypetala-Euphorbia tirucalli* -variant aangetref word

5.2.6c *Schotia brachypetala-Maytenus heterophylla*-variant (variant 6.3)


Die *Schotia brachypetala-Maytenus heterophylla*-variant (Figuur 5.42) word op gronde wat van 500 mm tot 1 200 mm diep varieer, aangetref. In sommige areas is 'n bogrondse klipbedekking op die makrokanaalbanke afwesig, terwyl bogrondse klipbedekkings van tot 30% in ander areas aangeteken is.



Figuur 5.42 Onkruid gedomineerde aktiewe kanaal deposito's gedeeltelik onder water

Die rivier vloei deur die bergagtige terrein na die Laeveld en lang stroomversnellings word aangetref. Die rivierbed is klipperig en word met 'n aktiewe- en seisoenale kanaal en kanaaldeposito's geassosieer. Gedeeltes van die makrokanaalbank is, soos in die geval van die *Schotia brachypetala-Carissa bispinosa* subsp. *zambesiensis*-variant, ontbos en verskeie onbewerkte landjies aangetref op die banke word deur onkruid gedomineer.

Enkele alluviale deposito's in die aktiewe kanaalbed word deur die grasspesie *Phragmites australis* gedomineer, terwyl die seisoenale kanale en aktiewe kanaaldeposito's oorwegend deur *Xanthium strumarium*, *Nicotiana glauca* en *Verbesina encelioides* var. *encelioides* gedomineer word. Die grasspesies *Panicum maximum*, *Brachiaria deflexa* en *Setaria sagittifolia* word met die skadu van die ruie oewerbos op die makrokanaalbanke geassosieer. Die grasspesies *Cynodon dactylon*, *Eragrostis pseudosclerantha*, *Urochloa mosambicensis* en *Tragus berteronianus* domineer die oop droër gedeeltes van die makrokanaalbanke.




Figuur 5.43 Die totale gemiddelde kroonbedekkings van die onderskeie groeivorms wat in die *Schotia brachypetala-Maytenus heterophylla*-variant aangetref word

Die *Schotia brachypetala-Maytenus heterophylla*-variant het 'n gemiddelde kroonbedekking van 49% (Figuur 5.43). Die houtagtige komponent dra 32% by tot die totale gemiddelde kroonbedekking van die variant.

5.2.7 *Lonchocarpus capassa-Acacia ataxacantha*-boomveld (plantgemeenskap 7)


Die *Lonchocarpus capassa-Acacia ataxacantha*-boomveld (Figuur 5.44) word deur ses relevès verteenwoordig en sluit daardie gedeelte van die Olifantsrivier vanaf die J.G. Strydomtonnel, waar die rivier die Drakensberge verlaat, tot by die plaas Portsmouth in (Figuur 5.1). Die hoogte bo seespieël varieer van ongeveer 450 meter tot 500 meter.



Figuur 5.44 Die houtagtige komponent van die *Lonchocarpus capassa-Acacia ataxacantha*-boomveld geassosieer met die makrokanaalbank - word op Makhutswi Gneis stroom-af van Manoutsa Park aangetref

Diè gedeelte van die Olifantsrivier word met die Ae-landtipe (Figuur 2.8) geassosieer en word primêr aan geologiese gesteentes bekend as Makhutswi Gneis (Figuur 2.6) gekenmerk. Gronde op die makrokanaalbanke varieer van 450 mm tot 1 200 mm diep. Die klipbedekking op die banke varieer van afwesig tot so hoog as 45%. Die makrokanaalbanke word in lokale areas aan die teenwoordigheid van groot rotsblokke gekenmerk, terwyl die aktiewe kanaalbed uitgevoer is met spoelklippe en groot rotsblokke.

Die rivier vorm 'n primêre aktiewe- en sekondêre seisoenale kanaal geskei deur alluviale deposito's met spoelklip. Die alluviale deposito's word deur die grasspesie *Phragmites australis* gedomineer. Die oewersone vorm in sekere areas 'n oewerbosstrook, moontlik 'n voormalige eiland, aangrensend die kanaalbed, gevvolg deur 'n breë strook matig golwende kanaaldeposito's. Die kruidspesies *Xanthium strumarium*, *Flaveria bidentis*, *Waltheria*



Figuur 5.45 Skematische voorstelling van die rivierprofiel van die *Lonchocarpus capassa*-*Acacia ataxacantha*-boomveld

indica, dwergstruikspesies *Verbesina encelioides* var. *encelioides* en boom *Nicotiana glauca* domineer hierdie areas.

Landbou-aktiwiteite varieer van kommersieel in die vorm van intensiewe sitrus besproeiing aan die een kant van die rivier tot selfonderhouende mielilandjies op die teenoorstaande makrokanaalbank. In die areas wat aan intensiewe sitrusverbouing gekenmerk word, is die oewerbos geassosieer met die banke deels verwijder en is wildheings tussen die oorblywende oewerbos en die boorde opgerig ten einde die beweging van seekoeie na die boorde te beperk. Dele van die oewerbos op die makrokanaalbank is ook ontbos ten einde pomphuise, waarvandaan die water vanuit die rivier na die besproeiingsdamme gepomp word, op te rig.

Tabel 5.15 Diagnostiese spesies van die *Lonchocarpus capassa-Acacia ataxacantha*-boomveld (G.K.B. – gemiddelde persentasie kroonbedekking).

Spesienaam	Groeivorm	Konstandheid (%)	G.K.B. (%)
<i>Euphorbia ingens</i>	B	33	<1
<i>Sterculia rogersii</i>	B	33	<1
<i>Tetrapogon tenellus</i>	G	33	<1
<i>Albizia versicolor</i>	B	17	<1

B – boom; S – struik; D – dwergstruik; K – kruid; G - gras

Die boomspesies *Euphorbia ingens*, *Sterculia rogersii*, *Albizia versicolor* en grasspesie *Tetrapogon tenellus* is diagnosties vir die boomgemeenskap (Spesiegroep 41, Tabel 5.1, Aanhangsel 2 & Tabel 5.15). *Diospyros mespiliformis*, *Ficus sycomorus*, *Lonchocarpus capassa*, *Acacia ataxacantha* en *Maytemus heterophylla* domineer die boom- en struikstratums (Tabel 5.2). Dominante grasspesies sluit in *Panicum maximum*, *Cynodon dactylon* en *Phragmites australis*.


Die verklaarde onkruid *Xanthium strumarium* (sterk kompeteerder, Tabel 5.16) met ‘n gemiddelde kroonbedekking van 5% is, soos in die geval van die *Schotia brachypetala-Panicum maximum*-boomveld, goed gevestig en domineer die aktiewe kanaal deposito’s en seisoenale kanale. Dié kruid moet volgens wetlike voorskrifte op alle gronde in die Republiek van Suid-Afrika beheer word. Dit is ‘n omvangryke probleem wat nie maklik beheer gaan word in die Olifantsriviersisteem nie. Die beheer van hierdie kruidspesie in die riviersisteem as sulks sal slegs ‘n korttermyn oplossing wees. *Xanthium strumarium* floreer in dele van die ernstig gedegradeerde Sekhukhuneland en saad sal deurentyd deur middel van afloopwater,

hetsey deur ander riviere, spruite of selfs erosieslote die Olifantsrivier bereik. Beheer van die spesie sal noodwendig beheer in die opvanggebied moet insluit.

Tabel 5.16 Gemeenskapsamestellings-analise van die *Lonchocarpus capassa-Acacia ataxacantha*-boomveld

Groeivorm	Spesienaam	Konstandheid (%)	Gemiddelde % kroonbedekking
Bome	Sterk kompeteerders		
	<i>Diospyros mespiliformis</i>	100	5
	<i>Ficus sycomorus</i>	100	4
	<i>Lonchocarpus capassa</i>	83	2
	Matige kompeteerders		
	<i>Trichilia emetica</i> subsp. <i>emetica</i>	50	<1
	<i>Acacia robusta</i> subsp. <i>clavigera</i>	67	<1
	Swak kompeteerder		
	<i>Nicotiana glauca</i>	100	<1
Struiken	Sterk kompeteerders		
	<i>Acacia ataxacantha</i>	67	3
	<i>Maytenus heterophylla</i>	83	1
	Matige kompeteerder		
Grasse	<i>Flueggea virosa</i> subsp. <i>virosa</i>	100	<1
	Sterk kompeteerders		
	<i>Panicum maximum</i>	100	3
	<i>Cynodon dactylon</i>	100	3
	Matige kompeteerder		
Kruide	<i>Phragmites australis</i>	100	2
	Swak kompeteerder		
	<i>Urochloa panicoides</i>	50	<1
	Sterk kompeteerder		
	<i>Xanthium strumarium</i>	100	5
	Matige kompeteerder		
	<i>Flaveria bidentis</i>	83	<1


Die totale gemiddelde kroonbedekking van die *Lonchocarpus capassa-Acacia ataxacantha*-boomveld is 43% (Figuur 5.46). Dit is belangrik om te besef dat dié syfer 'n gemiddeld verteenwoordig wat beïnvloed word deur die lae bedekkings van sekere areas waar die oewerbos uitgedun of ontbos is. In sommige areas is die gemiddelde kroonbedekkings van die plantspesies aansienlik hoër.



Figuur 5.46 Diagrammatiese voorstelling van die gemeenskapstruktuur met die gemiddelde kroon- en proporsionele bedekkings van die *Lonchocarpus capassa-Acacia ataxacantha*-boomveld


5.2.8 *Ficus sycomorus-Abutilon angulatum* var. *angulatum*-boomveld (plantgemeenskap 8)

Die *Ficus sycomorus-Abutilon angulatum* var. *angulatum*-boomveld (Figuur 5.47) word deur 14 relevès verteenwoordig en sluit daardie gedeelte van die Olifantsrivier in vanaf die plaas Carthage tot by die Mamba wagpos suid-oos van Phalaborwa waar die rivier die Nasionale Krugerwildtuin binnevloeи (Figuur 5.1). Die hoogte bo seespieël varieer van 350 meter tot 450 meter.



Figuur 5.47 'n Voorbeeld van die rivier teenwoordig van die *Ficus sycomorus-Abutilon angulatum* var. *angulatum*-boomveld wat op geologiese gesteentes bekend as Makhutswi Gneis aangetref word – alluviale deposito's vorm 'n integrale deel van die aktiewe kanaalbed

Diè boomveldgemeenskap word met die Fb-landtipe (Figuur 2.8) geassosieer en aan geologiese gesteentes bekend as Makhutswi Gneis (Figuur 2.6) gekenmerk. Gronde is oorwegend medium diep tot diep en gronddiepte varieer van 500 mm tot 1 200 mm. Die rivier varieer van 'n enkele aktiewe kanaal tot verskeie kanale in sekere areas. Hierdie gedeeltes word gekenmerk aan eilande met 'n houtagtige komponent. Die aktiewe kanaalbed word verder gekenmerk aan alluviale deposito's en aktiewe kanaaldeposito's oorwegend deur pioniersspesies en onkruid gedomineer (Figuur 5.48). Die kanaalbed word aan 'n hoë klipbedekking gekenmerk. Beide spoelklippe en groot rotse word in die kanaalbed



Figuur 5.48 Skematische voorstelling van variasies in rivierprofiel van die *Ficus sycomorus-Abutilon angulatum* var. *angulatum*-boomveld

aangetref. Die bogrondse klipbedekking van sommige makrokanaalbanke is tot so hoog as 60%, veral waar die banke met die voethange van klipkoppies geassosieer word.

Die makrokanaal is ooglopend minder versteur en vorm tesame met die terrestriële veld in die omliggende omgewing deel van natuurreservate, wildsplase en natuurareas (bewareas). Daar is 'n opmerkbare toename in seekoei en krokodil getalle en 'n verskeidenheid van wildaktiwiteite word in die makrokanaal waargeneem.

Die alluviale deposito's in die kanaalbed word oorwegend deur die grasspesie *Phragmites australis* gedomineer. Die diagnostiese spesies sluit onder ander in die bome *Cassia abbreviata* subsp. *beareana* en *Berchemia discolor* (Spesiegroep 47, Tabel 5.1, Aanhangsel 2 & Tabel 5.17).

Tabel 5.17 Diagnostiese spesies van die *Ficus sycomorus*-*Abutilon angulatum* var. *angulatum*- boomveld (G.K.B. – gemiddelde persentasie kroonbedekking).

Spesienaam	Groeivorm	Konstandheid (%)	G.K.B. (%)
<i>Abutilon angulatum</i> var. <i>angulatum</i>	K	79	<1
<i>Grewia monticola</i>	S	43	<1
<i>Sesbania bispinosa</i> var. <i>bispinosa</i>	D	57	<1
<i>Berchemia discolor</i>	B	36	<1
<i>Chloris pycnothrix</i>	G	36	<1
<i>Cassia abbreviata</i> subsp. <i>beareana</i>	B	29	<1

B – boom; S – struik; D – dwergstruik; K – kruid; G - gras


Die houtagtige komponent geassosieer met die eilande word oorwegend deur die boomspesies *Diospyros mespiliformis* en *Breonadia salicina* gedomineer. Die bome *Ficus sycomorus* (sterk kompeteerder) en *Diospyros mespiliformis* (matige kompeteerder) domineer die laerliggende banke (Tabelle 5.2 & 5.18). Die boom- en struikstratum van die hoërliggende makrokanaalbanke aangrensend aan die terrestriële veld word gedomineer deur *Spirostachys africana*, *Acacia nigrescens*, *Combretum imberbe*, *Lonchocarpus capassa*, *Croton megalobotrys*, *Acacia robusta* subsp. *clavigera*, *Grewia sulcata* var. *sulcata* en *Maytenus heterophylla* (Tabel 5.2). Die boomspesies *Berchemia discolor*, *Xanthocercis zambesiaca*, *Sclerocarya birrea* en *Lannea schweinfurthii* var. *stuhlmannii* is ook tot hierdie areas beperk.

Die plantspesies *Xanthium strumarium*, *Senna occidentalis*, *Nicotiana glauca*, *Cynodon dactylon*, *Conyza bonariensis*, *Datura stamonium* en *Flaveria bidentis* word met die aktiewe kanaaldeposito's en voormalige kanale geassosieer (Figuur 5.48).

Tabel 5.18 Gemeenskapsamestellings-analise van die *Ficus sycomorus-Abutilon angulatum* var. *angulatum*-boomveld

Groeivorm	Spesienaam	Konstandheid (%)	Gemiddelde % kroonbedekking
Bome	Sterk kompeteerders		
	<i>Ficus sycomorus</i>	100	6
	<i>Nicotiana glauca</i>	100	5
	Matige kompeteerders		
	<i>Spirostachys africana</i>	50	2
	<i>Breonadia salicina</i>	50	1
	<i>Acacia robusta</i> subsp. <i>clavigera</i>	86	3
	<i>Lonchocarpus capassa</i>	71	2
	<i>Combretum imberbe</i>	79	2
	<i>Diospyros mespiliformis</i>	86	2
Struik	<i>Acacia nigrescens</i>	79	2
	Sterk kompeteerders		
	<i>Maytemus heterophylla</i>	93	3
	<i>Ricinus communis</i>	79	2
	Matige kompeteerders		
	<i>Nuxia oppositifolia</i>	36	<1
	<i>Grewia sulcata</i> var. <i>sulcata</i>	71	1
	<i>Bridelia cathartica</i> subsp. <i>melanthesoides</i>	43	<1
	<i>Lantana camara</i>	50	<1
	<i>Flueggea virosa</i> subsp. <i>virosa</i>	71	<1
Grasse	Sterk kompeteerders		
	<i>Panicum maximum</i>	100	4
	<i>Cynodon dactylon</i>	100	3
	<i>Phragmites australis</i>	100	3
	Matige kompeteerders		
	<i>Schmidia pappophoroides</i>	43	<1
Kruide	<i>Urochloa mosambicensis</i>	100	1
	Sterk kompeteerder		
	<i>Xanthium strumarium</i>	100	3
	Matige kompeteerders		
	<i>Abutilon ramosum</i>	79	<1
	<i>Commicarpus plumbagineus</i> var. <i>plumbagineus</i>	64	<1
	<i>Flaveria bidentis</i>	100	<1

Die grasspesies *Paspalum urvillei*, *Sporobolus ioclados*, *Bothriochloa insculpta*, *Echinochloa colona*, *Hemarthria altissima* en biesiespesies *Cyperus sexangularis* en *Cyperus rotundus* subsp. *rotundus* word met die waterrand en die aktiewe kanaaldeposito's weerskante van die aktiewe kanaal geassosieer.



Figuur 5.49 Diagramatiese voorstelling van die gemeenskapstruktuur met die gemiddelde kroon- en proporsionele bedekkings van die *Ficus sycomorus-Abutilon angulatum* var. *angulatum*-boomveld

Die *Ficus sycomorus-Abutilon angulatum* var. *angulatum*-boomveld het 'n totale gemiddelde kroonbedekking van 63% (Figuur 5.49). Die proporsionele kroonbedekking van die houtagtige komponent is opvallend hoër as in die geval van plantgemeenskappe 6 en 7.

Daar is twee variante in die boomveldgemeenskap, naamlik die *Ficus sycomorus-Eragrostis aspera*-variant en die *Ficus sycomorus-Nuxia oppositifolia*-variant, geïdentifiseer. Die klipbedekking van beide die aktiewe kanaal en die makrokanaalbanke varieer binne asook tussen die variante. Die gedeelte van die rivier verteenwoordig deur die *Ficus sycomorus-Eragrostis aspera*-variant word egter oorwegend aan die voorkoms van medium tot groot klippe gekenmerk, terwyl die *Ficus sycomorus-Nuxia oppositifolia*-variant aangetref word by daardie gedeeltes van die rivier wat met rotse en rotsplate geassosieer is. Die hellings van die makrokanaalbanke waarby die *Ficus sycomorus-Nuxia oppositifolia*-variant aangetref word, is ook effens steiler.

5.2.8a *Ficus sycomorus-Eragrostis aspera*-variant (variant 8.1)

Die *Ficus sycomorus-Eragrostis aspera*-variant (Figuur 5.50) word met daardie gedeeltes van die Olifantsrivier geassosieer wat aan 'n klipperige kanaalbed gekenmerk word. Gronde van die makrokanaalbanke varieer van 500 mm tot 1 200 mm diep. Die grasspesie *Phragmites australis* domineer die alluviale deposito's in die kanaal, terwyl die boomspesies *Ficus sycomorus* en *Breonadia salicina* die houtagtige plantegroei geassosieer met die eilande domineer.

Diagnostiese spesies vir dié variant sluit in die bome *Colophospermum mopane*, *Ficus abutilifolia* en grasse *Eragrostis aspera* en *Eleusine coracana* subsp. *africana* (Spesiegroep 48, Tabel 5.1, Aanhangsel 2). Die boomstratum van die oewerbos word deur *Ficus sycomorus*, *Acacia robusta* subsp. *clavigera* (beide sterk kompeteerders), *Acacia nigrescens*, *Combretum imberbe*, *Lonchocarpus capassa*, *Diospyros mespiliformis* en *Croton megalobotrys* gedomineer.


Maytenus heterophylla (sterk kompeteerder), *Grewia sulcata* var. *sulcata* en *Lantana camara* is die struikspesies met die hoogste bedekkings. Die verklaarde onkruid *Lantana camara* is

by vyf van die persele aangeteken. Huidiglik is die gemiddelde kroonbedekking van dié struikspesie minder as 1%. Wetgewing vereis egter dat die spesie beheer moet word.



Figuur 5.50 'n Voorbeeld van die aktiewe kanaalbed met alluviale deposito's en eilande geassosieer met die *Ficus sycomorus-Eragrostis aspera*-variant

Die matig golwende aktiewe kanaaldeposito's word deur die verklaarde onkruide *Nicotiana glauca*, *Xanthium strumarium* en die verklaarde uitheemse indringer *Ricinus communis* gedomineer. Hierdie drie spesies het gemiddelde kroonbedekkings van onderskeidelik 6%, 3% en 3%.



Figuur 5.51 Die totale gemiddelde kroonbedekkings van die onderskeie groeivorms wat in die *Ficus sycomorus-Eragrostis aspera*-variant aangetref word

Die dominante grasspesies is *Panicum maximum*, *Cynodon dactylon*, *Phragmites australis*, *Urochloa mosambicensis* en *Schmidtia pappophoroides*. Grasspesies oorwegend met die waterrand en laerliggende gedeeltes van die aktiewe kanaaldeposito's geassosieer is *Sporobolus ioclados*, *Sporobolus pyramidalis*, *Bothriochloa insculpta*, *Hemarthria altissima*, *Echinochloa colona*, *Paspalum distichum* en *Paspalum urvillei*.

Die *Ficus sycomorus-Eragrostis aspera*-variant het 'n totale gemiddelde kroonbedekking van 65%, waarvan die houtagtige komponent met 'n totale gemiddelde kroonbedekking van 41% die grootste bydrae lewer (Figuur 5.51).

5.2.8b *Ficus sycomorus-Nuxia oppositifolia*-variant (variant 8.2)

Die *Ficus sycomorus-Nuxia oppositifolia*-variant (Figuur 5.52) word, soos die *Ficus sycomorus-Eragrostis aspera*-variant, met daardie gedeelte van die Olifantsrivier in die Laeveld gekenmerk aan 'n klipperige kanaalbed, breë aktiewe kanaal deposito's en eilande geassosieer. Die boomspesies *Ficus sycomorus* en *Breonadia salicina* domineer die houtagtige komponent op dié eilande.




Figuur 5.52 'n Onkruid gedomineerde voormalige kanaal geassosieer met die *Ficus sycomorus-Nuxia oppositifolia*-variant

Die plantspesies *Nuxia oppositifolia*, *Machura africana*, *Lippia javanica*, cf. *Cocculus* sp. en *Manilkara mochisia* is diagnosties vir die variant (Spesiegroep 51, Tabel 5.1, Aanhangsel 2).

Die sterk kompeterende boomspesies *Ficus sycomorus*, *Breonadia salicina* en *Spirostachys africana* domineer die boomstratum. *Diospyros mespiliformis*, *Lonchocarpus capassa* en *Combretum imberbe* vorm ook 'n belangrike deel van die boomkomponent van dié oewerbos. *Maytenus heterophylla* en *Nuxia oppositifolia* is sterk struikkompeteerders en domineer die struikstratum.

Xanthium strumarium, *Nicotiana glauca* en *Ricinus communis* domineer, soos in die geval van die *Ficus sycomorus-Eragrostis aspera*-variant, die aktiewe kanaal deposito's en seisoenale en voormalige kanale. Die gemiddelde kroonbedekkings van *Nicotiana glauca* (2%) en *Ricinus communis* (<1%) is egter aansienlik laer as in die geval van variant 8.1. Die kruidspesie *Flaveria bidentis* word ook met die aktiewe kanaal deposito's en voormalige kanale geassosieer. Die gemiddelde kroonbedekking van dié spesie is egter deurgaans laag.




Figuur 5.53 Die totale gemiddelde kroonbedekkings van die onderskeie groeivorms wat in die *Ficus sycomorus-Nuxia oppositifolia*-variant aangetref word

Die grasspesies *Cynodon dactylon*, *Panicum maximum* en *Phragmites australis* is die sterk kompeteerders in die variant. Plantspesies oorwegend met die waterrand geassosieer sluit in die grasse *Hemarthria altissima*, *Paspalum distichum*, *Sporobolus ioclados*, *Paspalum urvillei*, *Echinochloa colona*, *Sporobolus pyramidalis* en biesies *Typha capensis* en *Cyperus sexangularis*.

Die *Ficus sycomorus-Nuxia oppositifolia*-variant het 'n totale gemiddelde kroonbedekking van 58%. Die houtagtige komponent domineer die graslaag en dra 39% by tot die totale kroonbedekking van die variant (Figuur 5.53).

5.2.9 *Diospyros mespiliformis-Rhus gueinzii*-boomveld (plantgemeenskap 9)


Die *Diospyros mespiliformis-Rhus gueinzii*-boomveld (Figuur 5.54) word deur 10 relevès verteenwoordig en sluit daardie gedeelte van die Olifantsrivier vanaf die plaas Portsmouth tot by die plaas Cartrage in (Figuur 5.1). Hoogte bo seespieël varieer van 450 meter tot 500 meter.



Figuur 5.54 'n Gedeelte van die houtagtige plantegroei teenwoordigend van die *Diospyros mespiliformis-Rhus gueinzii* - boomveld wat op geologiese gesteentes afkomstig van die Kompleks Rooiwater aangetref word

Die Fb- en Ae-landtipes (Figuur 2.8) is verteenwoordigend vir die grootste gedeelte van die gemeenskap. Die omvang van die Ae-landtype is egter beperk. Diè gedeelte van die Olifantsrivier word aan geologiese gesteentes afkomstig van die Kompleks Rooiwater, Suite Mashishimale (Figuur 2.6) gekenmerk. Die gronde van die makrokanaalbanke varieer van 500 mm tot 1 200 mm diep.

Die kanaal verdeel in sekere areas om 'n enkele aktiewe- en 'n seisoenale kanaal te vorm. Hierdiè dele word aan eilande, in enkele gevalle tot so breed as 250 meter, gekenmerk. Die makrokanaalbanke is oorwegend steil en massas spoeklippe en groot rotsblokke word in die kanale aangetref. Die aktiewe kanaal deposito's het in sommige gevalle redelik steil hellings (Figuur 5.55). Die houtagtige plantspesies in die makrokanaal word grotendeels met die eilande, voormalige eilande en makrokanaalbanke geassosieer, terwyl die voormalige



Figuur 5.55 Skematische voorstelling van variasies in rivierprofiel van die *Diospyros mespiliformis*-*Rhus gueinzii*-boomveld

kanale en/of seisoenale kanale en aktiewe kanaal deposito's oorwegend deur onkruid gedomineer word.

Die omliggende areas rondom die riviersisteem word aan landbou-aktiwiteite in die vorm van intensiewe sitrusverbouing gekenmerk. Enkele massiewe pomphuise om water na besproeiingsdamme te pomp, word gebruik. Die noordelike oewer van 'n gedeelte van die rivier het voorheen deel van die voormalige trustgebied gevorm en is in dele ernstig gedegradeer.

Tabel 5.19 Diagnostiese spesies van die *Diospyros mespiliformis-Rhus gueinzii*-boomveld (G.K.B. – gemiddelde persentasie kroonbedekking).

Spesienaam	Groenvorm	Konstandheid (%)	G.K.B. (%)
<i>Rhus gueinzii</i>	S	40	<1
<i>Eragrostis rigidior</i>	G	30	<1
<i>Cleome maculata</i>	K	20	<1

B – boom; S – struik; D – dwerkstruik; K – kruid; G - gras

Rhus gueinzii, *Eragrostis rigidior* en *Cleome maculata* is die diagnostiese spesies vir die plantgemeenskap (Spesiegroep 53, Tabel 5.1, Aanhangsel 2). Die boomstratum van die oewerbos word deur *Diospyros mespiliformis*, *Acacia robusta* subsp. *clavigera*, *Ficus sycomorus*, *Combretum imberbe*, *Breonadia salicina* en *Acacia galpinii* gedomineer (Tabel 5.2). Die eersgenoemde drie boomspesies is sterk kompeteerders in hierdie boomgemeenskap (Tabel 5.20). *Maytenus heterophylla* en *Acacia ataxacantha* is die struikspesies met die hoogste bedekking en domineer die struikstratum.


Die sterkkompeteterende gras *Panicum maximum* word deurgaans in die gemeenskap aangetref en word oorwegend met die skadu van die oewerbos in die hoëliggende areas geassosieer. Die kruidspesies *Hibiscus calyphyllus*, *Abutilon ramosum* en *Achyranthes aspera* var. *aspera* (matige kompeteerders) assosieer ook met die skaduryke areas onder die boom- en struikstratum. Die grasspesie *Phragmites australis* domineer die alluviale deposito's in die kanaalbed. Die bedekking van die plantspesie is egter deurgaans laag in hierdie gedeelte van die Olifantsrivier.

Die laerliggende voormalige kanale tussen die stroke oewerbos, geassosieer met die voormalige eilande, word deur die aanwesigheid van die kruidspesies *Xanthium strumarium*, *Xanthium spinosum*, *Verbena bonariensis*, *Agremone mexicana*, *Bidens bipinnata*, *Conyza albida*, *Chenopodium olukondae*, *Waltheria indica* en *Flaveria bidentis* gekenmerk.

Tabel 5.20 Gemeenskapsamestellings-analise van die *Diospyros mespiliformis-Rhus gueinzii*-boomveld

Groeivorm	Spesienaam	Konstandheid (%)	Gemiddelde % kroonbedekking
Bome	Sterk kompeteerders		
	<i>Diospyros mespiliformis</i>	90	6
	<i>Acacia robusta</i> subsp. <i>clavigera</i>	90	5
	<i>Ficus sycomorus</i>	100	5
	Matige kompeteerders		
	<i>Acacia galpinii</i>	30	2
	<i>Breonadia salicina</i>	50	2
	<i>Combretum imberbe</i>	80	3
	<i>Spirostachys africana</i>	40	<1
Struiken	<i>Xanthocercis zambesiaca</i>	60	<1
	Swak kompeteerders		
	<i>Croton megalobotrys</i>	90	<1
	<i>Nicotiana glauca</i>	100	1
Grasse	Sterk kompeteerders		
	<i>Maytenus heterophylla</i>	100	3
	<i>Acacia ataxacantha</i>	90	1
	Matige kompeteerders		
	<i>Rhus gueinzii</i>	40	<1
	<i>Grewia sulcata</i> var. <i>sulcata</i>	50	<1
Kruide	<i>Dichrostachys cinerea</i>	80	<1
	Sterk kompeteerder		
	<i>Panicum maximum</i>	100	3
	Matige kompeteerders		
	<i>Cynodon dactylon</i>	100	1
	<i>Phragmites australis</i>	100	1
Kruide	Sterk kompeteerders		
	<i>Commicarpus plumbagineus</i> var. <i>plumbagineus</i>	100	3
	<i>Xanthium strumarium</i>	80	2
	Matige kompeteerders		
	<i>Hibiscus calyphyllus</i>	80	1
	<i>Abutilon ramosum</i>	60	<1
	<i>Achyranthes aspera</i> var. <i>aspera</i>	100	1

Die *Diospyros mespiliformis-Rhus gueinzii*-boomveld het 'n totale gemiddelde kroonbedekking van 56% (Figuur 5.56). Die grasspesies dra slegs 7% by tot die totale gemiddelde kroonbedekking van dié boomveldgemeenskap.



Figuur 5.56 Diagramatiese voorstelling van die gemeenskapstruktuur met die gemiddelde kroon- en proporsionele bedekkings van die *Diospyros mespiliformis-Rhus gueinzii*-boomveld

HOOFSTUK 6

PLANTGEMEENSKAPPE, VELDTIPES EN BIOME - FLORISTIESE VERWANTSKAPPE EN AFLEIDINGS

6.1 Inleiding

Die geskiedenis van stroomklassifikasie is deur Macan (1961), Hawkes (1975), Wasson (1989), Naiman *et al.* (1990) en Wadeson & Rowntree (1995) beskryf. Verskeie voorgestelde klassifikasiesisteme gebruik fisiese, chemiese en biologiese kriteria by 'n verskeidenheid van ruimtelike skale. Meer onlangse klassifikasiesisteme is saamgestel deur van 'n hierargiese benadering gebruik te maak wat kenmerke by 'n verskeidenheid van skale, wat van streek tot mikrohabitat varieer, inkorporeer (Heritage *et al.* 1997).

'n Hierargiese klassifikasiesisteem kan 'n "bo na onder" of 'n "onder na bo" benadering volg. Rowntree & Wadeson (1997) volg 'n "bo na onder" benadering in metodiek tydens die saamstel van 'n hierargiese geomorfologiese model. Beide benaderings kan voor- en nadele hê. Heritage *et al.* (1997) beweer dat die "bo na onder" hierargiese benadering problematies is. Hierdie probleem is die sigbaarste wanneer 'n rivierklassifikasie toegepas word op 'n riviersisteem waar die eienskappe van die opvanggebied baie verskil van die opvanggebiede van riviere waarop die klassifikasiesisteem ontwikkel is. Riviermorphologie word tans omvangryk gebruik en/of geïnkorporeer in rivierklassifikasiesisteme. 'n Voorbeeld van so 'n hierargiese sisteem wat vir rivierklassifisering ontwikkel is, word in Figuur 10.1 weergegee (Kleynhans & Hill 1998).

Die onderskeie hierargiese vlakke verteenwoordig verskillende vlakke van inligting by verskillende ruimtelike skale. Hoe kleiner die skaal, met ander woorde hoe growwer die indeling, hoe minder spesifieke inligting is daar oor die algemeen en hoe meer variasie word ingesluit. Die hierargiese voorstelling van Kleynhans & Hill (1998) beskou oewerplantegroei as 'n biologiese segment tesame met vis- en invertebraatspesies. Die voorstelling van oewerplantegroei as 'n biologiese segment verwys na 'n ruimtelike skaal waar mikrohabitat identifisering moontlik is. Binne die raamwerk van 'n hierargiese plantegroeiklassifikasiesisteem word plantegroeigroeperings, bekend as biome, op nasionalevlak voorgestel.

Plantegroei-eenhede varieer in omvang na gelang van die skaal waarby 'n studie gedoen en die plantegroei gekarteer is. Hoe groter die skaal van opname, hoe meer detail word verkry en hoe fyner die plantegroei-indeling. Plantegroei by 'n groot ruimtelike skaal, waar mikrohabitattte soos alluviale landvorms karteerbaar is, verteenwoordig dus plantgemeenskappe met beperkte floristiese variasie in vergelyking met plantgemeenskappe wat by 'n ruimtelike skaal van 1:250 000 gekarteer is en waar hierdie eenhede omvangryke floristiese variasie kan insluit.

Daar word aanvaar dat alluviale landvorms, wat mikrohabitattte van hierdie plantegroei-eenhede verteenwoordig by 'n ruimtelike skaal van 1:10 000 of selfs groter identifiseerbaar is na gelang van die omvang van hierdie eenhede. Hierdie landvorms en die hidrologiese prosesse, wat met die totstandkoming van hierdie landvorms geassosieer is, speel 'n direkte rol by die verspreiding van plantspesies. Dit blyk uit hierdie studie, wat by 'n ruimtelike skaal van 1:250 000 gedoen is, dat dit oorwegend kruidagtige plante is, wat ondermeer verskeie pioniers- en onkruidspesies insluit, wat op die laerliggende alluviale landvorms, soos alluviale deposito's ("depositional bars") en kanaaldeposito's ("channel bars en channel shelves") aangetref word.

Die gelaagde meerjarige houtagtige komponent wat kenmerkend van die riviersisteem is, word oorwegend met die makrokanaalbanke, eilande en voormalige eilande in die makrokanaal geassosieer. Hierdie plantegroei word nie tot dieselfde mate beïnvloed deur korttermyn alluviale prosesse nie en word nie blootgestel aan oorspoeling tot dieselfde mate as die laerliggende alluviale landvorms nie. Hierdie plante word moontlik eerder deur prosesse wat die morfologie van die rivierbanke oor die langtermyn verander, met in agneming die minimum waterbehoefte van hierdie plantegroei, beïnvloed. Dit is dus nie alleen die keuse van 'n ruimtelike skaal wat van belang is by studies wat oewerplantegroei behels nie, maar ook tydskale omdat die plantegroei met onderskeidelik die laerliggende alluviale landvorms en die hoërliggende makrokanaalbanke, eilande en voormalige eilande geassosieer, moontlik die produk is van omgewingsveranderlikes by verskillende tydskale.

Die fokus van hierdie studie verskil van bogenoemde studies en benaderings in die sin dat dit nie 'n poging is om die rivier, met al die onderskeie komponente van belang, te klassifiseer nie, maar eerder fokus op die klassifikasie van die oewerplantegroei met die hoërliggende areas insluitend die makrokannaalbank geassosieer. Tydens die klassifikasieproses is 'n totaal

van 17 plantgemeenskappe geïdentifiseer. Die oewerplantegroei word by veldtipeskool verdeel in vier veldtipes (Acocks 1988) en in twee biome by 'n skaal van 1:10 000 000 (Rutherford & Westfall 1986). Die floristiese en habitatbeskrywings van die plantgemeenskappe word in Hoofstukke 4 en 5 onderskeidelik weergegee.

Die geïdentifiseerde plantgemeenskappe, met kenmerkende diagnostiese spesiegroepe, bespreek in Hoofstukke 4 en 5 verteenwoordig duidelik afgebakende plantegroei-eenhede by 'n ruimtelike skaal van 1:250 000. Ondanks die feit dat hierdie plantgemeenskappe floristies van mekaar verskil, is daar verskeie plantspesies of kombinasies van plantspesies wat nie beperk is tot 'n enkele plantgemeenskap, veldtype of bioom nie. Hierdie plantspesies verteenwoordig 'n verspreidingsgradient, hetsoy as gevolg van omgewingsveranderlikes of faktore soos versteuring en illustreer onderlinge floristiese verwantskappe tussen die geïdentifiseerde plantgemeenskappe.

Die doel van hierdie hoofstuk is om floristiese verwantskappe te ondersoek en uit te lig en sluit in :

- onderlinge floristiese verwantskappe tussen die geïdentifiseerde oewerplantgemeenskappe;
- floristiese verwantskappe tussen biome wat kenmerkend van die makrokanaal is;
- floristiese verwantskappe tussen die veldtipes wat kenmerkend van die makrokanaal is; en
- floristiese verwantskappe tussen die plantegroei van die makrokanaal en die terrestriële plantegroei in die opvanggebied deur die data van hierdie studie te vergelyk met veldtype data.

'n Sinoptiese klassifikasie, wat op die totale floristiese data (beide Grasveld- en Savannebiome) gebaseer is, is uitgevoer. In 'n sinoptiese formaat word die monsterpersele wat 'n plantgemeenskap verteenwoordig saamgegroep as 'n eenheid en gemiddelde kroonbedekkings word bepaal en omgeskakel na 'n vyfpunt skaal. 'n Sinoptiese tabel is dus die produk van 'n klassifikasieproses waartydens plantgemeenskappe gegroepeer word. Die sinoptiese tabel (Tabel 6.1, Aanhangsel 3) is die resultaat van 'n objektiewe klassifikasie waarop geen subjektiewe verfyning gedoen is nie. Hierdie benadering is gevolg met die uitsluitlike doel om te fokus op floristiese ooreenkomsste en verskille, nie alleen tussen

plantgemeenskappe nie, maar ook tussen die biome en onderskeie veldtipes kenmerkend van die studiegebied.

Daar is duidelike strukturele verskille tussen die plantegroei van die Grasveld- en Savannebiom waar laasgenoemde gekenmerk word aan 'n tipies gelaagde voorkoms as gevolg van die teenwoordigheid van 'n groter verskeidenheid van groeivorms. Die vraag ontstaan – tot watter mate verskil die makrokanaal floristies tussen grasveld en savanne? Kan hierdie verskille primêr toegeskryf word aan die teenwoordigheid van 'n dominerende houtagtige komponent of is daar wesentlike floristiese verskille in die samestelling van die kruid- en grasstratums?

Acocks (1988) verdeel die terrestriële veld van Suid-Afrika in floristiese groeperings, bekend as veldtipes by 'n skaal van 1: 1 500 000. By hierdie ruimtelike skaal vorm die plantegroei wat met riviersisteme geassosieer is deel van die groter eenhede/veldtipes. Tot watter mate korreleer oewerplantgemeenskappe by 'n ruimtelike skaal van 1:250 000 met die voorgestelde grense van veldtipes?

Die kompleksiteit van die funksionering van riviersisteme is al herhaaldelik beklemtoon. Hierdie longitudinale ekosisteme word gekenmerk aan 'n eiesoortige plantegroei, gewoonlik visueel onderskeibaar van die omliggende terrestriële plantegroei. Hoe uniek is hierdie plantegroei in terme van floristiese samestelling indien hierdie plantegroei vergelyk word met die omliggende plantegroei aangetref in die onderskeie veldtipes? Om hierdie vrae te ontleed is enkele monsterpersele van Acocks (1988) binne die onderskeie veldtipes wat die rivier kruis en teenwoordigend is van die omliggende terrestriële veld geselekteer en met floristiese data van die huidige studie vergelyk. Die floristiese verwantskappe tussen die oewerplantegroei en die omliggende veldtipes word in punt 6.5 bespreek en die gestelde vrae word in die bespreking beantwoord.

6.2 Floristiese verwantskappe tussen die oewerplantgemeenskappe


In ekologiese plantegroeistudies word die begrip "algemene spesie" gereeld gebruik as daar verwys word na 'n plantspesie wat wydverspreid in 'n bepaalde area aangetref word. Hierdie begrip is skaalafhanklik of afhanklik van die grootte van die bepaalde area wat ondersoek

word. Verskillende plantspesies se omgewingsbehoeftes verskil. 'n Plantspesie kan beskou word as 'n algemene spesie binne 'n bepaalde veldtipe, maar is moontlik 'n plantspesie met 'n betreklik klein verspreiding indien daar in die breë na al die veldtipes gekyk word. Net so is daar groeperings van plantspesies wat assosieer binne bepaalde verspreidingsgrense.

Daar word algemeen in die literatuur verwys na die "opportunistiese aard" van sekere plantspesies, ook bekend as pioniersplante. Hierdie gewoonlik eenjarige plante beset ontblote grond en lokaal versteurde areas en word gereeld wydverspreid aangetref. Dit wil voorkom of hierdie plantspesies 'n wye toleransie het ten opsigte van omgewingsbehoefte. Is die primêre behoefte by hierdie plantspesies nie moontlik 'n kompetisiefaktor nie? Meerjarige plantspesies, veral houtagtige plantspesies waarvan die verspreiding meer beperk is, weerspieël die omgewing. Soos in die geval van terrestriële plantegroei-eenhede is daar opvallende onderlinge floristiese verskille, maar ook floristiese ooreenkoms tussen plantegroei-eenhede (plantgemeenskappe) wat met riviersisteme geassosieer is.

Die sinoptiese tabel (Tabel 6.1, Aanhangsel 3) waarin 'n totaal van vyf floristiese groeperings geïdentifiseer is, bevestig die mate van floristiese ooreenkoms tussen die geïdentifiseerde oewerplantgemeenskappe. Die agt plantgemeenskappe wat in die Grasveldbiom geïdentifiseer is word oorwegend in twee floristiese groeperings geklassifiseer (Tabel 6.1, Aanhangsel 3) in die sinoptiese formaat op grond van floristiese verwantskappe, wat beide floristiese ooreenkoms en verskille illustreer (Figuur 6.1). Grasveld plantgemeenskappe 1, 2 en 3 word nie soos van grasveld plantgemeenskappe 4, 5, 6, 7 en 8 onderskei op grond van die afwesigheid van bepaalde eiesoortige plantspesies beperk tot hierdie drie plantgemeenskappe nie, maar eerder die soortgelyke afwesigheid van die plantspesies in spesiegroepe 1 en 4 (Tabel 6.1, Aanhangsel 3).

Die kruidspesies *Oenothera rosea*, *Rumex crispus* en grasspesies *Setaria pallide-fusca*, *Agrostis lachnantha* var. *lachnantha*, *Brachiaria brizantha*, *Paspalum dilatatum* en biesiespesies *Cyperus fastigiatus* en *Mariscus congestus* word redelik algemeen teenaan die rand van die aktiewe kanaal en laerliggende makrokanaalbanke by grasveld plantgemeenskappe 4, 5, 6, 7 en 8 (floristiese groepering 2) aangetref, maar is afwesig by grasveld plantgemeenskappe 1, 2 en 3 (floristiese groepering 1; Tabel 6.1, Aanhangsel 3). Spesiegroep 2, wat onder andere die grasspesies *Eragrostis capensis*, *Setaria nigrirostris*, *Cymbopogon plurinodes* en kruidspesies *Helichrysum rugulosum*, *Berkheya binnatifida* en



Figuur 6.1 'n Hierargiese onderverdeling van plantegroei (by verskillende ruimtelike skale) met geassosieerde geologiese formasies, landtipes en geomorfologiese sones.

Oxalis obliquifolia insluit, illustreer die onderlinge floristiese ooreenkoms tussen floristiese groeperings 1 en 2. Hierdie plantspesies word oorwegend aangetref bo-op die makrokanaalbanke en kan tot 'n groot mate beskou word as 'n uitvloeisel van die omliggende vogtige terrestriële grasveld.

Die struik *Rhus gerrardii* (spesiegroep 8) en *Diospyros lycioides* subsp. *sericea* (spesiegroep 13; Tabel 6.1, Aanhangsel 3) kenmerkend van floristiese groepering 2 (grasveld plantgemeenskappe 4, 5, 6 en variant 7.1) is afwesig by floristiese groepering 1 (grasveld plantgemeenskappe 1, 2 en 3) en bevestig die floristies strukturele verskille en ontwikkeling van 'n makrokanaal gekenmerk deur die aanwesigheid van 'n houtagtige komponent vanaf die oorsprong (grasveld plantgemeenskap 1) in 'n stroom-af rigting. Floristiese groepering 3 verteenwoordig grasveld plantgemeenskappe 7 (variant 7.2) en 8 en savanne plantgemeenskap 1 (Tabel 6.1, Aanhangsel 3). Die bome *Acacia dealbata* en *Rhus lancea* (spesiegroep 3; Tabel 6.1, Aanhangsel 3) is oorwegend beperk tot hierdie floristiese groepering en oorgang vanaf die Grasveld- na die Savannebioom.

Floristiese groepering 4 verteenwoordig savanne plantgemeenskappe 2, 3 en 4 (Tabel 6.1, Aanhangsel 3). Ondanks verskeie floristiese ooreenkomste met beide die plantgemeenskappe aangetref in die Grasveldbioom en savanne plantgemeenskappe 5, 6, 7 en 8 (floristiese groepering 5; Tabel 6.1, Aanhangsel 3) verskil savanne plantgemeenskappe 2, 3 en 4 floristies opvallend van die ander geïdentifiseerde plantgemeenskappe. Plantspesies van spesiegroep 6 is oorwegend beperk tot hierdie drie savanne plantgemeenskappe en illustreer die onderlinge floristiese ooreenkomste tussen savanne plantgemeenskappe 2, 3 en 4. Die plantspesies in spesiegroep 7 (Tabel 6.1, Aanhangsel 3) illustreer die floristiese ooreenkoms tussen die grasveld plantgemeenskappe (floristiese groepering 3) stroom-af van Witbankdam (Figuur 4.1) en savanne plantgemeenskappe 2, 3 en 4 wat strek tot in die omgewing van die Burgersfort-Pietersburg nasionale pad (Figure 5.1a-d). Die grasspesies *Themeda triandra*, *Setaria sphacelata* var. *sphacelata* en biesiespesie *Cyperus longus* var. *tenuiflorus* (spesiegroep 9; Tabel 6.1, Aanhangsel 3) het 'n wye verspreiding en word met 'n groot gedeelte van die Olifantsriviersisteem, uitgesonderd savanne plantgemeenskappe 5, 6, 7, 8 en 9 geassosieer.

Spesiegroep 10 (Tabel 6.1, Aanhangsel 3) toon die plantspesies wat oorwegend tot savanne plantgemeenskappe 5, 6, 7, 8 en 9 (floristiese groepering 5) beperk is. *Faidherbia albida*,

Diospyros mespiliformis, *Ficus sycomorus*, *Trichilia emetica* subsp. *emetica* en *Acacia robusta* subsp. *clavigera* is enkele van die opvallende boomspesies wat kenmerkend is van die rivier vanaf die Burgersfort-Pietersburg nasionale pad tot by Mamba in die Laeveld. Die verklaarde onkruid *Xanthium strumarium* domineer die laagliggende alluviale landvorms by savanne plantgemeenskappe 5, 6, 7, 8, en 9. Die plantspesies vervat in spesiegroep 11 (Tabel 6.1, Aanhangsel 3) duï op floristiese verwantskappe tussen die savanne plantgemeenskappe gegroepeer in floristiese groeperings 4 en 5. Hierdie plantspesies, wat onder andere die ongewenste plante *Datura stramonium*, *Ricinus communis* en *Melia azedarach* insluit, het 'n wye verspreiding in die makrokanaal van die Olifantsrivier en is kenmerkend van die rivieroewers in die Savannebiom.

6.3 Floristiese verwantskappe tussen biome wat kenmerkend van die makrokanaal is

Daar is, soos in die geval van terrestriële veld, opvallende floristies strukturele verskille tussen die oewerplantegroei wat met onderskeidelik die Grasveld- en Savannebiom geassosieer is (sien Hoofstuk 2 – klimaat). Die makrokanaal van die Olifantsrivier in die Grasveldbiom word oorwegend aan die teenwoordigheid van gras-, kruid- en biesiespesies gekenmerk. In sekere areas word enkele dwergstruik en struikspesies aangetref. Die voorkoms van houtagtige plantegroei word in baie gevalle met die teenwoordigheid van 'n bogrondse klipbedekking geassosieer.

Die makrokanaalbanke van die Olifantsriviersisteem stroom-af van Witbankdam word aan die voorkoms van enkele groot struiken en bome gekenmerk. Dit is veral *Diospyros lycioides* subsp. *sericea*, *Celtis africana*, *Rhus pyroides* var. *pyroides*, *Maytenus heterophylla*, *Ziziphus mucronata*, *Rhus gerrardii*, *Acacia dealbata* en tot 'n mate *Rhus lancea* wat bydrae tot die gelaagde voorkoms van die makrokanaal van die Olifantsrivier in die Grasveldbiom. Die voorkoms van hierdie plantspesies dra nie alleen by tot die floristies strukturele ooreenkoms van die Grasveldbiom in die genoemde area met die Savannebiom nie, maar duï ook op floristiese ooreenkoms vanwee die verspreiding van hierdie plantspesies in die Savannebiom.

Die oewerplantegroei van die Olifantsriviersisteem in die Grasveldbiom is besonders in die opsig dat daar 'n wye verskeidenheid plantspesies, wat oorwegend grasse en kruide insluit, in

hierdie gedeelte van die makrokanaal aangetref word wat afwesig of swak teenwoordig is in die makrokanaalgedeelte met die Savannebiom geassosieer. Plantspesies van spesiegroepe 1, 2, 3, 4 en 5 (Tabel 6.1, Aanhangsel 3) word, ondanks enkele voorkomste in savanne plantgemeenskappe, primêr met die makrokanaal van die Olifantsrivier in die Grasveldbiom geassosieer. Die Savannebiom-gedeelte van die Olifantsriviersisteem word floristies onderskei van die Grasveldbiom deur onder andere plantspesies van spesiegroepe 6, 10, 11 en 12 (Tabel 6.1, Aanhangsel 3). Ondanks die floristiese verskille, beide in plantegroeistruktuur en spesiesamestelling is daar verskeie plantspesies en groeperings van plantspesies wat 'n floristiese gradient verteenwoordig en beide met die makrokanaal van die Grasveld- en Savannebiome geassosieer word (Spesiegroepe 4, 5, 7, 8, 9, 12, 13 en 14; Tabel 6.1, Aanhangsel 3). Met die uitsondering van enkele houtagtige plantspesies is dit oorwegend gras-, kruid- en biesiespesies wat gemeenskaplik by beide biome aangetref word. Verskeie van die kruidspesies met 'n wye verspreiding, onder andere *Tagetes minuta*, *Schkuhria pinnata*, *Verbena bonariensis* en *Conyza albida* kan beskou word as opportunistiese pioniersplante wat moontlik 'n versteuringsgradient illustreer.

6.4 Floristiese verwantskappe onderling tussen veldtipes wat kenmerkend van die makrokanaal is

Daar is vier veldtipes naamlik Bankenveld, Suuragtige Gemengde Bosveld, Gemengde Bosveld en Dorre Laeveld (Acocks 1988) waardeur die Olifantsrivier vloei en wat met die omliggende opvanggebied geassosieer word (Figure 2.11 & 6.1). Die Olifantsriviersisteem vanaf die oorsprong in die Breyten-omgewing tot op die plaas Mooifontein noord van Witbank (Figuur 4.1) word beskou as deel van die Grasveldbiom en sluit 'n enkele veldtype by 'n skaal van 1:1 500 000, bekend as Bankenveld (Veldtype 61, Acocks 1988), in. Daar is verskeie floristiese ooreenkoms tussen die plantgemeenskappe van hierdie gedeelte van die Olifantsriviersisteem, soos bespreek in punt 6.2.

Die floristiese ooreenkoms tussen grasveld plantgemeenskappe 7 (variant 7.2) en 8 (Bankenveld) en savanne plantgemeenskap 1 (Suuragtige Gemengde Bosveld) word in die sinoptiese tabel (Spesiegroep 3; Tabel 6.1, Aanhangsel 3) geïllustreer. Dit is opvallend dat die verklaarde indringer *Acacia dealbata* oorwegend beperk is tot hierdie smal oorgangsone vanaf die Grasveld- na die Savannebiom. Grasveld plantgemeenskap 7 (variant 7.2), wat

teenaan die banke van die makrokanaal kan tot 'n groot mate verklaar word vanweë die feit dat hierdie areas oor die algemeen gekenmerk word aan ontblote grondoppervlak wat die gevolg is van hidrologiese prosesse soos 'n fluktuering in stroomvloei en vloedtoestande.

7.2.1b Verklaarde onkruidspesies : Savannebioom-gedeelte

Die struiken *Lantana camara*, *Sesbania punicea*, *Solanum mauritianum*, dwergstruik *Rubus cuneifolius* en kruide *Cirsium vulgare*, *Datura stramonium*, *Xanthium spinosum* en *Xanthium strumarium* is verklaarde onkruide volgens wet en moet beheer word.

Lantana camara, *Sesbania punicea* en *Solanum mauritianum* word oor 'n groot gedeelte van die Olifantsrivier aangetref (Figuur 7.3). Die gemiddelde kroonbedekkings van die drie struikspesies is deurgaans minder as een persent binne die onderskeie plantgemeenskappe waar hierdie plantspesies aangetref word (Tabel 7.4). Die konstandheid waarmee die kruidspesies aangetref word blyk ook redelik laag te wees. Dit is egter belangrik om te onthou dat die kroonbedekkings en konstandheidswaardes gemiddeldes binne die betrokke plantgemeenskappe verteenwoordig. 'n Plantspesie kan 'n hoë konstandheid binne 'n betrokke variant hê, maar word nie noodwendig by die ander variante van die betrokke plantgemeenskap aangetref nie.

Lantana camara het 'n gemiddelde kroonbedekking van 2% in variant 4.2 (plantgemeenskap 4), terwyl *Sesbania punicea* 'n gemiddelde kroonbedekking van 3% in dieselfde variant het. Die struikspesie *Sesbania punicea* het 'n gemiddelde kroonbedekking van 1% in variant 4.5 (plantgemeenskap 4). Dit is duidelik dat hierdie twee struikspesies tans nie algemeen in plantgemeenskap 4 aangetref word nie, maar dat die spesies in lokale areas reeds goed gevestig is en beslis 'n negatiewe invloed op die ander inheemse plantspesies in die oewersone uitoefen.

Die kruide *Datura stramonium* en *Xanthium strumarium* het 'n wye verspreiding in die Savannebioom-gedeelte van die Olifantsriviersisteem (Tabel 7.4). Hierdie twee kruidspesies word oorwegend met die kanaaldeposito's en seisoenale kanale geassosieer en word slegs met uitsondering in die ruie oewerbos aangetref. *Datura stramonium* het deurgaans lae gemiddelde kroonbedekkings in die onderskeie plantgemeenskappe.

Die kruid *Xanthium strumarium* domineer die kanaaldeposito's in terme van konstandheid en gemiddelde persentasie kroonbedekking. Hierdie kruid het gemiddelde kroonbedekkings van 6% en 5% in onderskeidelik plantgemeenskappe 6 en 7 (Tabel 7.4) en is tans 'n omvangryke probleem in die Savannebioom-gedeelte van die Olifantsriviersisteem. Die gedegradeerde opvanggebied in Sekhukhuneland dien as bron van saad en beheer van die verklaarde onkruid sal noodwendig hierdie gedeeltes van die opvanggebied moet insluit.

Tabel 7.4 Die verklaarde onkruide wat in die onderskeie plantgemeenskappe geïdentifiseer in die Savannebioom-gedeelte van die Olifantsriviersisteem aangetref word (GKB-gemiddelde persentasie kroonbedekking)

Plantspesies	Gemeenskap-nommer	GKB (%)	Konstandheid (%)
Struik:			
<i>Lantana camara</i>	3	<1	13
	4	<1	18
	8	<1	50
<i>Sesbania punicea</i>	2	<1	13
	4	<1	25
	5	<1	33
<i>Solanum mauritianum</i>	4	<1	7
Dwergstruik:			
<i>Rubus cuneifolius</i>	4	<1	7
Kruide:			
<i>Cirsium vulgare</i>	1	<1	20
	4	<1	4
<i>Datura stramonium</i>	2	<1	7
	4	<1	18
	5	<1	67
	6	<1	57
	7	<1	67
	8	<1	50
	9	<1	50
<i>Xanthium spinosum</i>	6	<1	23
	9	<1	20
<i>Xanthium strumarium</i>	4	<1	11
	5	1	100
	6	6	97
	7	5	100
	8	3	100
	9	2	80

Die omliggende landskap is gedegradeer en die afwesigheid- tot lae plantegroeibedekking in bepaalde areas met geassosieerde donga-erosie neem ernstige afmetings aan. Die huidige omvang van *Xanthium strumarium* is een van die simptome van jare-lange onoordeelkundige benutting van die natuurlike hulpbron en sal nie op die kort termyn reggestel kan word nie. 'n Totale ommeswaai in die benadering tot selfonderhoudbende landbou-aktiwiteite deur die

plaaslike bevolking en intensiewe rehabiliterings programme sal van stapel gestuur moet word alvorens die situsie sal verbeter.

7.2.2 Verklaarde indringerplantspesies

Regulasie 15(2) van die Wet op Bewaring van Landbouhulpbronne (Wet 43 van 1983) stipuleer dat plante van die soorte, vermeld in kolom 1 van Tabel 4 (gepubliseer in die Staatskoerant no 9238 van Mei 1984), hierby tot indringerplante verklaar word in die gebiede vermeld in kolom 2 van voormalde Tabel teenoor die name van die onderskeie soorte plante.

Regulasie 16(3) stipuleer dat indien indringerplante van 'n soort gemeld in kolom 1 van Tabel 4, dermate op 'n plaaseenheid in die gebied vermeld in kolom 2 van voormalde Tabel teenoor die betrokke indringerplant voorkom dat dit tot nadeel van die produksievermoë van die natuurlike landbou-hulpbronne is of kan wees, moet die grondgebruiker van die betrokke plaaseenheid daardie indringerplante deur middel van soveel van die maatreëls in subregulasie (1) uiteengesit as wat in sy omstandighede nodig is, doeltreffend beheer.

7.2.2a Verklaarde indringerplantspesies : Grasveldbioom-gedeelte

Die bome *Acacia dealbata*, *Rhus lancea* en dwergstruik *Acacia karroo*, word gelys as verklaarde indringerplante volgens die Wet op Bewaring van Landbouhulpbronne (Wet 43 van 1983). Die boom *Rhus lancea* se verspreiding is tot plantgemeenskap 8 beperk (Figuur 7.2) en hierdie boomspesie het 'n lae gemiddelde kroonbedekking en konstandheid, terwyl die dwergstruik *Acacia karroo* tot variant 7.2 beperk is (Tabel 7.5). Hierdie twee inheemse houtagtige plantspesies word oorwegend met die omliggende terrestriële veld geassosieer en word beslis nie as 'n potensiële bedreiging vir die oewerplantegroei van die Grasveldbioom-gedeelte van die Olifantsriviersisteem beskou nie. Die insluiting van hierdie inheemse plantspesies in die Wet is gebaseer op die bosverdigtingspotensiaal wat hierdie spesies besit indien hierdie plantspesies aangetref word in gedegradeerde en/of wanbestuurde terrestriële veld.

Die verklaarde indringer *Acacia dealbata* word tans in variant 7.2 en plantgemeenskap 8 aangetref en het gemiddelde persentasie kroonbedekkings van onderskeidelik 12% en 4% (Tabel 7.5). Henderson & Musil (1987) beskou die boomspesie *Acacia dealbata* as een van die spesies wat die grootste bedreiging vir die natuurlike hulpbronne van die Hoëveldse grasveld inhoud. Die intringing van hierdie boomspesie in riviervalleie is ernstig aangesien *Acacia dealbata* nie net die natuurlike hulpbron van die Hoëveld bedreig nie, maar ook stroom-af na die Transvaalse Platorand en Laeveld versprei.

Tabel 7.5 Verklaarde indringerplante wat in die onderskeie plantgemeenskappe geïdentifiseer in die Grasveldbiom-gedeelte van die Olifantsriviersisteem aangetref word (GKB-gemiddelde persentasie kroonbedekking)

Plantspesies	Gemeenskap/ variant nommer	GKB (%)	Konstandheid (%)
Bome:			
<i>Acacia dealbata</i>	7.2	12	75
	8	4	25
<i>Rhus lancea</i>	8	<1	7
Dwergstruik:			
<i>Acacia karroo</i>	7.2	<1	75

Henderson *et al.* (1997) beskryf *Acacia dealbata* as een van die hoof indringerplantsoorte in stroomoewerhabitats en beweer dat hierdie boomspesie in sommige dele inheemse plantegroei totaal vervang. Dit is beslis waar in die geval van variant 7.2 en plantgemeenskap 8. Hierdie boomspesie produseer groot hoeveelhede saad wat vir jare lank in die grond kan oorleef. Die beheer van *Acacia dealbata*, wat noodwendig opvolgwerk sal insluit, word ten sterkste aanbeveel.

Die aggressiewe aard van herstel van hierdie plantspesie in vergelyking met ander ekologies aanvaarbare spesies na blootstelling aan vloedtoestande, word in hierdie studie geïllustreer. Die vloedtoestande gedurende 1996 het verskeie plantspesies beïnvloed in die opsig dat daar onder andere 'n afname in konstandheid en gemiddelde kroonbedekking aangeteken is na die vloede. Die gemiddelde kroonbedekking van *Acacia dealbata*, wat reeds voor die aanvang van die vloede dominant was in lokale areas, het toegeneem van ongeveer 3% na afloop van die vloede in 1996 tot ongeveer 10% gedurende 1998. Die toename in bedekking van *Acacia dealbata* was opmerklik hoër as in die geval van die ander inheemse en ekologies aanvaarbaarder plantspesies aangetref by dieselfde lokaliteit.

7.2.2b Verklaarde indringerplantspesies : Savannebioom-gedeelte

Die verklaarde indringerplante aangetref in die oewersone van die Olifantsriviersisteem wat met die Savannebioom geassosieer word, word weergegee in Tabel 7.6. Die boom *Acacia dealbata* is die enigste uitheemse plantspesie wat in hierdie gedeelte van die Olifantsrivier aangetref word en wat volgens wet as 'n indringerplant verklaar is. Hierdie boomspesie is tans tot plantgemeenskappe 1 en 2 beperk. (Figuur 7.3). Die gemiddelde persentasie kroonbedekking van *Acacia dealbata* is aansienlik laer as in die geval van variant 7.2 en plantgemeenskap 8 van die Grasveldbioom-gedeelte van die Olifantsriviersisteem, maar behoort verwyder te word.

Die inheemse bome *Acacia caffra*, *Acacia karroo*, *Acacia nigrescens*, *Acacia nilotica* subsp. *kraussiana*, *Acacia tortilis* subsp. *heteracantha*, *Colophospermum mopane*, *Combretum apiculatum* subsp. *apiculatum*, struik *Acacia erubescens*, *Acacia mellifera*, *Dichrostachys cineria* en dwergstruik *Grewia flava* vorm belangrike komponente van terrestriële savanne plantegroei. Hierdie houtagtige spesies besit die vermoë om ernstig te verdig en word beskou as primêre rolspelers by bosverdigting in die Savannebioom.

Tabel 7.6 Verklaarde indringerplante wat in die onderskeie plantgemeenskappe geïdentifiseer in die Savannebioom-gedeelte van die Olifantsriviersisteem aangetref word (GKB-gemiddelde persentasie kroonbedekking)

Plantspesies	Gemeenskap-nommer	GKB (%)	Konstandheid (%)
Bome:			
<i>Acacia caffra</i>	1	<1	40
	2	<1	13
<i>Acacia dealbata</i>	1	6	80
	2	<1	64
<i>Acacia karroo</i>	1	<1	40
	2	<1	13
	3	2	88
	4	2	79
	5	6	100
	6	<1	30
<i>Acacia nigrescens</i>	6	<1	17
	7	<1	67
	8	2	79
	9	<1	80
<i>Acacia nilotica</i> subsp. <i>kraussiana</i>	6	<1	10
	7	<1	17
<i>Acacia tortilis</i> subsp. <i>heteracantha</i>	4	<1	11
	5	<1	33
	6	<1	43
	7	<1	33

	9	<1	40
<i>Colophospermum mopane</i>	8	<1	14
<i>Combretum apiculatum</i> subsp. <i>apiculatum</i>	2	<1	20
	4	<1	4
	7	<1	33
	8	<1	29
Struik:			
<i>Acacia erubescens</i>	6	<1	3
	8	<1	7
<i>Acacia mellifera</i>	4	<1	7
	5	1	67
	6	<1	3
<i>Dichrostachys cineria</i>	4	<1	39
	5	<1	100
	6	<1	63
	7	<1	83
	8	<1	93
	9	<1	80
Dwergstruik:			
<i>Grewia flava</i>	6	<1	47
	7	<1	17
	8	<1	14
	9	<1	40

Bosverdigting in terrestriële veld is normaalweg die simptoom van 'n kombinasie van jare lange oorbenutting en wanbestuur met gepaardgaande droogteperiodes. Die gemiddelde kroonbedekkings en konstandheidswaardes van hierdie inheemse houtagtige plantspesies is oorwegend laag en die spesies lewer 'n redelik beperkte bydrae tot die totale floristiese komponent van die oewersone.

Die boom *Acacia karroo* het 'n gemiddelde persentasie kroonbedekking van 6% in plantgemeenskap 5 (Tabel 7.6). *Acacia mellifera* en *Dichrostachys cineria* het konstandheidswaardes van onderskeidelik 67% en 100% in plantgemeenskap 5. Die omliggende terrestriële veld in die omgewing van plantgemeenskap 5 is tipiese doringveld. Die sterk teenwoordigheid van die doringboom-komponent in die oewersone is die gevolg van versteuring in die vorm van gedeeltelike ontbossing, ou lande en die gepaardgaande indringing van terrestriële plantspesies.

Die inheemse houtagtige verklaarde indringers wat met die oewersone van die Olifantsriviersisteem in die Savannebiom geassosieer word, word nie as 'n probleem beskou nie. Die enigste verklaarde indringer wat beheer moet word, is die boom *Acacia dealbata*.

7.3 Potensiële probleemplantspesies in die Olifantsriviersisteem

Daar word verskeie uitheemse plantspesies in die oewersone van die Olifantsriviersisteem aangetref wat tans nie ingesluit is by die lyste van verklaarde onkruide of verklaarde indringers soos gestipuleer in die Wet op Bewaring van Landbouhulpbronne (Wet 43 van 1983) nie. Die omvangryke voorkoms van hierdie plantspesies in terme van konstandheid en gemiddelde kroonbedekking is kommerwekkend. Wat is die potensiële invloed van hierdie plantspesies op die natuurlike inheemse plantspesies en die biodiversiteit van die oewersone?

7.3.1 Potensiële probleemplantspesies : Grasveldbioom-gedeelte

Henderson & Musil (1987) beskou *Salix babylonica* en *Populus canescens* as belangrike indringerspesies in stroomoewer-habitats. Die inbringing van riviere en strome deur *Populus canescens* (valpopulier) is volgens Henderson & Musil (1987) 'n bedreiging vir waterbronne asook 'n bedreiging vir die inheemse plantegroei. Hierdie boomspesie maak suiers vanaf die wortels en sodoende kan suiwer stande van tot etlike kilometers langs 'n stroom strek. Tans word die boomspesie nie as 'n probleem in die Olifantsrivier beskou nie vanweë die huidige beperkte omvang en lae gemiddelde kroonbedekkings van hierdie plantspesie. Ondanks die huidige beperkte omvang van *Populus canescens* en *Salix babylonica* kan hierdie spesies, volgens aanduidings, 'n potensiële probleem in die toekoms wees. Die boomspesie *Morus alba* is beperk tot plantgemeenskap 8 van die Grasveldbioom-gedeelte van die Olifantsriviersisteem, maar word ook in 'n groot gedeelte van die oewersone van die Olifantsrivier in die Savannebioom aangetref.

7.3.2 Potensiële probleemplantspesies : Savannebioom-gedeelte

Die huidige status van die boomspesies *Melia azedarach*, *Morus alba*, *Nicotiana glauca* en *Populus canescens* (Tabel 7.2) varieer vanaf 'n potensiële toekomstige probleem in die geval van *Populus canescens* tot 'n tans omvangryke probleem in die geval van *Nicotiana glauca* en *Melia azedarach*.

Die boomspesie *Melia azedarach* word, met die uitsondering van plantgemeenskappe 1 en 2, in die oewersone van die hele Olifantsriviersisteem wat met die Savanneboom geassosieer is aangetref. Die oorgrote meerderheid individue van hierdie plantspesie is bome, maar daar was 'n kommerwekkende toename in die aantal *Melia azedarach* saailinge na die vloede gedurende 1996. Hierdie uitheemse plantspesie, wat die natuurlike oewerbosspesies verdring en in lokale areas die dominante boomkrone in die oewerdak is, behoort aktief bestry te word.

Die boom *Nicotiana glauca* word oorwegend met die kanaaldeposito's en seisoenale kanale geassosieer en kompeteer nie tot dieselfde mate (skadu-effek) met die inheemse oewerbosspesies as die boom *Melia azedarach*, wat tussen die inheemse houtagtige oewerbosspesies voorkom nie. *Nicotiana glauca* is egter afhanklik van dieselfde waterbron as die inheemse plantspesies en impakteer soedoende negatief op die inheemse plantspesies wat met die kanaaldeposito's geassosieer word as gevolg van onderlinge kompetisie. *Nicotiana glauca* het 'n konstandheid wat varieer van 90% tot 100% by die onderskeie plantgemeenskappe waarin hierdie uitheemse plantspesie aangetref word (Tabel 7.2).

Die struik *Ricinus communis* het 'n wye verspreiding en word ook oorwegend met die kanaaldeposito's geassosieer. Hierdie uitheemse plantspesie het 'n gemiddelde kroonbedekking van 2% in plantgemeenskap 8. Die ranker (klimplant) *Solanum seaforthianum* word in plantgemeenskap 4 aangetref (Figuur 7.3). Indien die verspreiding van plantgemeenskap 4 in ag geneem word, word hierdie ranker redelik wydverspreid aangetref. In lokale areas verdring hierdie indringer klimplant die inheemse struik- en dwergstruikspesies en besit die potensiaal om groot gedeeltes van die oewersone in te neem. Die dwergstruik *Senna occidentalis* en kruid *Flaveria bidentis* is, net soos *Xanthium strumarium*, *Nicotiana glauca* en *Ricinus communis*, oorwegend beperk tot die kanaaldeposito's.

Die dwergstruik *Senna occidentalis* en kruid *Flaveria bidentis* word wydverspreid in die Savanneboom-gedeelte van die Olifantsriviersisteem aangetref en kan moontlik in die toekoms selfs ernstiger afmetings aanneem. *Senna occidentalis* en *Flaveria bidentis* is primêr beperk tot die kanaaldeposito's en in sommige gevalle die seisoenale kanale en word oor die algemeen nie met die houtagtige plantspesies kenmerkend van die makrokanaalbanke geassosieer nie.

7.4 Opsomming

Ekosisteme in Suid Afrika wat die ergste deur uitheemse en indringerplante bedreig word is moontlik daardie habitats wat met riviersisteme geassosieer is (Henderson & Musil 1997; Rennies Wetland Campaign 1995). Makrokanaalbanke en ander alluviale landvorms met riviere geassosieer word betreklik maklik ingedring deur uitheemse plantspesies omdat hierdie areas blootgestel word aan menslike versteurings en natuurlike hidrologiese prosesse soos vloede, die beskikbaarheid van water as verspreidingsagent en die rol van hierdie areas as saad opgaarplekke. Houtagtige plantspesies is die belangrikste indringers van stroom- of oewer habitats (Allanson 1995).

Vanweë die aggressiewe neiging van hierdie plante deur onder andere maklike vestiging, die vermoë om vinnig te vermeerder as gevolg van 'n afwesigheid/tekort aan natuurlike predatore of kompetisie, word hierdie plante beskou as moontlik die grootste bedreiging, uitgesonderd die mens, vir natuurlike habitats. Daar word beweer (Rennies Wetland Campain 1995) dat uitheemse plantspesies net so 'n groot ekonomiese en ekologiese bedreiging vir die natuurlike hulpbron inhoud as enige ander vorm van besoedeling.

Dit is duidelik uit bogenoemde beskrywings dat die oewersones van die Olifantsrivier reeds tot so 'n mate gekenmerk word aan die voorkoms van uitheemse probleemplante dat die oewersone in lokale areas reeds totaal hul natuurlike karakter verloor het. Sekere genaturaliseerde uitheemse kruide is 'n gegewe en sal altyd met ontblote en/of gedegradeerde gedeeltes op die makrokanaalbanke geassosieer word. Hierdie ontblote areas kan die gevolg wees van menslike- of landbou-aktiwiteite of hidrologiese prosesse soos wisselende stroomvloei of vloede.

Alhoewel daar aanvaar word dat houtagtige plantspesies bank stabiliteit verhoog as gevolg van 'n meer effektiewe wortelstelsel as grasspesies, is dit nie noodwendig die geval nie. Verskeie van hierdie plantspesies vorm digte krone wat ondergroei inhibeer. Hierdie inhibering van die gras- en kruidlaag lei tot swak beskermde grondoppervlaktes wat aan erosie blootgestel is. 'n Verhoogde tempo van rivierbank erodering word geassosieer met *Acacia mearnsii*, *Acacia longifolia*, *Acacia saligna*, *Lantana camara* en *Pinus piaster*. Hierdie plantspesies het vlak wortelstelsels en kan nie weerstand bied teen vloedwater nie (Rowntree 1991).

Sommige van die uitheemse houtagtige plantspesies besit die vermoë om te vermeerder, vinnig te groei en te versprei. Die oewersonne van enige riviersisteem is deel van 'n komplekse ekosisteem wat nie alleen 'n belangrike bydrae tot die stabilisering van die rivierbanke lewer nie, maar besit ook 'n unieke biodiversiteit. Oewersones verskaf habitat aan 'n groot verskeidenheid voël- en diersoorte. Die voorkoms van uitheemse indringerspesies bedreig nie net die inheemse plantegroei nie, maar vernietig ook die natuurlike habitat van hierdie voël- en dieresoorte.

Die negatiewe impak van uitheemse plantspesies is 'n wesenlike probleem in die Nasionale Krugerwildtuin. 'n Aantal uitheemse plantspesies word sporadies in die oewersonne van die Olifantsrivier binne die NKW aangetref (Bredenkamp & Van Rooyen 1993). *Xanthium strumarium* en *Senna occidentalis* is reeds in 1993 deur Bredenkamp & Van Rooyen as plantspesies waarvan die beheer 'n prioriteit moet wees, uitgewys. Die probleme wat die NKW ondervind ten opsigte van die beheer van die uitheemse plantegroei kan slegs aangespreek word indien die onderskeie owerhede en privaat oewer-eienaars buite die NKW verantwoordelikheid aanvaar en aktief betrokke raak by die bestryding van die uitheemse plantegroei.

Beheer van uitheemse- en indringer plantspesies behels nie alleen die uitroei van plante op 'n gegewe tydstip nie, maar moet die uitroei van opslagsaailinge oor tyd insluit. Dit is belangrik dat daar 'n aanvaarbare plantegroeibedekking gehandhaaf word om sodoende hervestiging en hergroei te beperk. Vloede, wat 'n natuurlike proses is, sal tot 'n mindere of meerdere mate, afhangend van die intensiteit en frekwensie van die vloede, plantegroeibedekking beïnvloed. Gebeurtenisse soos vloede, met die gepaardgaande verwydering van plantspesies veroorsaak dat nuwe habitats geskep word vir die hervestiging en regenerering van oewerspesies. Die mate van vestiging van uitheemse- en indringer plantspesies in hierdie areas hang egter grootliks af van die mate van infestering van stroom-op gedeeltes van die riviersisteem deur hierdie plantspesies omdat infestering gewoonlik in 'n stroom-af rigting plaasvind.

Die invloed (intensiteit en duur) van vloedwater of periodes van bogemiddelde watervloeい is oor die algemeen groter op die laerliggende alluviale landvorms soos kanaaldeposito's en seisoenale kanale. Die plantegroei wat met hierdie landvorms geassosieer word, is oorwegend kruidagtig. Om hierdie redes kan daar aanvaar word en is dit tot 'n groot mate in hierdie studie geïllustreer dat hierdie eenhede gekenmerk word aan 'n voortdurende verwydering en

vestiging van plantspesies. Die oorgrote meerderheid van hierdie spesies is uitheems en domineer hierdie landvorms in terme van konstandheid en gemiddelde kroonbedekking. Die metodes wat gebruik word om ekologies ongewenste plante te beheer moet ander plante teenwoordig in ag neem en moontlike beskadiging en/of versteuring tydens die beheerprosesse moet tot die minimum beperk word.

Daar word verder aanbeveel dat daar meer inligting vanuit ander navorsings-sektore en van belanghebbende partye verkry word ten opsigte van die uitheemse plantspesies soos genoem onder punt 7.3. Die moontlikheid van ander uitheemse indringers, nie aangetref in die Olifantsriviersisteem nie, moet ook ondersoek word. Die huidige lyste van verklaarde onkruide en –indringerplante soos gestipuleer in Tabelle 3 en 4 (Wet op Bewaring van Landbouhulpbronne; Wet 43 van 1983; Regulasies 15(1), 15(2), 16(1), 16(2), 16(3)) is onvolledig en behoort hersien te word ooreenkomsdig die bevindinge en aanbevelings van die onderskeie rolspelers.

HOOFSTUK 8

VLOEDE EN DIE IMPAK OP DIE OEWERPLANTEGROEI VAN DIE OLIFANTSRIVIERSISTEEM

8.1 Inleiding

Plantegroei is, wat beide struktuur en samestelling betref, dinamies. Hierdie dinamika word deels deur natuurlike versteurings beïnvloed en geïnisieer. Tradisioneel is natuurlike versteuring in plantgemeenskappe in terme van katastrofiese gebeurtenisse wat abrupte strukturele veranderinge in gemeenskappe teweegbring gedefinieer (White 1979). Die meeste tipes natuurlike versteuring, waarvan vloede een tipe is, word egter gekenmerk aan 'n gradiënt wat varieer van relatief klein tot relatief groot en omvangryk. Versteurings verskil in frekwensie, voorspelbaarheid en omvang.


Versteuringsprosesse kan in die breë beskou word as 'n algemene fenomena van die dinamika in plantgemeenskapstruktuur hetsy as gevolg van die invloed van omgewingsfaktore of deur die eienskappe van die spesies teenwoordig. Hierdie strukturele veranderinge word gewoonlik veroorsaak deur die afsterf van plante of gedeeltes van plante.

Plantgemeenskappe word aan fluktuerings in samestelling gekenmerk. Selfs daardie plante wat samestellings gewys stabiel blyk te wees, toon ten minste lokale strukturele verskille soos wat individuele plante groei, afsterf en vervang word. Natuurlike versteurings soos vloede wat herhaal, karakteriseer die omgewing van baie plantgemeenskappe. Versteuring en die gepaardgaande plantegroei-reaksie blyk 'n integrale deel van die plantegroeipatroon in die meeste landskappe te vorm (White 1979).

Stroommigrasie, erosie en deponering skep voortdurend nuwe- en vernietig ou substrate. Vloede as natuurlike versteurings agent veroorsaak versteuringsgradiente wat 'n verandering in plantegroeipatroon te weeg kan bring. Hierdie verandering in patroon kan onder andere toegeskryf word aan die varierende koloniserings eienskappe en vloed- en skadutoleransie van plantspesies (Ware & Penfound 1949, Noble & Murphy 1975, Johnson *et al.* 1976, Bell & del Moral 1977). Bell (1974) beweer dat verskillende vloedhoogtes in die makrokanaal 'n ruimtelike gradient, wat die vloedfrekwensie by 'n bepaalde tydskaal reflekter, beïnvloed.

verteenwoordig. Beide die alluviale landvorms en makrokanaalbanke met geassosieerde plantegroei kan deur vloede beïnvloed word, afhangend van die omvang van die vloede. Die frekwensie waarteen die laerliggende alluviale landvorms aan hierdie vorm van versteuring blootgestel word is hoër as in die geval van die makrokanaalbanke. Die ekologiese tydskale waarteen vloedversteuring ondervind word hang dus tot 'n groot mate af van die hoogte van die landvorm loodreg bokant die aktiewe kanaalbed en die omvangrykheid en intensiteit van 'n vloed.

In 'n breë konteks is daar drie belangrike komponente wat deel van enige riviersisteem vorm en 'n wisselwerkende invloed uitoefen op 'n riviersisteem. Eerstens is daar die natuurlike komponent, wat die plantegroei met die alluviale landvorms en makrokanaalbanke geassosieer, insluit. Tweedens is daar die menslike faktor met gepaardgaande impakte, hetsey as gevolg van landbou-aktiwiteite, ontwikkeling of ander en derdens die frekwensie en omvang van vloede by ekologies relevante tydskale (Figuur 8.1).



Figuur 8.1 Belangrike komponente wat deel vorm en/of 'n invloed uitoefen op 'n riviersisteem

Suid-Afrika is 'n ariede land en water is die enkele faktor wat sekerlik die grootste invloed op toekomstige ontwikkeling sal uitoefen. Die groter riviersisteme word feitlik sonder

uitsondering aan die teenwoordigheid van opgaardamme en keerwalle gekenmerk. Gedurende die konstruksie van sulke strukture is daar noodwendig versteuring van die rivierbed, banke en oewersones. Day *et al.* (1986) beweer dat bogenoemde ontwikkelings-aktiwiteite 'n ernstige effek op 'n riviersisteem mag hê en dat die impak daarvan nie noodwendig onmiddelik sigbaar is nie.

Menslike aktiwiteite het nie net 'n direkte invloed op 'n riviersisteem met die geassosieerde plantegroei nie, maar beïnvloed ook die wyse waarop vloede op die riviersisteem sal impakteer. Weinig van die riviere in Suid-Afrika het uitgebreide vloedvlaktes en waar sulke vloedvlaktes voorkom word dit hoofsaaklik vir landbou-ontwikkeling gebruik, vanweë die vrugbare gronde geassosieer met die vloedvlaktes. Die bou van opgaardamme in Suid-Afrika vir die uitsluitlike doel om stroomafgebiede teen oorstroming te beskerm is nie ekonomies lewensvatbaar nie (Departement van Waterwese 1986). Desondanks is 'n aantal damme ontwerp om vloedspitsdemping te verskaf. Sulke damme het die vermoë om 'n beduidende vermindering in die spitse van matige vloede te bewerkstellig.

Die oewerplantegroei van 'n riviersisteem speel 'n deurslaggewende rol by die stabilisering van die makrokanaalbanke. Verskeie navorsers (White 1979; Pickett 1980; Bradley & Smith 1986) beskou die natuurlike versteuring van vloede as een van die belangrikste invloede in die verspreiding en instandhouding van oewerplantegroei. Vloedtoestande het 'n direkte invloed op oewerspesies, kan plante beskadig of verwyder en het gereeld 'n afname in groei of mortaliteit van die plant tot gevolg (Gill 1970; Frye & Quinn 1979; Van Coller 1992). Hierdeur word nuwe hulpbronspasie en habitat geskep vir die vestiging van plantegroei. Die impak van 'n vloed op die oewersone kan verder vergroot word deur menslike aktiwiteite of strukture in die betrokke area. Vloedwater breek gereeld deur en rondom kleiner keerwalle en verwynner sodoende groot gedeeltes van die makrokanaalbanke met gepaardgaande plantegroei. Op hierdie wyse word massas grond deur die water meegesleur.

Gill (1970) en Blom *et al.* (1990) stel voor dat daar groot verskille tussen oewerspesies bestaan in terme van toleransie teenoor vloede. Van Coller (1992) beweer dat sonasie patronen in oewerplantegroei sisteme gereeld veroorsaak word deur verskille in vloed toleransie tussen die plantspesies. Die hoëliggende gedeeltes van die makrokanaal word gekenmerk aan laer vloed frekwensies, terwyl die laerliggende alluviale landvorms meer gereeld aan vloedtoestande blootgestel word. Menges & Waller (1983) beweer dat plantspesies wat met

die laerliggende dele van makrokanaalbanke of vloedvlaktes geassosieer word meer tolerant teenoor vloedtoestande is of alternatiewelik vloedtoestande vermy deur hul kort lewenssiklusse te voltooii alvorens hierdie plante aan vloedtoestande blootgestel word.

Jones *et al.* (1989), soos aangehaal deur Van Coller (1992) beskou vloede as besonder belangrik ten opsigte van die invloed wat vloede op die regenerering van oewerspesies uitoefen. Vloede verwyder sediment, wysig habitatte en plantegroei en speel sodoende 'n belangrike rol in die totstandkoming van nuwe ontblote areas vir die vestiging van plantspesies.

8.2 Vloedtoestande in die Olifantsriviersisteem

Die rivier word deur 'n groot makrokanaal wat oor geologiese tyd in die moedergesteente en onderliggende rots ingesny is verteenwoordig. Hierdie makrokanaal, wat groot volumes water kan dreineer bevat kleiner kanale in die vorm van aktiewe en seisoenale kanale wat water tydens laer vloeiperiodes dreineer. Die vorm van die kanaal varieer van 'n enkel aktiewe kanaal tot 'n netwerk van aktiewe en seisoenale kanale wat deur die aan- of afwesigheid van blootgestelde moedermateriaal, afhangend van die mate van sedimentneerlegging, gekenmerk word.




'n Verhoging in die sedimentproduksie en 'n verlaging in vloeい volume en frekwensie veroorsaak 'n verandering in die vorm van die makrokanaal met geassosieerde alluviale landvorms. Variasie in die vloeipatroon, die omvang van vloeい, sediment lading en die lokale sediment vervoerpotensiaal is deur Heritage *et al.* (1997) gedefinieer as die faktore wat kanaalvorm primêr beïnvloed.


Figuur 8.2 Loskopdam se wal tydens die 1996 vloede

Vanweë die sporadiese voorkoms en frekwensie van vloede, kon die vloede in die Olifantsrivier in 1996 ervaar (Figuur 8.2) nie voorsien word nie en was dus nie deel van die oorspronklike projekontwerp nie. Tydens die vloedpiekperiode het die water tot so hoog as drie meter bo-oor die wal van Arabiedam gevloei (Figuur 8.3).

Die enorme impak van die volume water wat deur die Olifantsriviersisteem dreineer is, het meegebring dat paaie verspoel, keerwalle gebreek en laagwaterbrûe oorspoel het (Figure 8.5, 8.6 & 8.7).



Figuur 8.3 Watervlakte van Arabiedam vir die periode 11-24 Februarie 1996 (by 17 meter is die dam 100% vol) (Departement van Waterwese en Bosbou, Direktoraat van Hidrologie, Privaatsak X 313, Pretoria, 0001)



Figuur 8.4 Arabiedam na afloop van die ergste vloedwater gedurende 1996



Figuur 8.5 Die ou Witbank-Middelburg pad deur die vloedwater gedurende 1996 meegesleur



Figuur 8.6 ‘n Keerwal in die Groblersdal omgewing wat tydens die 1996 vloede verspoel het

Die makrokanaalbanke is oorspoel en die oewerplantegroei sowel as die omliggende terrestriële plantegroei was vir lang tydperke onder water. Die toename in die volume water stroom-af met die gepaardgaande toename in die versteuring daarvan was duidelik sigbaar. Die houtagtige plantegroei met die makrokanaalbanke geassosieer in die gedeelte van die Olifantsriviersisteem onderkant Loskopdam, is deur die water meegesleur. Groot gedeeltes van die lande en boorde (Figure 8.8 & 8.9) is weggespoel en sodoende het massas bogrond in die rivier beland.



Figuur 8.7 Die laagwaterbrug onderkant Loskopdam se wal gedurende Februarie 1996




Figuur 8.8 Plantegroei van die makrokanaalbank en 'n gedeelte van 'n sitrusboord is in die Groblersdal-Marble Hall area deur die vloedwater meegesleur



Figuur 8.9 Watervlake van die Olifantsrivier strek wyer as die makrokanaal tot in 'n onbeplante land

In lokale areas is groot bome deur die vloedwater ontwortel en die struike, dwergstruiken, grasse en kruide wat nie verwyder is nie, is onder massas sand en slik begrawe (Figure 8.10 & 8.11)



Figuur 8.10 Ondergroei met die makrokanaalbanke geassosieer is totaal onder die massa sand en slik begrawe of weggespoel



Figuur 8.11 ‘n Reuse *Ficus sycomorus* deur die vloede in die omgewing van Manoutsa Park omgespoel gedurende 1996

8.3 Heropnames van die oewerplantegroei na die 1996 vloede

Die floristiese opnames van hierdie studie het ‘n aanvang geneem gedurende die 1995 groeiseisoen. Gedurende hierdie groeiseisoen is data by die opnamepunte uitgeplaas in die Grasveldbioom asook enkele persele stroom-af in die Savannebioom ingewin. Die vloedtoestande in 1996 was van so ‘n aard (Figuur 8.2 & 8.4) dat data-inwinning by die oorblywende opnamepunte nie voltooi sou kon word gedurende daardie seisoen soos oorspronklik beplan nie.

Daar is besluit om enkele van die persele waarvan daar reeds data ingesamel is te hermonster ten einde die floristiek van die bepaalde opnamepunte voor die vloedversteuring te vergelyk met data ingewin na die vloede. Die seleksie van persele vir hermonsternemings-doeleindes was dus beperk tot daardie persele waarvoor daar reeds data ingesamel was. Die data ingewin gedurende die 1995 groeiseisoen was ten tye van die vloede in 1996 nog nie geklassifiseer en plantgemeenskappe geïdentifiseer nie. Die opnamepunte geselekteer vir heropnames is dus nie op ‘n plantgemeenskapsbasis geselekteer nie en sou dus nie noodwendig ‘n verskeidenheid plantgemeenskappe verteenwoordig nie.

Die primêre oorweging by die seleksie van opnamepunte vir hermonsterneming was die verteenwoordiging van beide die Grasveld- en die Savannebioom. Die seleksie van persele

was egter, soos reeds genoem, beperk tot daardie opnamepunte waarvoor data ingewing is gedurende die 1995 groeiseisoen. Die tweede kriteria wat gebruik is by die seleksie van opnamepunte was geologie, omdat hierdie parameter primêr gebruik is tydens die stratifiseringsproses (sien Hoofstuk 3). Die derde oorweging was om opnamepunte te selekteer wat beide verteenwoordigend sou wees van daardie gedeeltes van die riviersisteem wat oorwegend natuurlik voorkom sonder laagwaterbrûe en damme in die onmiddelike omgewing en daardie gedeeltes geassosieer met mensgemaakte strukture soos damme en brûe onmiddelik stroom-op van die opnamepunte. Deur gebruik te maak van bogenoemde kriteria is daar op 'n subjektiewe wyse besluit op vyf opnamepunte wat 10 relevès verteenwoordig.

Groot gedeeltes van die riviersisteem is, sovôr prakties moontlik, gedurende 1996 besoek en alle visuele veranderinge en impakte as gevolg van die vloedversteuring is aangeteken en fotografiese rekords is versamel. Floristiese opnames by die geselekteerde opnamepunte is, na afloop van die vloede gedoen gedurende Maart 1996 en weer herhaal gedurende Februarie 1998 sodat daar in totaal drie opname tydperke vir die geselekteerde persele plaasgevind het. Twee van die opnamepunte wat hermonster is verteenwoordig die Grasveldbioom-gedeelte van die Olifantsriviersisteem, terwyl drie opnamepunte die Savannebioom-gedeelte verteenwoordig (Figuur 8.12 & Tabel 8.1).

Tabel 8.1 Die opnamepunte verteenwoordigend van die onderskeie plantgemeenskappe waarby heropnames gedurende 1996 en 1998 gedoen is

Opnamepunt nommer	Relevè nommers	Verteenwoordigende plantgemeenskap nommer
6	11 & 12	grasveld-plantgemeenskap 4
12	23 & 24	grasveld-plantgemeenskap 4
19	37 & 38	savanne-plantgemeenskap 1
23	45 & 46	savanne-plantgemeenskap 2
30	59 & 60	savanne-plantgemeenskap 3

Die vraag kan ontstaan oor waarom heropnames slegs ongeveer 'n maand na die afloop van die vloede vir die eerste keer 'n aanvang geneem het? Twee redes kan hiervoor aangevoer word :

- die uitstel van heropnames na April of selfs later kon teweegbring dat grasspesies, wat die plantegroei van die riviersisteem op die Mpumalanga Hoëveld domineer, moontlik reeds in 'n dormante fase en dus moeilik identifiseerbaar kon wees; en

- dit was hoogs onwaarskynlik dat daar 'n beduidende mate van hergroei so laat in die groeiseisoen sou plaasvind, veral op die Hoëveld met gepaardgaande afname in temperatuur en moontlike vroeë intree periodes van ry. Die beskadiging van plante deur vloedwater het alreeds die identifisering van sommige plante bemoeilik.


Die opnames na afloop van die vloede in 1996 sou slegs 'n aanduiding verskaf van die invloed van die versteuring op die spesiesamestelling en plantegroeibedekking by die geselekteerde persele deurdat plante verwyder of gedeeltelik verwyder is, voordat enige noemenswaardige hergroei plaasgevind het. Die data ingewin gedurende die 1998 groeiseisoen sou egter hergroei en die vestiging/hervestiging van spesies illustreer deurdat voldoende tyd toegelaat is vir hierdie aksies om te kon plaasvind.

Heropnames 'n maand na die vloede het probleme opgelewer in die opsig dat groot volumes slik en sand, veral in die Savannebioom-gedeeltes bo-op die ondergroei gedeponeer is. Die moontlikheid dat enkele plantspesies nie aangeteken is gedurende hierdie opnames nie, maar wel teenwoordig kon wees, kan nie uitgesluit word nie. Dit kan veral op plantspesies wat gedurende die 1995 seisoen teen lae frekwensies en met lae gemiddelde kroonbedekkings teenwoordig was, van toepassing wees.

Die onderskeie jare se floristiese data is digitaal vasgelê met behulp van die Phytotab-PC rekenaarprogrampakket (Westfall 1990). Daar is twee benaderings gevvolg tydens die klassifisering van die floristiese data.

8.3.1 Klassifisering en analisering van die totale datastel

Die totale datastel van 30 relevès (1995, 1996, 1998) is geklassifiseer. Die onderskeie jare se data is gegroepeer tydens die klassifikasieproses ten einde 'n geheelbeeld te verkry van die floristiese verandering, indien enige, wat by die onderskeie relevès gesamentlik plaasgevind het. Die gemiddelde persentasie kroonbedekkings van die onderskeie plantspesies is benader en slegs spesies met 'n gemiddelde kroonbedekking van meer as 0,5% is ingesluit.



Figuur 8.12 Ligging van die opnamepunte in die Olifantsrivier waar heropnames gedurende 1996 en 1998 gedoen is

Die boomspesie *Acacia dealbata* en struikspesies *Diospyros lycioides* subsp. *sericea* en *Salix mucronata* subsp. *wilmsii* was, in terme van die gemiddelde kroonbedekking, die enigste dominante houtagtige spesies gedurende 1995. *Acacia dealbata* en *Salix mucronata* subsp. *wilmsii* het onderskeidelik gemiddelde kroonbedekkings van 3% en 2% getoon (Tabel 8.2).

Tabel 8.2 Dominante spesies ten opsigte van gemiddelde persentasie kroonbedekking in die totale datastel vir die onderskeie jare van floristiese opname

Groeivorms	Jare van floristiese opname		
	1995	1996	1998
Boom			
<i>Acacia dealbata</i>	3		2
Struik			
<i>Diospyros lycioides</i> subsp. <i>sericea</i>	1		1
<i>Salix mucronata</i> subsp. <i>wilmsii</i>	2		1
Grasse			
<i>Melinis repens</i>			1
<i>Typha capensis</i>	1		
<i>Ischaemum fasciculatum</i>	1		
<i>Leersia hexandra</i>	1		1
<i>Panicum maximum</i>	1		
<i>Eragrostis plana</i>	1	1	1
<i>Imperata cylindrica</i>	1	1	1
<i>Themeda triandra</i>	1	1	1
<i>Elionurus muticus</i>	2		
<i>Aristida transvaalensis</i>	1	1	1
<i>Cyperus longus</i> var. <i>tenuiflorus</i>	1		1
<i>Eragrostis curvula</i>	1	1	1
<i>Brachiaria brizantha</i>	1	1	1
<i>Heteropogon contortus</i>	1	1	1
<i>Hyparrhenia tamba</i>	2	1	1
<i>Cynodon dactylon</i>	2	1	2
<i>Phragmites australis</i>	3		3
<i>Hemarthria altissima</i>	2	2	2
Kruide			
<i>Ceratotheca triloba</i>	1		
<i>Verbena bonariensis</i>			3
<i>Persicaria lapathifolia</i>	1		1
<i>Tagetes minuta</i>	2		2
<i>Hypoestes forskaolii</i>	3		1

* slegs plantspesies met 'n gemiddelde kroonbedekking van meer as 0,50% is ingesluit in die tabel; die gemiddelde kroonbedekkingswaardes is benader.

Hierdie twee houtagtige spesies assosieer met die waterrand en laerliggende gedeeltes van die makrokanaalbanke en is grotendeels verwyder gedurende die vloede van 1996. Beide die plantspesies was teenwoordig gedurende die heropnames in 1996, maar die gemiddelde kroonbedekkings was minder as 0,5%. Die heropnames gedurende 1998 toon dat hierdie twee

houtagtige spesies tot 'n groot mate herstel het. Die uitheemse boom *Acacia dealbata* het 'n gemiddelde kroonbedekking van 2%.

Die gemiddelde kroonbedekkings van *Typha capensis*, *Ischaemum fasciculatum*, *Panicum maximum* en *Eliomurus muticus* het gedurende die periode tussen die vloed en 1998 afgeneem. Die biesiespesie *Typha capensis* en die grasspesie *Ischaemum fasciculatum*, wat met die waterrand geassosieer word, is grotendeels verwijder en het gemiddelde kroonbedekkings van minder as 0,5% gedurende 1998 getoon. Die gemiddelde kroonbedekking van die biesie *Cyperus longus* var. *tenuiflorus* het afgeneem gedurende die 1996 vloede, maar hierdie plantspesie het weer 'n gemiddelde kroonbedekking van 1% getoon gedurende 1998.

Die gemiddelde kroonbedekking van die gras *Panicum maximum* is tans laer as gedurende die 1995 seisoen. Hierdie grasspesie word oorwegend met die skaduryke areas onder die bome en struiklewe van die oewersone geassosieer. Die beskadiging en/of verwijdering van houtagtige plantspesies as gevolg van die impak van die vloede het meegebring dat die skaduryke habitat van *Panicum maximum* afgeneem het. Dit is 'n moontlike verklaring vir die lae gemiddelde kroonbedekking van *Panicum maximum* aangeteken gedurende 1998.

Die pionier eenjarige kruid *Ceratotheca triloba*, wat oorwegend met die aktiewe kanaaldeposito's geassosieer word, het afgeneem as gevolg van die vloede, terwyl die uitheemse kruid *Verbena bonariensis* 'n opmerkbare toename in gemiddelde kroonbedekking toon en die aktiewe kanaaldeposito's tans domineer (Tabel 8.2).

Die kompetisiestatus, met ander woorde die verhouding tussen die konstandheid van voorkoms van die plantspesie en die gemiddelde kroonbedekking van die plantspesies aangetref by die onderskeie opnamepunte, is beïnvloed deur die vloedtoestande (Tabel 8.3).

Tabel 8.3 Kompetisiestatus van die verskillende plantspesies vir die onderskeie jare van floristiese opname (die kompetisiestatus is 'n funksie van die bedekkings/konstandheidsverhouding – sien Hoofstuk 3 & Westfall 1990)

Groeivorms	Jare van floristiese opname									
	1995			1996			1998			
	S	M	Sw	S	M	Sw	S	M	Sw	
Bome										
<i>Acacia dealbata</i>	3						2			
Struik										
<i>Salix mucronata</i> subsp. <i>wilmsii</i>	2						1			
<i>Diospyros lycioides</i> subsp. <i>sericea</i>		1						1		
Grasse										
<i>Phragmites australis</i>	3						3			
<i>Elionurus muticus</i>	2									
<i>Hemarthria altissima</i>	2			2			2			
<i>Cynodon dactylon</i>	2				1		2			
<i>Hyparrhenia tamba</i>	2			1			1			
<i>Heteropogon contortus</i>	1			1			1			
<i>Imperata cylindrica</i>		1		1			1			
<i>Brachiaria brizantha</i>		1			1		1			
<i>Leersia hexandra</i>		1						1		
<i>Aristida transvaalensis</i>	1			1			1			
<i>Ischaemum fasciculatum</i>	1									
<i>Typha capensis</i>	1									
<i>Cyperus longus</i> var. <i>tenuiflorus</i>	1						1			
<i>Panicum maximum</i>	1									
<i>Eragrostis plana</i>	1				1			1		
<i>Themeda triandra</i>			1				1			1
<i>Eragrostis curvula</i>		1			1			1		
<i>Melinis repens</i>								1		
Kruide										
<i>Hypoestes forskaolii</i>	3						1			
<i>Ceratotheca triloba</i>	1									
<i>Tagetes minuta</i>		2						2		
<i>Persicaria lapathifolia</i>		1						1		
<i>Verbena bonariensis</i>							3			

* S – sterk kompeteerder; M – matige kompeteerder, Sw – swak kompeteerder; slegs plantspesies met 'n gemiddelde kroonbedekking van meer as 0,5% in ingesluit; die gemiddelde kroonbedekkingswaardes is benader.

Die kompetisiestatus van die grasspesie *Cynodon dactylon* het verander van 'n sterk kompeteerder gedurende 1995 na 'n matige kompeteerder met 'n laer gemiddelde kroonbedekking gedurende 1996 na afloop van die vloede. Hierdie grasspesie is egter weer as 'n sterk kompeteerder geklassifiseer gedurende die verwerking van die 1998 floristiese data. Die kompetisiestatus van die grasspesies *Brachiaria brizantha*, *Aristida transvaalensis* en biesiespesie *Cyperus longus* var. *tenuiflorus* het verander van matige kompeteerders gedurende 1995 tot sterk kompeteerders gedurende 1998. Dit wil dus voorkom of die versteuring deur die vloedwater, die wysiging in habitat en die totstandkoming van ontblote

areas hierdie spesies bevoordeel. Die opportunistiese kruid *Verbena bonariensis* is as 'n sterk kompeteerder gedurende 1998 geklassifiseer (Tabel 8.3).

Die analisering van die totale datastel toon aan dat daar 'n verandering in die gemiddelde persentasie kroonbedekkings van die verskillende groeivorms vir die onderskeie jare plaasgevind het (Tabel 8.4).

Tabel 8.4 Totale gemiddelde persentasie kroonbedekkings van die onderskeie groeivorms vir die drie jare waarin floristiese data ingewin is.

Groeivorms	Totale gemiddelde persentasie kroonbedekkings		
	1995	1996	1998
Bome	5	2	4
Struiken	5	2	3
Dwergstruiken	1		2
Grasse	27	14	23
Kruide	11	3	10
Totale gemiddelde kroonbedekkings	49	21	42

* die gemiddelde kroonbedekkingswaardes is benader

Die gemiddelde kroonbedekkings van die boom- en struikkomponent van die oewersone het afgeneem as gevolg van die impak van die vloede wat plante verwyder of beskadig het, maar het weer tot 'n mate herstel teen 1998. Die gemiddelde kroonbedekking van die dwergstruiken het egter toegeneem van 1% gedurende 1995 tot 2% gedurende 1998. Hierdie toename in bedekking kan toegeskryf word aan 'n toename in houtagtige saailinge na die vloede wat dui op die dinamika en regenerasievermoë van die houtagtige spesies. Die verwydering van plantspesies met die gepaardgaande ontblote areas en ooreenkomslike vermindering in kompetisie is moontlik redes vir hierdie toename in saailinge. Die totale gemiddelde kroonbedekkings vir die drie verskillende jare van opnames is onderskeidelik 49%, 21% en 42% (Tabel 8.4).

Die impak van die vloede op die oewerplantegroei van die Olifantsriviersisteem word weerspieël in die variasie in spesiediversiteit tussen die drie jare van floristiese opnames. Daar is slegs 142 plantspesies by die onderskeie relevès aangeteken na afloop van die vloede gedurende 1996 in vergelyking met 'n totaal van 163 plantspesies aangeteken gedurende 1995 (Tabel 8.5). Daar is egter 'n opmerklike toename in die getal spesies (171 plantspesies) aangeteken gedurende 1998. Hierdie toename in die getal spesies teenwoordig kan

grotendeels toegeskryf word aan 'n toename in eenjarige- en pioniersplante wat ontblote areas, veroorsaak deur die vloedwater, beset.

Tabel 8.5 Minimum-, maksimum-, gemiddelde- en totale aantal plantspesies in al die opnamepunte gesamentlik aangeteken vir die onderskeie jare van floristiese opname

Jaar	1995	1996	1998
Minimum aantal spesies/relevè	26	21	24
Maksimum aantal spesies/relevè	48	45	53
Gemiddelde aantal spesies/relevè	35	30	38
Totale aantal spesies	163	142	171

8.3.2 Klassifisering en analisering van die individuele datastelle

Die data van elke afsonderlike opnamepunt is geklassifiseer. Die totale datastel bestaan in hierdie geval uit ses relevès, twee relevès by elke opnamepunt, vir elk van die drie jare waarin die floristiese opnames herhaal is. Die gemiddelde persentasie kroonbedekkings van die onderskeie plantspesies weergegee in die tabelle is nie benader nie ten einde geringe veranderinge makliker te kan waarneem.

8.3.2a Floristiese monitering by opnamepunt 6 (relevès 11 & 12)

Relevès 11 en 12, wat beide die makrokanaalbanke van opnamepunt 6 verteenwoordig, is geleë in die Grasveldbioom-gedeelte van die Olifantsriviersisteem op die plaas Kafferstad in die Hendrina-omgewing (Figuur 8.12).

Hierdie opnamepunt verteenwoordig die plantegroei van die *Heteropogon contortus-Cyperus longus* var. *tenuiflorus* grasveld (grasveld-plantgemeenskap 4). Die rivier word by opnamepunt 6 gekenmerk aan steil hoë makrokanaalbanke en die aktiewe kanaal is ongeveer 15 meter breed (Figuur 4.12). Daar is 'n opvallende verskil in die persentasie bogrondse klipbedekking tussen die twee makrokanaalbanke. Die hoëliggende bank (relevè 12) word gekenmerk aan groot rotsbanke en rotsplate, terwyl rots feitlik afwesig is by die teenoorstaande bank (relevè 11).

Die floristiese data ingewin by opnamepunt 6 toon aan dat die uitheemse dwergstruik *Sesbania punicea* nie gedurende 1995 of 1996 aangeteken was nie, maar reeds goed gevestig is in 1998. Die gemiddelde kroonbedekking van *Sesbania punicea* is 1,61% by relevè 11 (Tabel 8.6) met 'n kroondeursnee wat varieer van 0,34 meter tot 0,55 meter breed. Die kroondeursnee's van die *Sesbania punicea* individue by relevè 12 aangeteken varieer van 0,55 meter tot 0,89 meter breed. Die tempo waarteen hierdie uitheemse plantspesie gevestig en gegroeи het in minder as twee jaar is kommerwakkend. In die lig van die afwesigheid van hierdie spesie gedurende 1995 word daar voorgestel dat saad vanaf die opvanggebied of gebiede stroom-op afgevoer is en dat die verwydering van plantegroeи met die gepaardgaande ontblote makrokanaalbanke 'n wenslike habitat verskaf het vir vestiging van hierdie plantspesie.

Die gras- en kruidspesies van die onderskeie makrokanaalbanke het verskillend gedurende die periode van floristiese opnames presteer. Die gemiddelde kroonbedekking van die grasspesie *Brachiaria brizantha* het op beide makrokanaalbanke afgeneem tydens die 1996 vloede. Daar was egter 'n toename in gemiddelde kroonbedekking gedurende die 1996 tot 1998 periode. *Brachiaria brizantha* het, soos die biesie *Cyperus longus* var. *tenuiflorus*, 'n hoër gemiddelde kroonbedekking na die impak van die vloede as in 1995.

Tabel 8.6 Floristiese data by opnamepunt 6 (relevè nommer 11) ingewin gedurende 1995, direk na die vloede gedurende 1996 en gedurende 1998 (KKS : kroonklassimbool – sien Tabel 3.1 vir kroondeursnee ; A – aantal individue/transek ; GKB – gemiddelde persentasie kroonbedekking)

Jaar	1995		1996		1998	
	KKS	A(GKB)	KKS	A(GKB)	KKS	A(GKB)
Spesienaam						
Dwergstruik						
<i>Clutia natalensis</i>	J	5(2,52)	J	5(2,52)	J	5(2,52)
<i>Sesbania punicea</i>					I	4(1,61)
Grasse						
Plantgemeenskappe is, soos reeds elders in die verslag genoem, 'n kunsmatige hiërargie van groeperings van plantspesies wat by 'n vooraf gekose skaal geïdentifiseer is. Hoe kleiner die skaal, hoe groter die toename in heterogeniteit en hoe meer variasie word ingesluit as gevolg van die insluiting van verskeie mikrohabitats, in hierdie geval na verwys as landvorms.

Die vloedversteuring het, ondanks bepaalde veranderinge in die floristiek, geen noemenswaardige invloed uitgeoefen op die dominante of diagnostiese groeperings van plantspesies, kenmerkend van en gebruik vir die identifisering en beskrywing van die onderskeie plantgemeenskappe geïdentifiseer by 'n ruimtelike skaal van 1:250 000 nie. Die karakteriserende houtagtige plantspesies van die plantgemeenskappe wat wel verwijder of gebreek is as gevolg van die vloedversteuring, het tot 'n groot mate herstel of is vervang deur saailinge binne 'n periode van ongeveer twee jaar. Die plantgemeenskappe wat geïdentifiseer is by 'n ruimtelike skaal van 1:250 000, waarvan die plantegroei van die makrokanaalbanke

‘n deurslaggewende rol speel, blyk dus redelik weerstandbiedend en veerkratig te wees. Soos wat die omvang van vloedversteuring varieer na gelang van verskillende vloede met varierende intensiteite by verskillende tydskale, sal die tyd benodig vir suksessie om die plantgemeenskap te herstel na die toestand voordat versteuring plaasgevind het, ook varieer.


Indien die skaal van stratifisering en monsterneming egter tot so ‘n mate vergroot sou word dat die plantegroei geassosieer met individuele landvorms as afsonderlike plantgemeenskappe gekarteer en beskryf sou word, kon die invloed van hierdie vloedversteuring op die betrokke plantgemeenskappe moontlik totaal anders vertolk word. Dit sou veral van toepassing wees op die laerliggende landvorms soos alluviale deposito’s en aktiewe kanaal deposito’s. Plantspesies wat met hierdie laagliggende dele geassosieer word het die grootste afname in getalle, kroondeursneeë of gemiddelde kroonbedekkings, of ‘n kombinasie van bovenoemde drie aspekte getoon. Hierdie landvorms het verder die grootste spesies omset getoon in terme van spesies wat verwyder en deur ander spesies vervang is na die vloedversteuring. In sommige areas, soos byvoorbeeld die aktiewe kanaal deposito geassosieer met opnamepunt 30, het bepaalde kruidspesies soos byvoorbeeld *Verbena bonariensis* tot so ‘n mate toegeneem in beide konstandheid en gemiddelde kroonbedekking dat hierdie plantspesie die betrokke landvorm totaal domineer na afloop van die vloedversteuring.

Die analisering van die floristiese data ingewin asook die aantekeninge en fotografiese rekords versamel oor ‘n periode van drie jaar toon definitiewe tendense ten opsigte van vloedtoestande en die versteuringsrol daarvan op die habitats en plantegroei ten opsigte van struktuur en spesiesamestelling van die makrokanaal van die Olifantsriviersisteem :

- Die makrokanaal van die Savannebioom-gedeelte van die Olifantsrivier het ‘n groter floristiese spesiediversiteit as die oewersone van die Grasveldbioom-gedeelte, beide voor en na die vloede.
- Daar is ‘n toename in die hoeveelheid vloedwater wat die riviersisteem moet dreineer vanaf die oorsprong in die Grasveldbioom na die stroom-af gedeeltes in die Savannebioom.
- Hierdie toename in die volume water veroorsaak ‘n toename in die versteuring wat die vloede op die makrokanaalbanke en ander alluviale landvorms uitoefen.

- Die versteuringsinvloed van die vloedwater in die makrokanaal is die grootste by die laerliggende landvorms soos alluviale deposito's en aktiewe kanaal deposito's.
- Plantspesies wat met die laerliggende dele van die makrokanaalbanke, alluviale deposito's en aktiewe kanaal deposito's geassosieer word toon die grootste afname in getalle, of kroondeursnee of gemiddelde kroonbedekkings of 'n kombinasie van bogenoemde drie aspekte.
- Vloede in die Olifantsriviersisteem het 'n afname in die getal plantspesies, geassosieer met die makrokanaal, tot gevolg gehad. Hierdie afname is onderskeidelik as gevolg van plante wat gebreek en gevrek het of verwijder is of as gevolg van habitatsveranderings.
- Daar is egter 'n toename in die aantal plantspesies aangetref in die makrokanaal twee jaar na afloop van die vloede.
- Die gemiddelde persentasie kroonbedekkings van die gras- en kruidstratums toon 'n groter mate van verandering oor die onderskeie jare as die boom-, struik-, en dwergstruikstratums (Figuur 8.29).
- Die kruidstratum toon 'n groter mate van verandering in spesiesamestelling as die boom-, struik-, dwergstruik- of grasstratums.
- Die toename in die getal kruide kan toegeskryf word aan 'n toename van oorwegend opportunistiese eenjarige of pionierspesies. Hierdie spesies beset ontblote grond op bestaande landvorms of nuut gevormde landvorms, wat totstand gekom het deur die deponering van alluviale materiaal.
- Daar is 'n toename in die aantal houtagtige saailinge aangetref in die oewersone twee jaar na die vloede in vergelyking met voor die vloede wat dui op die regenerasievermoeë van die houtagtige plantspesies.
- Vloedwater tree op as verspreidingsagent van saad, insluitend die saad van ongewenste kruide, uitheemse plante en verklaarde onkruide.
- Die uitheemse boom *Acacia dealbata* besit die vermoë om vinnig te herstel en aggressief te vermeerder nadat hierdie spesie deur vloedwater beskadig is.
- Die houtagtige uitheemse plant *Sesbania punicea* is opportunisties van aard en besit die vermoë om vinnig te versprei na- en te vestig in stroom-af gebiede in die rivier tydens en na afloop van vloede. Hierdie plantspesie het in 'n periode van twee jaar gevestig en gegroeи vanaf die saailingstadium tot individue van een meter hoog met 'n kroondeursnee van tot 0,89 meter.

- Die geomorfologie van 'n bepaalde gedeelte rivier en meer spesifiek die geomorfologie van 'n spesifieke makrokanaalbank, beïnvloed die impak wat die vloedwater op die oewersone uitoefen.
- Mensgemaakte strukture soos onder andere laagwaterbrûe, landerye en pomphuise beïnvloed die impak van die vloedwater op die makrokanaal met geassosieerde plantegroei.
- Menslike aktiwiteite soos die versameling van brandhout, ontbossing, selfonderhoudende landerye en die onoordeelkundige benutting van die makrokanaal lei tot die degradering van die plantegroei hulpbron en gevvolglik tot die degradering van die oewersone in totaal.
- Aktiwiteite wat negatief impakteer op die stabiliserende rol van die oewerplantegroei vergroot die impak van die vloedwater op die makrokanaal in geheel.



Figuur 8.29 Gemiddelde persentasie kroonbedekkings van die verskillende groeivorms vir die onderskeie jare van floristiese opnames

Acocks (1986) beweer dat oewerplantegroei in so 'n toestand moet wees dat dit drie belangrike funksies kan verrig :

- dit moet die water versprei oor 'n area;
- die plantegroei moet verhoed dat groot volumes water akkumuleer en verder die tempo van die waterafloop beheer; en
- die plantegroei moet die grond beskerm teen erosie en slootvorming.

Grasspesies in die besonder speel 'n belangrike rol by die stabilisering van makrokanaalbanke tydens vloedtoestande, indien hierdie spesies se bedekking so dig is dat water nie onder die wortels kan ingrawe en die plante op die wyse kan verwijder nie. 'n Verdere belangrike eienskap van grasse en grasagtige plante is die vorm, sterkte en buigsaamheid van die blare. Hierdie plante besit die vermoë om plat te lê tydens vloedtoestande en sodoende word die grondoppervlak beskerm (Acocks 1976).

'n Aantal breë tendense is waargeneem tydens hierdie ondersoek na die versteuringsrol van die vloedwater op die makrokanaal van die Olifantsriviersisteem (Tabel 8.21).

Tabel 8.21 Faktore wat 'n direkte of indirekte rol speel by die intensiteit en impak van vloede op die makrokanaal van die Olifantsriviersisteem.

Intensiteit van impak	Fisiiese situasie
Lae impak	<p>Makrokanaalbank :</p> <ul style="list-style-type: none"> - natuurlike oewerplantegroei in goeie stabiele toestand (klimaks plantegroei) - hoë bogrondse klipbedekking - menslike aktiwiteite afwesig of beperk <p>Omliggende areas :</p> <ul style="list-style-type: none"> - natuurlike terrestriële plantegroei in goeie toestand (klimaks plantegroei)
Matige impak	<p>Makrokanaalbank :</p> <ul style="list-style-type: none"> - natuurlike oewerplantegroei in aanvaarbare toestand (subklimaks plantegroei) - lae tot geen bogrondse klipbedekking - menslike aktiwiteite redelik beperk (geen strukturele veranderinge o.a. laagwaterbrûe, keerwalle ens.) <p>Omliggende areas :</p> <ul style="list-style-type: none"> - natuurlike terrestriële plantegroei in aanvaarbare toestand (subklimaks plantegroei)
Hoë impak	<p>Makrokanaalbank :</p> <ul style="list-style-type: none"> - natuurlike plantegroei in swak onstabiele toestand (pioniers plantegroei) of afwesig (ontbossing ens.) - geen bogrondse klipbedekking - menslike aktiwiteite algemeen (laagwaterbrûe, keerwalle, pomphuise ens.) <p>Omliggende areas :</p> <ul style="list-style-type: none"> - nie natuurlik, landbou-aktiwiteite o.a. landerye, boorde direk aangrensend die oewersone

Die inligting weergegee in Tabel 8.21 is 'n vereenvoudiging en samevatting van gebeure en tendense waargeneem tydens die 1996 vloede. Daar is verskeie ander faktore of kombinasie van faktore wat 'n rol speel by die impak van vloede op 'n makrokanaalbank in enige gegewe area. Daar kan egter, in die lig van die ge-evalueerde data beweer word dat :

- die plantegroei wat met die makrokanaal geassosieer word tot so 'n mate dinamies is dat 'n groot mate van herstel en regenerering selfs oor 'n tydskaal so kort as twee jaar plaasgevind het; en
- die vergelyking van data voor- en na die vloede die opportunistiese aard van inintragers soos *Acacia dealbata* bevestig. Die herstel- en hervestigingsvermoë van hierdie plantspesies blyk vinniger te wees as die inheemse houtagtige plantspesies wat met die makrokanaal geassosieer word in bepaalde areas.

Die inligting verskaf is bloot 'n breë ekologiese perspektief en daar behoort verdere navorsing gedoen te word ten einde al die onderskeie faktore, wat die impak van vloedwater op die makrokanaal van riviersisteme beïnvloed, te kwantifiseer.

HOOFSTUK 9

DIE RIVIERGEBRUIKERS EN DIE POTENSIËLE IMPAK OP DIE OEWERPLANTEGROEI EN DIE OLIFANTS RIVIERSISTEEM IN GEHEEL

9.1 Inleiding

‘n Riviersisteem is ‘n dinamiese ekosisteem waarin daar voortdurend veranderings plaasvind. Hierdie dinamika word deels deur natuurlike versteurings soos vloede beïnvloed en geïnisieer. Verskeie van die veranderings word egter veroorsaak deur menslike aktiwiteite. Moon *et al.* (1997) beweer dat gronderosie met die geassosieerde probleme, veral in die voormalig selfregerende gebiede, die produk van oorbeweiding, die verwydering van houtagtige bedekking vir vuurmaakhout en swak landboupraktyke is.

Enige betekenisvolle verandering in die opvanggebied sowel as in die stroom-op gedeeltes van ‘n rivier wat ‘n verandering in die vloeipatroon teweegbring en die chemiese en fisiese eienskappe beïnvloed, sal ‘n wanbalans tot gevolg hê. Hierdie wanbalans kan lei tot die indringing van uitheemse spesies, ‘n verandering in die morfologie van die kanaal, ‘n afname in spesierykheid en ‘n algehele afname in omgewingskwaliteit (O’Keeffe *et al.* 1989; Departement van Waterwese 1991e).

Daar is verskeie plantegroeitipes of plantgemeenskappe wat ‘n belangrike rol speel by die hidrologie, lewende organismes en die algehele toestand van enige riviersisteem. Die impak van die onderskeie sektore en gebruikers en die toestand van hierdie plantegroeitipes lewer ‘n direkte bydrae tot die algehele toestand van ‘n riviersisteem.

Die eerste plantegroeitipe is die terrestriële veld geassosieer met die opvanggebied van ‘n riviersisteem. Hierdie plantegroei beïnvloed die tempo waarteen water verdamp of infiltreer en dus die waterafloop na die rivier (O’Keeffe 1986). Chutter (1973) beweer dat die hidrologie van baie Suid-Afrikaanse riviere verander het oor die afgelope 300 jaar van standhoudende riviere tot riviere wat slegs beperkte tye van die jaar vloei as gevolg van onder andere die verwydering van natuurlike plantegroei met die gepaardgaande afname in plantegroeibedekking en afname in bufferkapasiteit van die opvanggebied in geheel.

Die tweede plantegroeitipe word met die makrokanaalbanke en laerliggende alluviale landvorms van riviersisteme geassosieer. Hierdie plantegroei is uniek in die opsig dat die waterbehoeftes van hierdie plantegroei opvallend verskil van die omliggende terrestriële veld wat met die opvanggebied geassosieer is. Oewerplantegroei speel 'n deurslaggewende rol by die stabilisering van makrokanaalbanke. Acocks (1976) beweer dat hierdie plantegroei drie funksies verrig naamlik: dit veroorsaak die verspreiding van afloopwater oor 'n area; dit verhoed die akkumulering van 'n groot volume water en beheer die wateraflooptempo en beskerm die grond teen erosie en slootvorming. Die plantbedekking van die grasspesies moet die grond tot so 'n mate bedek dat vloedwater nie onder die wortels van hierdie plante kan inspoel en die plante ontwortel nie.

Die derde plantegroeitipe sluit in die akwatische plantegroei wat direk met die waterrand en staande water geassosieer word. Hierdie studie fokus primêr op die oewerplantegroei van die Olifantsriviersisteem en om hierdie rede word daar oorwegend gekonsentreer op die onderskeie gebruikers en gepaardgaande impakte wat lei tot die degradering van die plantegroei geassosieer met die makrokanaal as sulks.

9.2 Potensiële impak van die onderskeie sektore op die Olifantsriviersisteem

Daar is aantekeninge gemaak en fotografiese rekords versamel van die opvallendste impakte of menslike aktiwiteite wat tans lei of kan lei tot die degradering van die plantegroei van die makrokanaal van die Olifantsriviersisteem. Hierdie menslike aktiwiteite of potensiële impakte is visueel waargeneem en aangeteken. Die impakte veroorsaak deur menslike aktiwiteite is egter nie individueel ontleed of ondersoek ten einde 'n kwantifiseerbare waarde te verskaf nie. Die fokus van hierdie studie is, soos reeds genoem, die oewerplantegroei, soos gekarteer en beskryf by 'n ruimtelike longitudinale skaal van 1:250 000.

Plantgemeenskappe word aan fluktuerings in samestelling gekenmerk. Natuurlike versteurings soos byvoorbeeld vloede karakteriseer die omgewing van hierdie plantegroei. Net soos wat natuurlike prosesse die plantegroei oor ekologies relevante tydskale beïnvloed en kan verander, verander menslike aktiwiteite die habitat en substraat van hierdie plantegroei. Menslike aktiwiteite verander nie alleen die habitat van hierdie plantegroei nie,


maar hierdie aktiwiteite word weerspieël in die floristiese data wat betref veranderings in spesiesamestelling, plantegroeibedekking en struktuur. Om hierdie rede is die aktiwiteite aangeteken, visueel ge-evalueer en word die onderskeie waargeneemde aktiwiteite kortlik in hierdie hoofstuk bespreek.

Die impakte genoem en bespreek is geensins die enigste impakte wat deur die onderskeie riviergebruikers veroorsaak word nie (Allanson 1995), maar verteenwoordig slegs daardie aktiwiteite met die makrokanaal of die onmiddelike opvanggebied geassosieer. Daar is verskeie gebruikers wat direk van die Olifantsriviersisteem as bron van vars water afhanklik is. Daar is ander gebruikers, soos die bosboubedryf, wat 'n meer indirekte invloed op die Olifantsriviersisteem uitoefen deurdat bosbouplantasies waterafloop verminder (Departement van Waterwese 1991b). Die impakte in die onmiddelike omgewing van die Olifantsriviersisteem kan oorwegend toegeskryf word aan twee primêre gebruikers :

- die landbousektor en
- die mynbou- en industriële sektore.

'n Derde maar uiters belangrike gebruiker van die rivier, is die natuurlike ekosisteem (King et al. 1989). Dit is van kardinale belang dat die water- en vloeibehoeftes wat nodig is vir die instandhouding en funksionering van hierdie natuurlike ekosisteme in ag geneem word tydens die beplanning van enige ontwikkelingsaksies.

Die impakte veroorsaak deur die twee primêre riviergebruikers lei direk of indirek tot 'n degradering van die vierde gebruiker naamlik die natuurlike ekosisteem. Die degradering van die plantegroeihulpbron met die gepaardgaande afname in plantegroeibedekking lei tot die ongekontroleerde afloop van oppervlakwater, 'n verhoging in erosiepotensiaal en gevvolglik 'n afname in waterkwaliteit as gevolg van groot volumes bogrond en slik wat in die riviersisteem beland.



Figuur 9.1 Die algemeenste kommersiële en selforderhoudende landbou-aktiwiteite met die oewersone en onmiddellik aangrensende areas weerskante van die Olifantsriviersysteem geassosieer (sien Figuur 4.1 en Figure 5.1a - g vir die verspreiding van die plantgemeenskappe in die Grasveld- en Savannebiome onderskeidelik)

9.2.1 Potensiële impak van die landbousektor op die Olifantsriviersisteem

Die Olifantsriviersisteem dreineer 'n opvanggebied met 'n oppervlakte van 54 575 km² (Departement van Waterwese 1991b). Landbou-aktiwiteite in die opvanggebied in geheel, maar veral in die direkte omgewing van die Olifantsriviersisteem, word beide op 'n kommersiële en selfonderhoudende basis bedryf. Beide die kommersiële- en self-onderhoudende sektore van landbou het 'n negatiewe invloed op die oewerplantegroei van die rivier en die Olifantsriviersisteem as sulks. Die landbou-aktiwiteite kan oorwegend in gewasverbouing en veeboerdery onderverdeel word (Figuur 9.1).

Hierdie aktiwiteite moetoordeelkundig beoefen en die land waarop die aktiwiteite voorkom, ooreenkomsdig bestuur word. Wanbestuur van landbougrond lei tot 'n verandering in die patroon van afloopwater, infiltrasie tempo van reënval en toename in gronderosie (Departement van Waterwese 1991e). Die impakte van aktiwiteite is kwalitatief ge-evalueer volgens die kriteria in Figuur 8.1.

9.2.1a Kommersiële landbou – gewasverbouing

Gewasverbouing in die Olifantsrivier-opvanggebied vind onder droëland- en besproeiingstoestande plaas. Besproeiing is die aktiwiteit wat die grootste hoeveelhede water in die Olifantsrivieropvanggebied gebruik. 'n Totale oppervlakte van 499 800 ha van die Olifantsrivier-opvanggebied word vir gewasverbouing aangewend waarvan die areas onder besproeiing 'n totale oppervlakte van 103 000 ha beslaan (Departement van Waterwese 1991a).

Kommersiële droëland gewasverbouing word oorwegend met die onmiddelike omgewing rondom die Olifantsriviersisteem op die Hoëveld geassosieer. Die makrokanaalbanke en areas bo-op die banke van hierdie gedeeltes van die rivier word deur grasveld plantgemeenskappe 1, 2, 3, 4, 5, 6, en 7 verteenwoordig. Figuur 4.1 toon die voorkoms en verspreiding van hierdie oewer-plantgemeenskappe aan.

Die grootskaalse direkte wateronttrekking vir kommersiële gewasverbouing onder besproeiing is oorwegend beperk tot twee areas naamlik die Loskopdambesproeiingsskema in

die Groblersdal-Marble-Hall omgewing en 'n besproeiings-area in die Laeveld vanaf die plaas Callias tot by die plaas Portsmouth. Hierdie besproeiings-aktiwiteite kan 'n afname in watervloeい met gepaardgaande effekte soos onder ander 'n verandering in watertemperature, sediment en die chemiese eienskappe van die water veroorsaak (Departement van Waterwese 1991e).

Die makrokanaal van die gedeelte van die Olifantsriviersisteem wat deel van die Loskopdam besproeiingsarea vorm, word deur Savanne-plantgemeenskappe 3 en 4 verteenwoordig, terwyl die oewerplantegroeи geassosieer met die besproeiingsarea in die Laeveld deur savanne-plantgemeenskappe 7 en 9 verteenwoordig word. Figuur 5.1 toon die verspreiding van die oewerplantgemeenskappe wat met die Savannebioom geassosieer is aan.

Kommersiële gewasverbouing, hetsy droëland of areas onder besproeiing impakteer op verskeie wyses op die makrokanaal en die Olifantsriviersisteem in geheel. Die gewasverbouings-aktiwiteit bring mee dat groot oppervlaktes lande vir tydperke van die jaar ontbloot en sonder enige plantegroeibedekking is. Dit is veral in die geval van droëlandgewasverbouing waar hierdie aktiwiteit reëerval afhanglik is. In sekere gevalle word lande nie meer aktief bewerk nie en word oulande met 'n uiters beperkte plantegroeibedekking wat braak lê, aangetref.

Landerye, veral oulande, dien as bron van onkruid. Hierdie onkruid se saad bereik die riviersisteem op verskeie wyses onder ander deur die afloop van oppervlakwater vanuit die lande. Gewasverbouing bring mee dat onkruiddoders en plaagdoders vir die beheer van onkruid en landbouplae van tyd tot tyd gebruik moet word. Die onoordeelkundige gebruik van hierdie gifstowwe besit die potensiaal om 'n katastrofiese impak op die plantegroeи van die makrokanaal, die riviersisteem in geheel en die omliggende lande uit te oefen (Erasmus et al 1995; Myburgh 1998.). Gewasverbouing gaan verder gepaard met die toediening van kunsmisstowwe. Die loging van hierdie stowwe in die riviersisteem lei tot mineralisasie (Departement van Waterwese 1991a) en eutrofikasie wat waterkwaliteit direk beïnvloed tot voordeel van alge en verskeie wateronkruide.



Figuur 9.2 ‘n Keerwal in die Olifantsrivier vir die opdam van water vir besproeiingsdoeleindes in die Marble-Hall-omgewing

Daar is verskeie impakte op die makrokanaal en in die besonder die makrokanaalbanke van die Olifantsriviersisteem wat direk toegeskryf kan word aan besproeiings-aktiwiteite. Groot dele van die makrokanaalbanke van die Olifantsrivier in die Groblersdal-Marble-Hall omgewing word tans aan smal stroke oewerplantegroei gekenmerk. Die oewerbos is vernou ten einde besproeiingslande en boorde maksimaal te vergroot. Hierdie praktyk is onaanvaarbaar en lei tot die destabilisering van die makrokanaalbanke.

Die gedeelte van die Olifantsrivier in die hoë intensiteit besproeiingsarea word verder aan die teenwoordigheid van kanaalstelsels, pomphuise en keerwalle gekenmerk (Figuur 9.2) met die gepaardgaande impak veroorsaak deur hierdie aktiwiteite. Die onoordeelkundige oprigting vanveral laasgenoemde twee strukture verhoog die potensiële impak van vloede op die makrokanaalbanke en die Olifantsriviersisteem in geheel aansienlik (sien impak van vloede – Hoofstuk 7). Die natuurlike plantegroei rondom die pomphuise is verwijder of versteur as gevolg van menslike aktiwiteite en hierdie areas word tans deur onkruid gedomineer.

Die Loskopdam besproeiingskema is die grootste in die Olifantsrivier-opvanggebied en kanaalstelsels word gebruik om groot volumes water vanaf Loskopdam na die besproeiingsarea te kanaliseer. Daar is kanaalstelsels weerskante van die Olifantsriviersisteem wat onderskeidelik 96 km en 51 km lank is. Hierdie kanaalstelsels bedien onderskeidelik 14 305 ha en 1 984 ha besproeiingsland (Departement van Waterwese 1991d).

Die oprigting van opgaardamme soos Loskopdam het oopsigself 'n betekenisvolle impak op die omgewing. Ward & Stanford (1987) beweer dat opgaardamme nie alleen veroorsaak dat groot areas deur die water vervang word nie, maar dat sulke ontwikkeling lei tot 'n aantal ernstige en gewoonlik onomkeerbare impakte op die omgewing stroom-af van so 'n dam. Damme gee oorsprong aan 'n totaal verskillende ekosisteem in vergelyking met die ekosisteem teenwoordig alvorens die dam opgerig is. Die belangrikste floristiese impakte veroorsaak deur opgaardamme is :

- wysigings in die habitatkompleksiteit;
- 'n verandering in vloed frekwensie en omvang van 'n vloed; en
- wysigings in die plantspesiesamestelling, struktuur en bedekking deurdat die oewerplantegroei grotendeels vervang word met terrestriële plantspesies as gevolg van die invloed van die hoogwatermerk en die oorspoeling van eersgenoemde vir lang tydperke waartydens hierdie plantegroei vrek (sien Figuur 5.18).

Swaar reëervalneerslae kan lei tot die breek van damwalle en veral keerwalle wat sal lei tot 'n groot toename in erosie van die dreineringskanaal (Departement van Waterwese 1991e). In die Olifantsriviersisteem word daar by verskeie lokaliteite gebrokeerde keerwalle aangetref. In al die gevalle het die rivier aan die een of beide kante van die keerwal verbygebreek en is groot volumes grond van die makrokanaalbanke in die Olifantsriviersisteem afgeset.

Departement van Waterwese (1991e) beweer dat 'n belangrike impak van keerwalle toegeskryf kan word aan veranderings in habitat wat die keerwalle teweegbring naamlik :

- 'n verandering in die vloeipatroon, veral gedurende die droë seisoen;
- stabiele waterlyne stroom-op van die keerwal;
- 'n afname in stroomvloei; en
- stilstaande vlak water wat die ontwikkeling van akwatiese makrofiete wat onder die oppervlak, bokant die wateroppervlak of drywend voorkom, bevoordeel.

Impakte wat nie noodwendig direk met landbou-aktiwiteite verband hou nie, maar wat in die onmiddelike omgewing van die makrokanaal op landbougrond (plase) aangetref word en 'n impak op die Olifantsrivier uitoefen sluit in :

- enkele plaasopstalle;
- werkershuise/informelege dorpies/kampongs met gepaardgaande rommel;

- enkele bloekomplantasies; en
- die verspreiding van verklaarde onkruid en uitheemse plante.

9.2.1b Kommersiële landbou-beweiding

Die kommersiële veeboere wat landbougrond in die onmiddelike omgewing van die Olifantsrivier besit maak oorwegend gebruik van natuurlike veld as bron van voedsel vir die veekuddes. Die gebruik van aangeplante weidings is beperk. Gemengde boerderypraktyke word algemeen in die Hoëveldse grasveld aangetref en die natuurlike veld is in baie gevalle beperk tot die makrokanaal van die Olifantsriviersisteem en smal stroke natuurlike veld tussen lande. Die areas oorwegend aan natuurlike veld gekenmerk is beperk tot marginale vlak klipperige gronde nie gesik vir gewasverbouing nie.

Die plantegroei geassosieer met die makrokanaal van die Grasveldbiotoom-gedeelte van die Olifantsriviersisteem wat tans deel van landbougrond vorm en wat as natuurlike weidings gebruik word, word verteenwoordig deur grasveld-plantgemeenskappe 2, 4, 5, 6 en 7 (Figuur 9.1).

Die strawwe benutting van natuurlike weiveld het 'n direkte impak op die plantegroei van die Olifantsriviersisteem in terme van die veldtoestand, wat onderskeidelik weerspieël word deur die floristiese samestelling en die plantegroeibedekking met gepaardgaande erosiepotensiaal. Intensieve benutting en oorbeweiding van hierdie natuurlike grasveld lei tot 'n verandering in plantspesiesamestelling en 'n afname in plantegroeibedekking wat gepaard gaan met die ontstaan van oop grond kolle (Figuur 9.3). Hierdie ontbloot areas word gewoonlik deur pioniergrasse en onkruidspesies beset.



Figuur 9.3 Degradering van die plantegroeihulpbron met gepaardgaande lae plantbedekking en erosie op 'n makrokanaalbank van die Olifantsriviersysteem in die Grasveldbiom

Navorsing in die Grasveldbiom het bewys dat daar 'n direkte verband is tussen veldtoestand, plantegroeibedecking en waterafloop (Snyman & Opperman 1984). Resultate van hierdie navorsing toon deurgaans dat grasveld met 'n digte bedekking die laagste waterafloop lewer. Die waterverbruiks-doeltreffendheid van klimaksveld is statisties betekenisvol hoër as in die geval van subklimaks en pioniersveld. Navorsing uitgevoer deur Snyman & Van Rensburg (1986) toon aan dat die laagste waterafloop met die minste verlies aan bogrond deurgaans aangetref is by klimaksveld met 'n digte plantegroeibedecking. Die belangrikheid van 'n optimale plantegroeibedecking kan nie oorbeklemtoon word nie. Plantegroeibedecking is die enigste faktor wat waterafloop bepaal, wat deur die mens as manipuleerde van die ekosysteem beheer kan word (Snyman & Opperman 1986).

Die natuurlike weidings met die makrokanaal en die onmiddelike omgewing van die Savannebiom-gedeelte van die Olifantsriviersysteem geassosieer, word vir beide vee- en wildboerdery aangewend. Die oewerplantegroei wat deel van die omliggende veeboerdery-areas vorm, word deur Savanne-plantgemeenskappe 1, 4, 7 en 9 verteenwoordig (sien Figure 5.1a-g). Wildboerdery-aktiwiteite met wildplase en natuurareas in die onmiddelike omgewing van die Olifantsriviersysteem geassosieer, word aangetref in daardie gedeeltes van die riviersysteem verteenwoordig deur savanne-plantgemeenskappe 1, 2, 8 en 9 (Figure 9.2 & 9.4).



Figuur 9.4 Olifantsrivier vloei deur 'n natuurarea stroom-op van Loskopdam

Die oordeelkundige benutting van savanne plantegroei is, soos in die geval van grasveld plantegroei, van kardinale belang. Die impak van wildboerdery op die makrokanaal met geassosieerde plantegroei is visueel opvallend laer as die impak van veeboerdery en gewasverbouing. Oorbenutting van savanne plantegroei deur grasvreters veroorsaak 'n afname in die grasbedekking wat 'n direkte kompetisievoordeel vir die houtagtige komponent tot gevolg het. Langdurige oorbeweiding met gepaardgaande droogteperiodes lei tot 'n toename in die aantal houtagtige individue en 'n toename in houtagtige plantbedekking.

'n Natuurlike area gekenmerk aan intensiewe bosverdigting het normaalweg 'n lae plantegroeibedecking op grondvlak. Hierdie plantegroeibedecking bestaan oorwegend uit subklimaks- en pioniersspesies. Swak bestuurspraktyke veroorsaak 'n ekologiese wanbalans in die plantegroeihulpbron vanweë 'n lae gras- en hoë houtagtige bedekking. Hierdie situasies lei tot swakker infiltrasie van reënwater, 'n toename in waterafloop en gevvolglik 'n toename in gronderosie.

9.2.1c Selfonderhoudende landbou-gewasverbouing

Selfonderhoudende gewasverbouing vind oorwegend onder droëland toestande in die voormalige Lebowa en gedeeltes van Sekhukhuneland plaas. Hierdie aktiwiteite is nie, soos in die geval van kommersiële gewasverbouing beperk tot die opvanggebied nie, maar word

redelik algemeen in die makrokanaal van die Olifantsriviersisteem aangetref (Figuur 9.5). Die gewas wat grotendeels verbou word is mielies.



Figuur 9.5 ‘n Selfonderhoudende mielieland in die makrokanaal van die Olifantsriviersisteem aangetref

Selfonderhoudende droëland gewasverbouing word met die makrokanaal van die Olifantsriviersisteem verteenwoordig deur savanne-plantgemeenskappe 4, 5, 6 en 7 geassosieer (Figuur 9.2). Hierdie aktiwiteite, wat gepaard gaan met die totale ontbossing van gedeeltes van die banke tot feitlik teenaan die rivierloop, word algemeen in veral savanne-plantgemeenskappe 5 en 6 wat strek vanaf Zeekoegat tot in die omgewing van Manoutsapark, aangetref (Figure 5.1e & 5.1f).



Figuur 9.6 ‘n Ontboste makrokanaalbank gekenmerk aan ‘n ouland in Savanne-plantgemeenskap 6

Die relatief skuins makrokanaalbanke waarop hierdie aktiwiteite beoefen word bring mee dat water teen 'n versnelde tempo deur die selfonderhoudende lande, met betreklik lae plantbedekking, plaasvind. In verskeie gevalle is ou landjies wat klaarblyklik vir enkele seisoene bewerk is en daarna onbewerk en blootgestel gelaat is, aangetref. Hierdie ou lande word deur onkruid en eenjarige pioniergrasse gedomineer (Figuur 9.6).

Die onverantwoordelike wyse waarop hierdie aktiwiteite beoefen word lei tot die ernstige degradering van die plantegroei hulpbron op die makrokanaalbanke en die Olifantsriviersisteem in geheel (Figuur 9.7). Verskeie van die makrokanaalbanke met hierdie aktiwiteite geassosieer het verbrokkeld en is deur die vloede gedurende 1996 meegesleur. Daar word aangeneem dat bogrond op hierdie wyse in die Olifantsrivier beland.

Die omvang en impak van hierdie selfonderhoudende landbou-aktiwiteit (Figure 9.6, 9.7, 9.8 & 9.9) is sodanig dat die probleem op regeringsvlak en met regeringsondersteuning aangespreek behoort te word. Die ondersteuning moet onder andere insluit die inisiering en finansiering van opleidingsprogramme vir die plaaslike bevolking asook lei tot die totstandkoming en uitvoering van omvattende rehabiliteringsprogramme. Die insette en aksies van die onderskeie bewaringsgroepe en forums wat die belang van die Olifantsrivier beskerm en die algehele toestand van hierdie riviersisteem probeer bevorder sal ongedaan gemaak word indien die genoemde selfonderhoudende landbou-aktiwiteite onverpoos voortduur.



Figuur 9.7 Oewerbos met die makrokanaalbank geassosieer is vervang met 'n selfonderhoudende land omring deur 'n takmuur om die vee weg te hou van die gesaaides

9.2.1d Selfonderhoudende landbou- beweiding

Die plantegroeihulpbron van groot areas van die opvanggebied en makrokanaal van die Olifantsriviersisteem in die voormalige Lebowa en Sekhukhuneland word gebruik as gemeenskaplike weiding vir onder andere beeste, bokke en donkies. Groot areas van die opvanggebied is gedegradeer en donga-erosie word algemeen aangetref (Figuur 9.8).




Figuur 9.8 Ernstige donga-erosie in die Olifantsrivier-opvanggebied in Sekhukhuneland

In teenstelling met die opvanggebied in die Savannebioom, waar intensiewe kommersiële veeboerdery met 'n gepaardgaande degradering van die natuurlike plantegroei (veral die graslaag) lei tot bosverdigting, word die houtagtige komponent, wat die bome en struiken insluit, in die voormalige Lebowa en Sekhukhuneland verwijder en gebruik as bron van brandstof en boumateriaal. Groot areas van hierdie gedeelte van die opvanggebied word gekenmerk aan 'n uiters lae plantegroeibedekking. Sommige areas is totaal ontbloot en die afloop van water met die gepaardgaande verwydering van bogrond vind ongekontroleerd plaas (Figuur 9.9).

Selfonderhoudende veeboerdery-aktiwiteite, met die gepaardgaande degradasie van die plantegroeihulpbron in die opvanggebied, impakteer negatief op onder ander waterkwaliteit en rivierbedstruktuur van die Olifantsriviersisteem. Veeboerdery-aktiwiteite is egter nie beperk tot die opvanggebied nie, maar kom ook voor in die makrokanaal. Beweidingsdruk en die gedeeltelike ontbossing van die makrokanaalbanke, verteenwoordig deur savanne-

plantgemeenskappe 4, 5 en 6 (Tabel 9.2), lei direk tot die destabilisering van die makrokanaalbanke in hierdie betrokke areas.



Figuur 9.9 Die degradering van die natuurlike hulpbron in die Olifantsrivier-opvanggebied

Breë stroke van die oewerbos word uitgekap en daar word takkale vir vee opgerig (Figuur 9.10). Hierdie aktiwiteite lei tot onstabiele ontblote areas in die makrokanaalbanke wat deur onkruidspesies gedomineer word.



Figuur 9.10 'n Tipiese voorbeeld van oewerbos wat uitgekap en met 'n takkraal vervang is

9.2.2 Potensiële impak van die Mynbou- en Industriële sektor op die Olifantsriviersysteem

Die hoof geologiese formasies in die Olifantsrivier-opvanggebied is die Opeenvolging Transvaal, Opeenvolging Karoo en die Kompleks Bosveld (Figuur 2.7). Die teenwoordigheid van hierdie formasies bring mee dat die Olifantsrivier-opvanggebied 'n groot mynbou potensiaal besit (Departement van Waterwese 1991f).

Die Hoëveld is ryk aan steenkoolreserwes en die Witbank steenkoolvelde vorm die middelpunt van die steenkoolindustrie. Hierdie area produseer meer as 50% van die totale hoeveelheid steenkool benodig vir Suid-Afrikaanse gebruik (Departement van Waterwese 1991g). Die ekstensiewe steenkoolontginning in die Hoëveld verskaf steenkool aan 'n verskeidenheid van kragtasties (Figuur 2.17). Oopgroefmyne is aan die orde van die dag en groot oppervlaktes word so intensief gemyn dat die landskap lankal reeds hul natuurlike karakter verloor het.

In die omgewing van Vandyksdrift, suid van Witbank, het mynbou-aktiwiteite in die onmiddelike omgewing van die Olifantsriviersysteem die totale karakter van die riviersysteem verander. Die Olifantsrivier is in sekere areas verlê tydens mynbou-aktiwiteite. Dele van die kanaalbed en makrokanaalbanke met geassosieerde plantegroei verteenwoordig deur grasveld-plantgemeenskappe 4 en 8 nie meer natuurlik nie, maar kan eerder as 'n kunsmatige waterloop met gerehabiliteerde grasveld op die oewers beskryf word.

In die Steelpoort-omgewing word oorwegend yster, chroom, mangaan en magnesium ontgin. Die gedeelte van die Olifantsriviersysteem verteenwoordig deur savanne-plantgemeenskap 6 word aan mynbou-aktiwiteite by Penge asook by Krommelenboog myn gekenmerk.

Mynbou- en industriële-aktiwiteite word onder andere in die omgewing van Phalaborwa in die Laeveld aangetref. Die Palabora- en Foskor mynmaatskappye is twee primêre rolspelers in die ekonomie en welvaart van Phalaborwa en verskaf werk aan 'n groot aantal werknemers. Hierdie mynmaatskappye beoefen 'n verskeidenheid van aktiwiteite onder ander ontginning deur oopgroefmetodes. Daar word oorwegend koper, fosfaat en

vermikuliet ontgin. Rooseboom *et al.* (1987) beweer dat mynbou en industriële aktiwiteite in die Phalaborwa-omgewing verhoogte fosfaatvlakke in die Selatirivier teweegbring.

Savanne-plantgemeenskap 8 verteenwoordig die oewerplantegroei van hierdie gedeelte van die Olifantsviersisteem, insluitend die Olifants-Selatirivier samevloeiing. Die mynbou- en industriële aktiwiteite in die Phalaborwa-omgewing met die gepaardgaande impak op onder andere die waterkwaliteit van beide die Olifants- en Selatiriviere behoort noukeurig gemonitor te word. Die ligging van die Nasionale Krugerwildtuin stroom-af bring mee dat enige impak veroorsaak deur die mynbou- en industriële sektore noodwendig negatief kan impakteer op die riviersisteem met geassosieerde dierelewé en ander wildlewé in die park afhanklik van hierdie bron vir vars water.

Die mynbou- en industriële sektore gebruik slegs ongeveer vier tot ses persent van Suid-Afrika se beskikbare water (O'Keeffe 1986), maar die impak is proporsioneel baie hoog as gevolg van die besoedelingsfaktor van die water wat teruggeplaas word vanaf hierdie bedrywe (MacDonald *et al.* 1984). Departement van Waterwese (1991b) beweer dat mineralisasie deur die mynbou- en industriële sekore 'n kardinale rol speel by die degradering van waterkwaliteit.

9.3 Ander impakte

Impakte wat nie deur die landbou- of mynbou- en industriële sektore veroorsaak word nie, maar wat impakteer op die oewerplantegroei van die Olifantsrivier en wat aangeteken is tydens die floristiese opnames sluit in :


- die ontwikkeling van oorde en vakansiehuise; en
- aktiwiteite van die plaaslike bevolking.

Die makrokanaalbanke van die Olifantsriviersisteem word by verskeie lokaliteite vir die oprigting van kleiner vakansieoorde en vakansiehuise gebruik. Hierdie ontwikkelingsaksies vind in sekere gevalle ondeurdag sonder ontwikkelingsplanne of die uitvoer van omgewingsimpakstudies plaas. 'n Voorbeeld hiervan is die ontwikkeling van Arabie-oord op die plaas Loskop-noord stroom-op van Arabiedam. Die oewerplantegroei van savanne-

plantgemeenskap 4 is in hierdie betrokke area verwyder tydens ontwikkeling en het tot die destabilisering van die makrokanaalbanke gelei. Ontwikkeling het in sommige gevalle feitlik tot teenaan die waterrand gestrek en wetgewing wat enige ontwikkeling onder die 50 jaar vloedlyn verbied, is geïgnoreer.



Figuur 9.11 'n Vakansiehuis op die makrokanaalbank van die Olifantsriviersisteem op die plaas Loskop-noord



Figuur 9.12 Onoordeelkundige ontwikkeling lei tot die erodering van die makrokanaalbank van die Olifantsriviersisteem

Die scenario geïllustreer in Figure 9.11 & 9.12 is totaal onaanvaarbaar om die volgende redes :

- die visuele impak van die ontwikkeling;
- die metodes en strukture gebruik om die makrokanaalbanke te stabiliseer;
- die onoordeelkundige verwydering van die oewerplantegroei;
- die groot ontbloot areas met gepaardgaande ongekontroleerde waterafloop en gronderosie; en
- die potensiële vloedgevaar vir bewoners.

Die Departement van Omgewingsake is deur die Departement van Natuurbewaring in kennis gestel van die onaanvaarbare situasie en die eienaar is verplig om 'n omvattende omgewingsimpakstudie uit te voer. Hierdie impakstudie sluit onder andere riglyne ten opsigte van die bestuur van die oord, enige toekomstige ontwikkeling en aanbevelings ten opsigte van die rehabilitering en minimalisering van die oorspronklike impakte in. Figuur 9.13 toon een van die vakansiehuise wat ongeveer drie jaar later gebou is volgens die vereistes en riglyne saamgevat in die omgewingimpakstudie dokument soos aanvaar deur die onderskeie staatsdepartemente.




Figuur 9.13 'n Vakansiehuis op die rivierbank van die Olifantsriviersisteem op die plaas Loskop-noord

Die ontwikkeling van vakansiehuise op die makrokanaalbanke van die Olifantsriviersisteem, verteenwoordig deur savanne-plantgemeenskap 9 op die plaas Liverpool, impakteer op die riviersisteem. Hierdie ontwikkeling het in die oewerbos, met die makrokanaalbank

geassosieer, plaasgevind. Die omvang van die impakte gedurende en na afloop van die ontwikkeling is egter ooglopend minder as in die geval van die ontwikkeling van Arabieoord.

Die riool- en afvoerwaterstelsel bestaan egter uit bogrondse pype wat riool en afval water vanaf die huis na 'n septiese tenk, geleë in die laerliggende gedeeltes van die rivierbank, kanaliseer. (Figuur 9.14). Die posisie van die bogrondse afvoerpype en septiese tenk hou beslis 'n besoedelings risiko vir die Olifantsriviersisteem in. 'n Lekkende septiese tenk of pype sal veroorsaak dat riool direk in die riviersisteem beland. Vloedtoestande sal beslis hierdie strukture beskadig of wegspoel met die gepaardgaande impak van riool in die riviersisteem.

Aktiwiteite deur die plaaslike bevolking, wat 'n direkte invloed op die makrokanaal van die Olifantsrivier en die riviersisteem as sulks uitoefen sluit in visvangmetodes en houtontginning. Tydens die veldwerkfase van hierdie studie is daar in verskeie gevalle persone aangetref wat gebruik maak van kiefnette en visfuike by die vang van vis.



Figuur 9.14 'n Vakansiehuis opgerig in die oewerbos van die Olifantsrivier op die plaas Liverpool

Hierdie aktiwiteite beïnvloed nie net die vispopulasies van die Olifantsriviersisteem nie, maar veroorsaak dat nie-teikenorganismes soos onder andere watervoëls en likkewane verstrengel raak in die nette. Geïsoleerde gevalle van hierdie aktiwiteite is in die Grasveldbioomgedeelte van die Olifantsriviersisteem aangetref (Figuur 9.15). Vis word egter algemeen met

hierdie onaanvaarbare metodes in die gedeelte van die Olifantsrivier wat strek vanaf Arabiedam tot in die omgewing van Manoutsapark gevang.

Die onoordeelkundige versameling van brandhout in die makrokanaal van die Olifantsriviersisteem lei tot die degradering van die oewerbos geïllustreer deur wysigings in spesiesamestelling en veranderings in plantegroeistruktuur. Hierdie aktiwiteite word oorwegend met daardie gedeeltes van die makrokanaal waarvan die oewerplantegroei verteenwoordig word deur savanne-plantgemeenskappe 5 en 6 in die voormalige Lebowa en Sekhukhuneland geassosieer. In lokale areas is die plantegroeistruktuur van die oewersone so gewysig deur hierdie aktiwiteite dat 'n boom- en struikstratum feitlik afwesig is.



Figuur 9.15 Die gebruik van kiefnette deur die plaaslike bevolking in die Grasveldbiom-gedeelte van die Olifantsriviersisteem

HOOFSTUK 10

OMGEWINGSWETGEWING EN DIE IMPLIKASIES

10.1 Filosofiese agtergrond

Die mensdom is betrokke in verskeie verhoudings. Hierdie verhoudings sluit onder andere in verhoudings tussen man en vrou, tussen ouers en kinders, tussen bure en kollegas. Deur die eeu heen het mense die behoefte gehad om hierdie verhoudings te orden deur middel van ooreenkoms wat bereik is deur prosesse wat interaktiewe debatte ingesluit het (Barnard 1997). Op hierdie wyse is basiese reëls en riglyne vir die optrede tussen mense neergelê.

Oor die algemeen het persone onderwerpe gedebateer wat in hul belang was, soos veiligheid en sekuriteit, gesondheid, opleiding en voedselbehoeftes. Omgewingsbeskerming was nie 'n prioriteit nie en daar is 'n gerieflike balans gehandhaaf tussen omgewingsdegradering veroorsaak deur die ontginning van die omgewing en die herstelvermoë van die natuurlike hulpbronne.

Ywerige debatte wat omgewingsaangeleenthede behels het egter reeds meer as 'n eeu gelede begin (Barnard 1997). Die toename in wêreldpopulasie en industriële bedrywe het 'n omvangryke toename in druk op die natuurlike hulpbron geplaas. Wêreldwyd het persepsies stelselmatig begin verander. President Theodore Roosevelt het reeds in 1908 die stelling tydens 'n toespraak gemaak : "Ons nasie is suksesvol op 'n materialistiese wyse as gevolg van die rojale gebruik van ons hulpbronne en ons het rede om trots te wees op hierdie vooruitgang. Die tyd het egter aangebreek om ernstig te besin oor wat sal gebeur indien ons woude wegraak, wanneer steenkool, yster, olie en gasreserwes uitgeput raak, wanneer gronde verder verarm, in strome gewas word en sodoende ons riviere besoedel."

'n Wye verskeidenheid van debatte, konferensies en vergaderings het wêreldwyd plaasgevind. Die Verenigde Nasies se konferensie wat gehandel het oor die "Menslike Omgewing", gehou te Stockholm in Junie 1972, was 'n mylpaal ten opsigte van die mensdom se betrokkenheid by die omgewing. Die bydrae van hierdie konferensie was van deurslaggewende belang en het 'n leidende rol gespeel by die mens se betrokkenheid by verdere omgewingsontwikkeling (Barnard 1997).

Dit is duidelik dat die verandering in die persepsie van die mens, ten opsigte van die menslike invloed op die omgewing en omgewingsbewustheid in die algemeen, oor 'n baie lang tydperk plaasgevind het. Die druk wat bevolkings wêreldwyd begin toepas het, het meegebring dat verskeie lande wysigings in bestaande wetgewing aangebring het tot voordeel van die omgewing. Hierdie toename in omgewingsbewustheid en die gepaardgaande wetswysigings het uiteidelik genoodsaak dat wette wat van toepassing is by omgewingsbestuur, of wat 'n invloed daarop uitoefen, gerifelikheidshalwe onder een opskrif naamlik Omgewingsreg geplaas word. Wêreldwyd word daar tans aanvaar dat Omgewingsreg 'n volwaardige vertakking van die reg is.

10.2 Omgewingswetgewing, regeringsbeleid en die toepassing in opvanggebiede en riviersisteme

'n Riviersisteem is 'n komplekse longitudinale ekosisteem wat tesame met 'n netwerk kleiner dreineringsbane en spruite 'n gegewe opvanggebied dreineer. Hierdie ekosisteme weerspieël die toestand van die land wat gedreineer word. Riviersisteme is dinamies en besit die vermoë om te herstel na 'n impak of verandering (sien Hoofstuk 7 : Vloede) beide op die kort sowel as die langtermyn.

Daar word toenemend meer druk geplaas op riviersisteme as gevolg van 'n toename in die aantal gebruikers met die gepaardgaande toename in wateraanvraag. Riviersisteme besit egter, soos enige ander ekosisteem, drempelwaardes en is nie in staat om onophoudelik impakte die hoof te bied sonder die uiteindelike ernstige degradering van die totale sisteem nie.

Primêre oorsake van die degradering van riviersisteme is veranderings in waterkwantiteit, wat weerspieël word in die vloeivolume en veranderings in die vloeitydperke en 'n verandering in waterkwaliteit. Faktore wat 'n bydrae lewer tot hierdie primêre oorsake van degradering is onder andere damme, wateronttrekking, veranderings in landelike gebruikspraktyke, oorbeweiding, ontbossing, bosbou-aktiwiteite en landbou-, stedelike- en industriële besoedeling. Stone et al. (1986) beweer dat omgewingswetgewing om riviersisteme te beskerm van so 'n aard moet wees dat dit alle aktiwiteite in die opvanggebied wat kan lei tot die degradering van die waterhulpbron moet onderskryf en insluit.

Die historiese situasie rondom omgewingsverwante wetgewing, insluitende daardie wette en regulasies wat meer spesifiek met riviersisteme verband hou, is gekenmerk deur 'n magdom van wetlike bepalings wat deur individuele sentrale en provinsiale departemente gepromulgeer is. In die meeste gevalle dek sodanige bepalings slegs die omgewingsaspekte wat binne die beheerbevoegdheid en -raamwerk van die betrokke departement resorteer. Departemente het jaloers gewaak oor hulle gesagsbevoegdheid en het nie toegelaat dat ander departemente of instansies op hul gebiede "oortree" nie. Sommige van die meer pertinente kenmerke van ons omgewingswetgewing kan soos volg opgesom word:

1. Meervoudige beheerbevoegdheid oor geografiese gebiede en ekosisteme het tot die vermenigvuldiging van wette en regulasies geleid wat deur 'n groot getal sentrale en provinsiale regeringsdepartemente gepromulgeer en toegepas is. So byvoorbeeld het meer as 20 parlementêre wette en provinsiale ordonnansies die beheer en bestuur van afval in opvanggebiede gereguleer. Stelle regulasies kragtens die wette en ordonnansies het die beheermaatreëls tot meer as 30 opgestoot. Die getal beheerowerhede was feitlik gelykstaande aan die aantal wette en ordonnansies.
2. Al hoe meer wette lei tot 'n toename in kompleksiteit van die wetlike omgewing.
3. Voldoening aan die warboel van wetlike vereistes word 'n al groter probleem.
4. Alle owerhede het nie met ewe groot entoesiasme en toewyding hulle wetgewing toegepas nie.
5. Verskillende sektore was soms aan wette met ongelyke streng wetlike beheer onderworpe.
6. Beheerowerhede het meermale nie oor die nodige hulpbronne besik om wetlike vereistes behoorlik te kontroleer en toe te pas nie.
7. Duplisering van wetstoepassing was 'n alledaagse verskynsel. So byvoorbeeld het die beheer van spesifieke verklaarde beskermde bome onder die Boswet, No 122 van 1984, die beheer van beskermde inheemse plantegroei onder die betrokke provinsiale ordonnansie en die beheer van verklaarde onkruide en indringerplante onder die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, No 43 van 1983 resorteer. Wetlike beheer oor hierdie aspekte in byvoorbeeld die Lebowa selfregerende gebied het weer nie noodwendig met die sentrale en provinsiale regerings se bepalings ooreengestem nie.
8. Alhoewel verrekende magte aan politieke funksionarisse soos Ministers deur wette toegeken is, het die politieke wil om sodanige wette behoorlik toe te pas meermale ontbreek. So byvoorbeeld kon :

- a) die Minister van Waterwese “enigets doen wat hy nodig ag” om waterkwaliteit en waterhulpbronre te beskerm (kyk Artikel 2(m) van die Waterwet, No 54 van 1956);
 - b) die Minister van Landbou “enigets doen wat hy nodig of dienstig ag” om landbouhulpbronre te beskerm en te bewaar (kyk Artikel 6(2)(p) van die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronre, No 43 van 1983); en
 - c) die Minister van Omgewingsake en Toerisme, die Provinciale Administrateur of die plaaslike owerheid enige aktiwiteit, wat nadelig of skadelik vir die omgewing sou wees, verbied of laat verander (kyk Artikel 31A van die Wet op Omgewingsbewaring, No 73 van 1989).
9. Wetlike beheer oor gedeelde hulpbronre of ekosisteme is deur verkillende wette met verskillende bepalings deur die Suid-Afrikaanse en die sogenaamde Tuislandregerings toegepas. Daar was dus geen sprake van eenvormige wetlike beheer en toepassing nie.

Die post-1994 politieke bedeling het aansienlike en soms drastiese veranderings aan hierdie situasies teweeg gebring. Sommige van die mees uitstaande aspekte kan soos volg opgesom word:

1. Die mens en sy regte ten opsigte van die omgewing is vir die eerste keer pertinent as deel van die omgewing in ons regstelsel erken (kyk Artikel 24 van die Grondwet, No 108 van 1996 wat voorafgegaan is deur Artikel 29 van die Interim Grondwet van 1993). Daarbenewens kan politieke funksionarisse ook tot verantwoording geroep word indien wetgewing nie na wense deur die betrokke owerhede toegepas word nie (kyk veral Artikel 24(b) van die Grondwet). Hierdie beginsel is bevestig deur die uitspraak in die saak *Wildlife Society of Southern Africa v Minister van Omgewingsake en Toerisme van die Republiek van Suid-Afrika*.
2. Die grondgebied van die vorige Republiek van Suid-Afrika, die sogenaamde Tuislande en die self-regerende gebiede is saamgesnoer onder een soewereine staat met een regstelsel. Eenvormige wetlike beheer en bestuur in die opvanggebiede van riviere is dus nou moontlik.
3. Alhoewel daar nege verskillende provinsiale owerhede ingestel is, is hulle wetgewing onderhewig aan dié van die sentrale regering. Konflik tussen sentrale en provinsiale wetgewing is grondwetlik ontoelaatbaar.

4. Die nuwe regering het natuurlik 'n hele reeks nuwe omgewingsbeleidsverklarings (Witskrifte) gepubliseer en omgewingswette gepromulgeer om die gewysigde benadering tot omgewingsaangeleenthede ten uitvoer te bring.
5. Een van die uitstaande kenmerke van die wetswysigings is die klem op die voorkoming van besoedeling en omgewingsagteruitgang in teenstelling met korrekiewe aksie.
6. Die nuwe wetgewing maak integrasie, koördinering en sinchronisering basiese vereistes. Bedryfsektore, soos byvoorbeeld die landbou, word nie meer toegelaat om slegs enkele wette (wat direk op die landboubedryf van toepassing is) te gehoorsaam nie, maar word verplig om alle verbandhoudende wette en regulasies in ag te neem. Hierdie beginsel is bevestig in die sakereg in die uitspraak van Van Huysssteen en ander v Minister van Omgewingsake en ander.
7. Ten spyte van die beleids- en wetlike aandrang op beter koördinering het die jongste verwikkelinge getoon dat daar geen afname in die getal wette is nie, dat die getal beheerowerhede nie verminder het nie en dat die provinsiale owerhede van 4 tot 9 vermeerder het, elkeen met die reg om sy eie omgewingswette te promulgeer. Die kompleksiteit rakende beheer- en bestuursowerhede het dus, in sommige gevalle, eerder toegeneem as verminder. In die geval van die onderhawige studie val die Olifantsrivier nou in meer as een provinsie waar daar voor 1994 slegs een provinsiale owerheid betrokke was.
8. Die trefwydte en die wye magte aan politieke funksionarisse van die nuwe wetgewing is gelykstaande aan die van die herroete wetgewing. Dus is die sukses van wetstoepassing nog steeds afhanklik van die politieke wil en die administratiewe vaardighede en kundigheid van beheerowerhede net soos in die vorige bedeling.

Die tekortkomings van die vorige wetlike omgewing is dus tot 'n mate reggestel. Op hierdie vroeë stadium is dit egter nog nie duidelik of dit toekomstige omgewingsbeheer en bestuur sal verbeter nie.

Huidige parlementêre wetgewing wat aktiwiteite en impakte in die opvanggebiede en riviersisteme as sulks reguleer is :

- Die Grondwet, No 108 van 1996,
- Die Nasionale Waterwet, No 36 van 1998,

- Die Waterwet, No 54 van 1956 (slegs vir sover dit bestaande regulasies betref),
- Die Wet op Waterdienste, No 108 van 1997,
- Die Wet op Bewaring van Landbouhulpbronne, No 43 van 1983,
- Die Wet op Bergopvanggebiede, No 36 van 1970,
- Die Boswet, No 122 van 1984 (wat na verwagting binnekort vervang sal word met die Nasionale Boswet, No 84 van 1998),
- Die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, No 101 van 1998,
- Die Mineraalwet, No 50 van 1991,
- Die Wet op Omgewingsbewaring, No 73 van 1989,
- Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, No 107 van 1998,
- Wet op Nasionale Parke, No 57 van 1976,
- Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, No 36 van 1947,
- Wet op Gesondheid, No 63 van 1977,
- Omheiningswet, No 31 van 1963,
- Wet op Adverteer Langs en Toebou van Paaie, No 21 van 1940,
- Wet op die Nasionale Paaie Agentskap Beperk en Nasionale Paaie, No 7 van 1998,
- “Draft White Paper on Integrated Pollution and Waste Management, 1998”;
- Witskrif oor die Bewaring en Volhoubare Benutting van Suid-Afrika se Biologiese Diversiteit
- Provinsiale Wette, Ordonnansies en Municipale Verordeninge,
- Ander relevante bilaterale en multilaterale streeks- en internasionale ooreenkomste, protokolle en konvensies.

10.2.1 Die Nasionale Waterwet, No 36 van 1998

Die doel van die Nasionale Waterwet, No 36 van 1998 is om te verseker dat die land se waterbronne beskerm, ontwikkel, bestuur en beheer word op wyses wat onder andere die onderstaande faktore in ag neem :

- die beskerming van akwatiese en geassosieerde ekosisteme en die biodiversiteit daarvan;
- die vermindering en voorkoming van besoedeling en die verslewing van die waterbronne;
- die bevordering van damveiligheid; en
- die bestuur van vloede en droogteperiodes.

Hierdie Wet word deur die Departement van Waterwese en Bosbou gadministreer. Tabel 10.1 is 'n samevatting van enkele definisies en aspekte wat in die Nasionale Waterwet, No 36 van 1998 aangespreek word.

Tabel 10.1 'n Samevatting van enkele definisies van begrippe en aspekte in die Nasionale Waterwet, No 36 van 1998 aangespreek.

Artikel/ Regulasie	Wetlike aspek en implikasie
1	<p>"besoedeling" - verwys na enige direkte of indirekte verandering in die fisiese, chemiese of biologiese eienskappe van die waterbron wat onder andere skadelik of potensieel skadelik kan wees vir enige akwatiese of nie-akwatiese organismes.</p> <p>"beskerming" - beskerming van die waterbron sluit in die instandhouding van die waterkwaliteit tot so 'n mate dat die waterbron op 'n ekologies volhoubare wyse gebruik kan word, die voorkoming van degradasie van die waterbron asook rehabilitering van die waterbron.</p> <p>"oewersone" - sluit in die fisiese struktuur en plantegroei in die areas geassosieer met 'n waterbaan wat algemeen gekenmerk word aan alluviale gronde en wat tot so 'n mate blootgestel word aan onder ander oorstromings dat die frekwensie voldoende is om hierdie plantegroei te onderhou.</p> <p>"waterbaan" - die begrip waterbaan verwys in hierdie Wet na riviere, fonteine, natuurlike kanale, vleie, mere, damme of enige ander versameling van water deur die Minister as 'n "waterbaan" verklaar. Die bed en banke word ingesluit wanneer daar na "waterbane" in die Wet verwys word.</p>
5-6	'n Nasionale Waterbronstrategie word geformuleer en verskaf die raamwerk vir die beskerming, gebruik, ontwikkeling, bestuur en beheer van die waterbron vir die land in geheel
8-9	'n Opvanggebied strategie moet, in harmonie met die Nasionale Waterbronstrategie, riglyne verskaf ten opsigte van die toedeling van water aan bestaande en potensiële gebruikers op so 'n wyse dat die waterbron effektief beskerm, gebruik, ontwikkel, bestuur en beheer word.
12-15	Die Minister het die verantwoordelikheid om 'n klassifikasiesisteem te ontwikkel waarvolgens die land se waterbronne geklassifiseer word ten einde beskerming te verleen aan die waterbron
Deel 3; 16	Hierdie gedeelte van die Wet maak onder andere voorsiening vir die waterbehoefte van die akwatiese ekosisteme van die waterbron, beide ten opsigte van waterkwaliteit en kwantiteit.
19	Enige grondeienaar of persoon wat grond beheer en bewoon en wat 'n aktiwiteit beoefen wat besoedeling of potensiële besoedeling van die waterbron kan veroorsaak, moet volgens Wet alle redelike maatreëls tot sy beskikking gebruik ten einde die besoedeling te verhoed. Hierdie maatreëls kan die herstel van versteurde areas in die bed en banke van 'n waterbaan insluit.
21	Die Minister kan regulasies instel ten einde die doelstellings van hierdie Wet te verwesenlik. Hierdie regulasies kan onder andere enige aktiwiteit reguleer of verbied wat kan lei tot die degradering van die waterbronne en oewerhabitats .
36	Die Minister kan deur middel van 'n kennisgewing in die Staatskoerant, na konsultasie met die publiek, enige aktiwiteit in 'n betrokke area (insluitend landbou-aktiwiteite) verklaar tot 'n aktiwiteit wat bydra tot 'n stroomvloeい-afname.
37	'n Aantal aktiwiteite, onder ander aktiwiteite wat krag opwek (kragstasies), word geklassifiseer as gekontroleerde aktiwiteite. Geen persoon mag 'n gekontroleerde aktiwiteit onderneem of uitvoer sonder dat so 'n persoon daartoe gemagtig is volgens die Waterwet nie.
77	Hierdie gedeelte van die Wet maak voorsiening vir die totstandkoming van Opvanggebied-bestuursforums. Op hierdie wyse word die bestuur van die waterhulpbron gedelegeer na streeks- of opvanggebieds vlak en word plaaslike gemeenskappe betrek.
137-143	Die kritiese belang van monitering, evaluering en verspreiding van informasie met betrekking tot waterbronne word erken ten einde die doelstellings van hierdie Wet te bereik. Die Minister is verantwoordelik vir die inwin van relevante inligting nodig om die kwaliteit

	en kwantiteit van water in die onderskeie waterbronne, die gebruik van die waterbronne asook die nodigheid vir rehabilitering van die waterbronne, te evalueer.
144	Dorpsontwikkelaars word nou verplig om, benewens die bestaande vereiste dat die een-in-50-jaar-vloedlyn, ook die een-in-100-jaar-vloedlyn op die ontwikkelingsplanne aan te dui. Die doel is om die bewusheid van vloedgevare te verhoog.
145	Waterbestuursinstellings (die toekomstige beheerowerhede) moet op eie koste die betrokke publiek behoorlik inlig oor gevare ten opsigte van vloede, droogtes, watergehalte, ensovoorts.
163 (plus bylae 7)	Artikels 7, 8 en 9 (handelende met die beskerming van waterbronne en die aanplant van bome in opvanggebiede) van die Boswet, No 122 van 1984 is deur hierdie Wet herroep.

Ander verwante wetgewing:

Alhoewel die Nasionale Waterwet die **Waterwet, No 54 van 1956** herroep, is die regulasies wat onder laasgenoemde wet gepromulgeer is, nog steeds van krag. Belangrike stelle regulasies in hierdie verband is:

- a) **Goewermentskennisgewing R287 in Staatskoerant No 4989 van 20/02/1970:**
Watergehaltebestuur op myne.
- b) **Goewermentskennisgewing R991 in Staatskoerant No 9225 van 18/05/1984:**
Watergehaltestandaarde.
- c) **Goewermentskennisgewing R2834 in Staatskoerant No 10048 van 27/12/1985:**
Permitmagtiging van waterwerke.

Die Wet op Waterdienste, No 108 van 1997, hou verband met die beheer oor en bestuur van waterbronne op streeks- en plaaslike vlakke en skep die raamwerk vir die instel van owerhede vir waterdienste volgens die behoeftes en aard van die plaaslike bevolking se administratiewe owerhede. Die Wet word ook deur die Departement van Waterwese en Bosbou geadministreer en het 'n noue verband met die Nasionale Waterwet, No 36 van 1998. Hierdie owerhede moet, onder die toesig van die Departement, uniforme beheer en bestuur oor waterbronne toepas. Dit skep meer duidelikheid oor wie in die staatsbestel die verantwoordelikhede ten opsigte van waterbronne ten uitvoer moet bring.

Aan die ander kant is die nadeel van die Wet dat daar nou 'n menigte plaaslike statutêre owerhede geskep word wat die beheer oor en bestuur van 'n enkele rivier, soos die Olifantsrivier, in die toekoms sal hanteer. Na verwagting sal hierdie aspek die wetlike situasie nog meer ingewikkeld maak.

10.2.2 Die Wet op Bewaring van Landbouhulpbronne, No 43 van 1983

Die doel van hierdie Wet is om voorsiening te maak vir die bewaring van die natuurlike landbouhulpbronne van die Republiek van Suid-Afrika deur die instandhouding van die produksiepotensiaal van die land, die voorkoming en beheer van erosie, die degradering of vernietiging van waterbronne en die beskerming van plantegroei en beheer van onkruid en indringerplante.

Die Minister van Landbou kan, ten einde die doelstellings van hierdie wet te verwesenlik, beheermaatreëls voorstel waaraan die landgebruikers op wie dit betrekking het moet voldoen. Hierdie Wet is die enigste wetlike instrument waaronder **vleilande** direk beheer kan word. Die Nasionale Waterwet, No 36 van 1998 het die definisie van vleilande beperk tot moerasagtige gebiede. Deur middel van laasgenoemde, sowel as ander wetgewing kan indirekte beheer oor vleilande uitgeoefen word. Enkele aspekte wat deur hierdie maatreëls beheer kan word, word saamgevat in Tabel 10.2.

Tabel 10.2 Enkele aspekte met betrekking tot verklaarde onkruid en indringerplante en landbou-aktiwiteite in die Wet op Bewaring van Landbouhulpbronne, No 43 van 1983 aangespreek.

Artikel/ Regulasie	Wetlike aspek en implikasie
5	Die verspreiding van verklaarde onkruid op verskyne wyses word verbied, insluitend binne die grense van lokale owerhede.
Algemene kennisgiving R1048 in Staatskoerant No 9238 van 25/05/1984	<ol style="list-style-type: none"> Verskaf 'n lys van verklaarde onkruid en indringerplante wat volgens Wet beheer moet word Voorgestelde metodes en maatreëls om die verspreiding van verklaarde onkruid en indringerplante te voorkom en/of te beheer.
6	Beheermaatreëls ten opsigte van onder andere die volgende aspekte : <ul style="list-style-type: none"> die bewerking van nuwe areas wat voorheen nie bewerk was nie; die gebruik en beskerming van bewerkte lande; die besproeiing van lande; die gebruik en beskerming van vleilande en ander waterbronne; die gebruik en beskerming van plantegroei (weiding); die herstel of herwinning van gedegradeerde veld; en die beskerming van waterbronne teen besoedeling as gevolg van boerdery praktyke.

10.2.3 Die Wet op Bergopvanggebiede, No 63 van 1970

Die Wet op Bergopvanggebiede, No 63 van 1970, maak voorsiening vir die bewaring, gebruik, bestuur en beheer van land geleë in bergopvanggebiede. Die hoofdoel van hierdie Wet is om die maksimum hoeveelheid slikvrye water vir nywerheids- en huishoudelike gebruik te verseker (Departement van Omgewingsake 1990). Die Minister is by magte om verskeie aksies uit te voer (Tabel 10.3).

Tabel 10.3. Enkele aspekte in die die Wet op Bergopvanggebiede, No 63 van 1970 aangespreek

Artikel/ Regulasie	Wetlike aspek en implikasie
2	Die minister kan enige area as 'n bergopvanggebied verklaar; die grense van reedsbestaande bergopvanggebied wysig of enige kennisgewing ten opsigte van reeds verklaarde bergopvanggebiede onttrek deur middel van 'n kennisgewing in die Staatskoerant
3	Die Minister kan maatreëls ten opsigte van die bewaring, gebruik en beheer van bergopvanggebiede en in 'n area binne vyf kilometer vanaf 'n bergopvanggebied neerlê.
6	Die Minister is by magte om advieserende kommitees aan te wys wat die Minister kan adviseer ten opsigte van die bewaring, gebruik, bestuur en beheer van land, wat die voorkoming van gronderosie en die beskeriming van die natuurlike plantegroei insluit.
7	Die Minister is by magte om 'n brandbeskermings kommitee aan te wys. Die Direkteur-Generaal kan, na konsultering met die advieserende kommitee 'n brandbeskermingsplan saamstel en implimenteer wat onder andere die brand van veld verbied of reguleer.

10.2.4 Boswet, No 122 van 1984

Die Boswet, No 122 van 1984, maak onder andere voorsiening vir die beskerming, bestuur en gebruik van bome, die regulering van handel in die bosboubedryf, die voorkoming en beheer van vuur in veld, plantasies en berggebiede. Hierdie Wet word deur die Departement van Waterwese en Bosbou geadministreer. Belangrike relevante artikels, soos aangehaal deur O'Keeffe (1990), word saamgevat in Tabel 10.4.

Tabel 10.4 Belangrike aspekte in die die Boswet, No 122 van 1984 aangespreek

Artikel/ Regulasie	Wetlike aspek en implikasie
13	Verleen beskerming aan bome op privaatgrond, voorkoming van erosie, instandhouding van biodiversiteit en die bewaring van boom gedomineerde biome
18-27	Hanteer die voorkoming en beheer van vure in veld, plantasies en berggebiede Nota : Artikels 18-27 word vervat en is gewysig in die Nasionale Wet op Veld en Bosbrande, No 101 van 1998 (Staatskoerant No 19515 van 27/11/1998).

10.2.5 Nasionale Boswet, No 84 van 1998

Hierdie nuwe Wet, saamgelees met die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, No 101 van 1998, vervang tot 'n groot mate die bestaande Boswet, No 122 van 1984. Let daarop dat die regulasies wat kragtens laasgenoemde Wet gepromulgeer is nog steeds van toepassing is tot tyd en wyl dit deur nuwes onder die nuwe Wet vervang word.

Die primêre doelwitte van die Nasionale Boswet is om die bestaande wetgewing rakende bosse (natuurlike woude en plantasies) te hervorm en te herroep en om vir verwante aangeleenthede te voorsien. Net soos die vorige wetgewing word hierdie Wet deur die Departement van Waterwese en Bosbou gadministreer en die pertinente bepalings word in Tabel 10.5 hieronder saamgevat.

Tabel 10.5 Pertinent bepalings in die Nasionale Boswet, No 84 van 1998 saamgevat.

Hoofstuk	Wetlike aspek en implikasie(s)
1	Inleidende bepalings oor die doelwitte van die Wet en die definisies van aspekte en begrippe. Die definisie van bosgebiede is so wyd dat dit oorvleueling met die bepalings van die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne 'n werklikheid maak
2	Volhoubare bosboubestuur: Dit bring hierdie Wet in ooreenstemming met die vereistes van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, No 107 van 1998
3	Spesiale maatreëls om bosse en bome (insluitende op die oewers van riviere) te beskerm
4	Gebruik van bosse. Gebruik deur buitestaanders maak nog steeds net voorsiening vir wandelroetes en nie vir algemene ekotoerisme nie. Daar word ook voorsiening gemaak vir gemeenskapsbosbou-aktiwiteite.
7	Misdrywe en strafbepalings: Daar word nie meer maksimum boetes, maar slegs maksimum tronkstraf voorgekryf. Die bedrag van die boete word aan die diskresie van die hof oorgelaat. 'n Nuwe vorm van strafbepaling, naamlik gemeenskapsdiens, en verskillende kategorieë oortredings word ook ingebring.

10.2.6 Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, No 101 van 1998

Soos reeds hierbo aangedui sal hierdie Wet by inwerkingtreding (by wyse van 'n kennisgewing in die Staatskoerant) na verwagting binnekort die bepalings van die Boswet, No 122 van 1984 met betrekking tot veld- en bosbrande vervang. Hierdie Wet word ook deur die Departement van Waterwese en Bosbou gadministreer. Hierdie wetgewing oorvleuel natuurlik tot 'n mate met die bepalings van die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne sowel as die Wet op Bergopvanggebiede.

Benewens die administratiewe en ander bepalings in bogenoemde Wet is daar twee aspekte wat aandag behoort te geniet. Dit word hieronder in Tabel 10.6 opgesom.

Tabel 10.6 Twee belangrike wetlike aspekte in die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, No 101 van 1998 vervat

Hoofstuk	Wetlike aspek en implikasies
2	Brandbeskermingsverenigings (BBV's): Grondeienaars word feitlik gedwing om sodanige verenigings te stig.
6	BBV's het die reg om reëls uit te vaardig. Dus kom daar nou nog 'n tipe plaaslike statutêre organisasie tot stand met magte en regte wat kan oorvleuel met die van die Department van Landbou.
9 A.34	Hierdie bepaling oor die veronderstelling van nalatigheid kan die belangrikste oorweging wees vir individuele grondeienaars om by BBV's aan te sluit. Indien 'n lid van 'n BBV volgens die reëls van die organisasie optree is hy nie onderhewig aan die veronderstelling van nalatigheid indien 'n veld- of bosbrand skade op buurgrond sou veroorsaak nie. Bly die persoon egter buiten die BBV is die veronderstelling van nalatigheid wel op hom van toepassing. (Let daarop dat die veronderstelling van nalatigheid in Augustus 1997 deur die Grondwetlike Hof as 'n veroorloofde beginsel bevestig is).

10.2.7 Die Wet op Omgewingsbewaring, No 73 van 1989

Die Wet op Omgewingsbewaring, No 73 van 1989 word deur die Departement van Omgewingsake en Toerisme gadministreer en maak voorsiening vir die effektiewe beskerming en gekontroleerde gebruik van die omgewing. Die Departement van Omgewingsake en Toerisme word, volgens die nuwe omgewingsbeleid van die regering, beskou as die "leieragentskap" vir omgewingsake. Daarom moet alle ander owerheidsinstellings hulle omgewingsverwante aktiwiteite en optredes in ooreenstemming met die gees en letter van hierdie Departement se wetgewing uitvoer.

Tabel 10.7 Belangrike aspekte in die Wet op Omgewingsbewaring, No 73 van 1989 aangespreek.

Artikel/ Regulasie	Wetlike aspek en implikasie
2	Die Minister is in staat om 'n Nasionale Omgewingsbestuursbeleid te verklaar Nota : Artikels 2 en 3 van die Wet sal binnekort, met die inwerkingtreding van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, No 107 van 1998 vervang word
3	Alle owerhede besit die verantwoordelikheid om toe te sien dat die Omgewingsbestuursbeleid voorgestel in Artikel 2 geïmplimenteer word.
Gouverments-kennisgiving 51 in Staatskoerant No 15428 van 21/01/1994.	1. Die Minister verklaar 'n Nasionale Omgewingsbestuursbeleid. 2. Enige owerheid besit die reg om 'n Omgewingsimpakstudie aan te vra vir enige nuwe ontwikkelingsprojek
20	1. Verbied enige persoon om 'n vullisterrein te ontwikkel of te bestuur sonder die nodige

	<p>permit Let daarop dat kragtens Goewermentskennisgewing R1986 in Staatskoerant No 12703 van 24/08/1990 die definisie van 'afval' die volgende tipes afval <u>uitsluit</u>: nywerheidsuitvloeisels en rioolslik wat deur die department van Waterwese en Bosbou beheer word, septiese tenks en stapelriole wat onder die beheer van die Wet op Gesondheid, No 63 van 1977 resorteer, bourommel wat as opvullingsmateriaal gebruik word, radio-aktiewe afval wat kragtens die Wet op Kernenergie, No 131 van 1993 beheer word sowel as mynafval en vlieg-as (wat deur die verbranding van steenkool ontstaan) wat kragtens die Mineraalwet, No 51 van 1991 beheer word.</p> <p>2. Stel die Minister van Waterwese en Bosbou in staat om die nodige permitte uit te reik.</p>
21	<p>Die Minister is by magte om aktiwiteite te identifiseer wat 'n nadelige invloed op die omgewing mag hê. Aktiwiteite wat geïdentifiseer is sluit onder ander in :</p> <ul style="list-style-type: none"> • landgebruik en verandering; • watergebruik en waterwegdoening; • hulpbronverwydering (insluitend natuurlike lewende hulpbronne); • landbou-prosesse; • industriële prosesse, kragopwekking en die verspreiding daarvan; en • rommel en riool storting.
22	Verbied enige van die aktiwiteite gelys in Artikel 21 sonder die uitvoer van 'n Omgewingsimpakstudie
Goewerments-kennisgewings R.1182, R.1183 en R.1184 in Staatskoerant No 18261 van 05/09/1997	<p>Definieer die Omgewingsimpakstudie proses en die vereistes waaraan daar volgens wet voldoen moet word</p> <p>R.1182: Lys van aktiwiteite wat onderhewig is aan die uitvoer van 'n omgewingsinvloedstudie.</p> <p>R.1183: Bevat die regulasies oor die proses vir die uitvoer van omgewingsinvloedstudies.</p> <p>R.1184: Wentel die verantwoordelikheid vir die beheer en bestuur van die proses vir die uitvoer van omgewingsinvloedstudies af na die provinsies vir daardie aktiwiteite wat nie van nasionale belang is nie of wat oor provinsiale grense strek nie.</p>
31	Die Nasionale en Provinciale regerings besit die mag om op te tree indien die Plaaslike owerheid nie die gedelegeerde funksie na wense verrig nie.
31A	Bemagtig die Minister van Omgewingsake en Toerisme en Provinciale- en Plaaslike owerhede om die nodige stappe te neem, onder ander die staking van aktiwiteite, indien enige van bogenoemde owerhede van mening is dat die aktiwiteite die omgewing in gevaarstel of beskadig.

10.2.8 Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, No 107 van 1998

Die doel van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, No 107 van 1998 is om voorsiening te maak vir samewerkende omgewingsbestuur deur die daarstelling van beginsels vir die besluitneming oor aangeleenhede rakende die omgewing; instellings wat samewerkende bestuur sal bevorder en procedures vir die koördinering van omgewingwerksaamhede wat deur staatsorgane uitgeoefen word. Hierdie Wet herroep artikels van die Wet op Omgewingsbewaring, No 73 van 1989 soos hieronder in Tabel 10.8 opgesom.

Tabel 10.8 Artikels van die Wet op Omgewingsbewaring, No 73 van 1989 wat deur die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, No 107 van 1998 herroep is

Artikel herroep	Wetlike bepaling(s)
2	Beleidmaking
3	Toepassing van beleid
4-11	Raad vir die Omgewing
12-14C	Komitee vir Omgewingskoördinering
15	Ondersoekraad
27A	Regulasies oor internasionale konvensies, verdrae en ooreenkomste
38	Toetrede tot en bekratiging van konvensies, verdrae en ooreenkomste

Die Nasionale Omgewingbestuurbeginsels word saamgevat in Hoofstuk 1 – Artikel 2 van hierdie Wet (Tabel 10.9).

Tabel 10.9 Enkele Nasionale Omgewingbestuursbeginsels in die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, No 107 van 1998 vervat

Artikel/Regulasie	Wetlike aspek en implikasie
2 (2)	Omgewingsbestuur moet mense en hulle behoeftes vooropstel en hulle fisiese, sielkundige, ontwikkelings-, kulturele- en maatskaplike belang billik dien
2 (3)	Ontwikkeling moet maatskaplik, omgewingskundig en ekonomies volhoubaar wees
2 (4)	<p>a) Volhoubare ontwikkeling vereis die oorweging van alle tersaaklike faktore met inbegrip van die volgende :</p> <ul style="list-style-type: none"> i. dat die versteuring van ekosisteme en die verlies van biologiese verskeidenheid vermy word of, waar dit nie geheel en al vermy kan word nie, dit so klein moontlik gehou en reggestel word; ii. dat besoedeling en agteruitgang van die omgewing vermy word of, waar dit nie geheel en al vermy kan word nie, dit so klein moontlik gehou en reggestel word; iii. dat die versteuring van landskappe en terreine wat die nasie se kulturele erfenis daarstel vermy word of, waar dit nie geheel en al vermy kan word nie, dit so klein moontlik gehou en reggestel word; en iv. dat afval vermy word of, waar dit nie geheel en al vermy kan word nie dit, waar moontlik so klein as moontlik gehou word en waar moontlik hergebruik of herwin word en andersins op 'n verantwoordelike wyse verwyder word. <p>b) Omgewingsbestuur moet geïntegreer wees, erkentlik daaraan dat alle elemente van die omgewing verbind en onderling verbind is en dit moet die uitwerking van besluite op alle aspekte van die omgewing en alle mense in die omgewing in aanmerking neem, deur die beste uitvoerbare omgewingsopsie na te streef.</p> <p>c) Sensitiewe, kwesbare, hoogs dynamiese ekosisteme of ekosisteme onder druk, soos kusstrande, riviermondings, vleilandte en soortgelyke stelsels verg spesiale aandag in bestuur- en beplanningsprosedures, veral waar die stelsels onderworpe is aan beduidende menslike hulpbronnebruik en ontwikkelingsdruk.</p>
11	<p>Ten einde samewerkning en koördinasie tussen staatsorgane te bevorder, plaas hierdie artikel die volgende verpligtings op Staatsdepartemente (wat omgewingsverwante funksies verrig) en Provincies:</p> <p>(1) Staatsdepartemente, gelys onder Bylae 1, en Provincies moet binne een jaar na die promulgering van die Wet en minstens elke 4 jaar daarna Omgewingsimplementeringsplanne voorlê.[Departemente van Omgewingsake en Toerisme, Grondsake, Landbou, Behuising, Handel en Nywerheid, Waterwese en Bosbou, Vervoer en Verdediging].</p> <p>(2) Elke Nasionale Staatsdepartement, gelys onder Bylae 2 moet binne een jaar na die</p>

	<p>promulgering en minstens elke vier jaar daarna ‘n Omgewingsbestuursplan voorlê. [Departemente van Omgewingsake en Toerisme, Waterwese en Bosbou, Minerale en Energie, Grondsake, Gesondheid en Arbeid].</p> <p>(3) Departemente wat onder albei Bylaes gelys is kan gekonsolideerde Omgewingsimplimenterings- en –bestuursplanne voorlê.</p>
--	-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

10.2.9 Mineraalwet, No 50 van 1991

Die Mineraalwet word deur die Departement van Minerale en Energie gadministreer. Die Wet is primêr gemik op die beheer en bestuur van die mynbedryf vanaf sand- en klipgroewe tot steenkool- en goudmyne, en bevat belangrike bepalings wat omgewingsbestuur (ook in opvanggebiede) raak. In die lig van die wydlopende en uiters negatiewe omgewingsimpakte van die mynbedryf op die Olifantsrivier se opvanggebied, is hierdie Wet en die toepassing daarvan dus van groot belang.

Voor die inwerkingtreding van die Interim (of Tussentydse) Grondwet en later die finale Grondwet, kon die mynbedryf hulself die weelde veroorloof om slegs aan hierdie Wet aandag te gee en die ander verwante wette tot ‘n groot mate te ignoreer. Hierdie neiging is kortgeknip met die uitspraak in die saak: *Van Huyssteen en ander v Minister van Omgewingsake en Toerisme en ander*. Die implikasie van hierdie uitspraak is dat die myn- en ander bedrywe nie net die wette wat primêr op hulle gemik is moet toepas nie, maar ook alle verwante wetgewing. Die onmiddellike implikasie is dus dat omgewingsverwante bepalings in wette soos die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, die Nasionale Waterwet, die Wet op Omgewingsbewaring, die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur en andere nou ook deur die mynbedryf deeglik in ag geneem moet word.

Tabel 10.10 Enkele belangrike toepaslike bepalings in die Mineraalwet, No 50 van 1991 vervat

Artikel/ Regulasie	Wetlike aspekte en implikasies
9	Alle voorgestelde myne of prospekteerondernemings moet eers om ontginningsmagtiging aansoek doen alvorens die bedryf kan begin
38	‘n Ontginningsmagtiging is onderhewig aan die indiening van aanvaarbare rehabilitasie- en herstelplanne vir afval- en ander stortingssterreine sowel as sisteme vir die bekamping van stof, oppervlakte – en grondwaterbesoedeling.
39	As deel van die aansoek vir ontginningsmagtiging moet die myneienaar ook ‘n aanvaarbare Omgewingsbestuursprogram indien vir die totale leeftyd asook die sluiting van die prospekteer- of mynbedryf. ‘n Integrale deel van hierdie Omgewingsbestuursprogram is ‘n omgewingsimpakstudie soos uiteengesit in die Aide Memoire, wat vir hierdie doel as

	riglyndokument dien.
Goewerments kennisgewing R992 in Staatskoerant No 2741 van 26/06/’70	Hoofstuk 5 van hierdie stel regulasies het veral betrekking op omgewingsbestuur binne prospekteer- en myngebiede. Let daarop dat die eienaar van die prospekteer- of myngebied genoegsame fondse moet verskaf vir die suksesvolle uitvoering van die omgewingsbestuursprogram tydens en na sluiting van sodanige gebied.

Ander verwante wetgewing:

Benewens die aantal wette wat hierbo aangehaal is, is daar nog verskeie ander wat bepalings vervat wat op aspekte van omgewingsbestuur betrekking het. Hierdie wetgewing sal net kortliks hieronder opgesom word:

1. Wet op Gesondheid, No 63 van 1977

Kragtens hierdie Wet beheer die nasionale en provinsiale Departemente van Gesondheid alle omgewingsaspekte wat ‘n invloed op die menslike gesondheid kan uitoefen. Dit sluit, byvoorbeeld die besoedeling van water, vektorsiektes in waterbronne en besoedeling vanaf stapel- en sypelriole in.

2. Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, No 36 van 1947

Hierdie Wet is hoofsaaklik daarop gerig om te verseker dat net goedgekeurde (deur die Departement van Landbou) misstowwe, veevoere, landboumiddels en veemiddels deur verbruikers gebruik sal word. Laasgenoemde twee groepe van middels sluit stowwe soos plaagdoders, onkruiddoders en veedip in. Artikels 3 tot 10 maak voorsiening vir die opleiding en registrasie van kundiges vir die aanwending van goedgekeerde stowwe en middels. So byvoorbeeld mag gebruikers van die misstowwe en middels (behalwe bona fide boere) slegs gebruik maak van die dienste van kundiges vir die aanwending daarvan.

Alle stowwe wat onder hierdie Wet val besit die potensiaal om grootskaalse besoedeling van waterbronne te veroorsaak indien dit onoordeelkundig gebruik of aangewend word. Diffuse bronne van sodanige besoedeling dra aansienlik by tot die besoedelingslas van riviere. Dit is belangrik om daarop te let dat die grootste verbruikers van die beheerde stowwe en middels, naamlik die boerderybedryf, nie onderhewig is aan die kundigheidsvereistes van die Wet nie.

3. Omheiningswet, No 31 van 1963

Die skoonmaak van korridors vir die oprigting van heinings word deur hierdie Wet beheer. In gevalle waar onoordeelkundige gebruik naby riviere in sodanige korridors plaasvind kan die verwydering van plantegroei lei tot aansienlike slikafvoer na riviere.

4. Wet op Adverteer Langs en Toe bou van Paaie, No 21 van 1940

Die storting van afval en die oprigting van strukture op of langs openbare paaie (nasionale paaie uitgesluit) word kragtens hierdie Wet deur die provinsiale owerhede beheer. Dit het ook betrekking op lokaliteite waar paaie die riviere kruis.

5. Wet op die Nasionale Paaie Agentskap Beperk en Nasionale Paaie, No 7 van 1998.

Hierdie Wet herroep die vorige Wet op Nasional Paaie, No 54 of 1971 en maak voorsiening vir die beheer oor die storting van afval en die oprig van strukture op of langs nasionale paaie (kyk hierbo). Daarbenewens is 'n nuwe benadering gevolg en vereis die Wet dat padbouaktiwiteite en die maatreëls wat getref word om die vloei van oppervlakewater langs die pad te beheer nie 'n nadelige uitwerking op die omgewing (soos byvoorbeeld gronderosie) mag hê nie.

6. Wet op Nasionale Parke, No 57 van 1976

Waar die Olifantsrivier die Nasionale Krugerwildtuin binnevloeい neem die bepalings van hierdie Wet, vir alle praktiese doeleindes, beheer oor die rivier, sy water, sy ekologie en sy gebruik oor.

10.2.10 “Draft White Paper on Integrated Pollution and Waste Management, 1998”

Die regering verbind homself tot die ontwikkeling, implementering en instandhouding van 'n geïntegreerde besoedeling- en afvalbestuurssisteem wat sal bydrae tot volhoubare ontwikkeling en 'n merkbare verbetering in lewenskwaliteit. Hierdie Geïntegreerde Besoedeling- en Afvalbestuursbeleid onderskryf die regering se visie, beginsels, doelstellings

en reguleringsbenadering ten opsigte van besoedeling- en afvalbestuur en word in die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, No 107 van 1998, vervat.

Die begrip **omgewing** word in die “Draft White Paper on Integrated Pollution and Waste Management, 1998” as volg gedefinieer - omgewing is die biosfeer waarin mense en ander organismes lewe en bestaan uit :

- hernubare en nie hernubare natuurlike hulpbronne soos lug, vars- en seewater, land en alle vorms van lewe;
- natuurlike ekosisteme en habitatte; en
- ekosisteme, habitatte en omliggende omgewings gewysig of ontwikkel deur mense, insluitend stedelike-, landbou- en landelike gebiede.

10.2.11 Witskrif oor die Bewaring en Volhoubare Benutting van Suid-Afrika se Biologiese Diversiteit

Die regering se missie, soos voorgestel in hierdie Witskrif, is om die Biologiese diversiteit van Suid-Afrika te bewaar en daardeur ekologiese prosesse en sisteme in stand te hou, terwyl volhoubare ontwikkelingsvoordele vir die nasie voorsien word deur die ekologies volhoubare gebruik van die biologiese hulpbronne. Die biodiversiteitsbeleid en strategie van Suid-Afrika het ses primêre doelstellings (Tabel 10.11).

Tabel 10.11 Primêre doelstellings soos in die Witskrif oor die Bewaring en Volhoubare Benutting van Suid-Afrika se Biologiese Diversiteit vervat

Verwysing	Primêre doelstellings
Algemene Kennisgewing in Staatskoerant No 18163 van 28/07/1997	<ol style="list-style-type: none"> 1. Die bewaring van Suid-Afrika se biodiversiteit. 2. Die volhoubare gebruik van die biologiese hulpbronne met minimalisering van impakte op die biodiversiteit. 3. Verseker dat die gebruik en ontwikkeling van Suid-Afrika se genetiese hulpbronne tot nasionale voordeel is. 4. Vergroot die menslike kennis ten opsigte van die belang van bewaring, bestuur en gebruik van biodiversiteit asook ten opsigte van faktore wat die biodiversiteit bedreig. 5. Ontwikkel en implimenteer bepalings en aansporings wat die bewaring en volhoubare benutting van biodiversiteit ondersteun. 6. Bevorder die bewaring en volhoubare benutting van biodiversiteit op internasionalevlak

Die doel van die Witskrifte is om :

1. Aanvaarbare regeringsbeleid ten opsigte van 'n sekere aspek of aangeleentheid te formuleer; en
2. 'n basis te lê vir die promulgering van die nodige wetgewing ten einde uitvoering aan die beleid te kan gee.

Dit is dus te verwag dat daar binnekort konsepwetgewing oor die onderwerpe in die Witskrifte in die parlement ter tafel gelê sal word. Daarom sal die wetgewende prentjie eerder meer ingewikkeld as vereenvoudig word.

10.2.12 Provinciale Wette, Ordonnansies en Municipale Verordeninge

Onder die vorige politieke bedeling het die provinsies die mag gehad om Ordonnansies uit te vaardig. Die huidige Grondwet laat hulle toe om Wette te promulgeer. Dus word die verwarring aangehelp indien nie duidelik onderskeiding gemaak word tussen sentrale parlementêre wette en provinciale wette nie. Daar moet egter onthou word dat, tot tyd en wyl die Ordonnansies deur provinciale wette vervang word, is eersgenoemde nog van krag.

Die Wet op die Mpumalanga Parkeraad, No 6 van 1995 en Administrateurskennisgewings 665 van 08/06/1977, 11 van 12/01/1949, 21 van 05/01/1977 en 148 van 21/02/1951 wat betrekking het op eenvormige plaaslike Verordeninge ten opsigte van watergehalte, dreinering en openbare gesondheid in die ou Transvaalse Provinsie, is nog steeds langs die Olifantsrivier van toepassing.

In die lig van die toenemende afwenteling van omgewingsfunksies na die provinsies speel laasgenoemde 'n al hoe groter rol in beleids- en wetstoepassing. Dus word die aandrang van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur vir harmonisering tussen sentrale en provinciale omgewingsbestuur steeds meer relevant. Indien die provinsies sou besluit om op hul beurt die verdere afwenteling van wetstoepassing na die plaaslike owerhede uit te voer (kyk hier na die Grondwetlike vereistes ten opsigte van plaaslike owerhede sowel as Bylaes 4 en 5 van die Grondwet) sal die omgewingsbeheer en –bestuursituasie net nog verder verwikkeld raak.

10.2.13 Ander relevante bilaterale en multilaterale streeks- en internasionale ooreenkomste, protokolle en konvensies

- “Protocol on Shared Watercourse Systems in the Southern African Development Community (SADC) Region”
- “Convention on Wetlands of International Importance, Especially as Waterfowl Habitat, Ramsar, 1975”

In die lig van die wetlike beheer en bestuur situasie rondom omgewingsbestuur wat verdeel is tussen ‘n menigte owerheids- en statutêre instansies op verskillende regeringsvlakke en selfs op internasionale gebied, is die koördinering van beleid en bestuursaksies ‘n absoluut noodsaaklike vereiste om eenvormigheid en eendragtige optrede te verseker. Dit is egter so dat die institusionele opset nie noodwendig georganiseer is om hierdie koördinering te vergemaklik nie.

10.3 Omgewingswetgewing, regeringsbeleid en die Olifantsriviersisteem

Die opvallendste impakte en aktiwiteite wat lei of kan lei tot die degradering van die oewersone en die Olifantsriviersisteem as sulks, is aangeteken tydens die veldwerkfase van hierdie projek. Die impakte, soos bespreek in Hoofstuk 8, is geensins die enigste impakte wat die rivier nadelig beïnvloed nie. Tabel 10.12 is ‘n samevatting van hierdie asook ander bekende aktiwiteite en impakte aangetref in die Olifantsrivier-opvanggebied.

Tabel 10.12 Omgewingswetgewing verantwoordelik vir die beheer en regulering van aktiwiteite wat impakte in die opvanggebied en die Olifantsriviersisteem as sulks veroorsaak

Sektor	Aktiwiteit en Impak	Relevante Wetgewing	Uitvoerende Departement
Landbou	Kommersiële gewasverbouing Aktiwiteit : <ul style="list-style-type: none"> i. Besproeiing/wateronttrekking ii. Gebruik van onkruiddoders iii. Gebruik van misstowwe iv. Nuwe lande met gepaardgaande ontbossing v. Ou lande – onkruidgedomineer vi. Vernou oewersone Impak : <ul style="list-style-type: none"> i. Afname in waterkwantiteit ii. Afname in waterkwaliteit (mineralisasie) iii. Potensiële verhoging in erosie iv. Vestiging van uitheemse indringers en verklaarde onkruide v. Potensiële negatiewe impak op stabilisering van die rivierbanke en biodiversiteit van oewersone vi. Potensiël 'n verhoging in die impak van vloede 	Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne Nasionale Waterwet Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne Nasionale Waterwet Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne Nasionale Waterwet Wet op Omgewingsbewaring Wet op Nasionale Omgewingsbestuur Wet op die Mpumalanga Parkeraad Wet op Nasional Parke Internasionale Ooreenkomste, Konvensies & Verdrae Gemenereg (Wetgewing soos vir waterkwantiteit) (Wetgewing soos vir waterkwantiteit) (Wetgewing soos vir waterkwantiteit) (Wetgewing soos vir waterkwantiteit) (Wetgewing soos vir waterkwantiteit)	Landbou Waterwese en Bosbou Landbou Landbou Landbou Landbou Landbou Landbou Landbou Waterwese en Bosbou Landbou Waterwese en Bosbou Landbou Waterwese en Bosbou Omgewingsake en Toerisme (Provinsie of Plaaslike overheid) Omgewingsake en Toerisme Omgewingsake en Toerisme (Provinsie) Nasionale Parkeraad Buitelandse Sake Enige belanghebbende of belangstellende regspersoon (Soos bogenoemde) (Soos bogenoemde) (Soos bogenoemde) (Soos bogenoemde) (Soos bogenoemde)

Landbou	Kommersiële beweiding		
	Aktiwiteit :		
	i. Oorbeweiding	Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne	Landbou
	ii. Bosverdigting	Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne	Landbou
	Impak :		
	i. Afname in weikapasiteit – lae grasbedekking, ongewenste plantspesies	Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne	Landbou
	ii. Ongekontroleerde waterafloop	Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne Nasionale Waterwet	Landbou Waterwese en Bosbou
	iii. Swakker infiltrasie van reënwater	Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne	Landbou
	iv. Toename in erosie	Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne	Landbou
	v. Potensiële afname in waterkwaliteit	Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne (plus alle wetgewing hierbo gelys onder die impakte tewyte aan gewasverbouing)	Landbou
	Selfonderhouende gewasverbouing		
	Aktiwiteit :		
	i. Uitkap van oewerbos tydens die maak van lande	Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne Nasionale Waterwet Nasionale Boswet (beskermde bome)	Landbou Waterwese en Bosbou Waterwese en Bosbou
	ii. Onkruidgedomineerde oulande	Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne	Landbou
	Impak :		
	i. Totale destabilisering van rivierbank	Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne Nasionale Waterwet	Landbou Waterwese en Bosbou
	ii. Potensiële negatiewe impak op biodiversiteit van oewersone	Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne Wet op Mpumalanga Parkeraad	Landbou Omgewingsake en Toerisme (Provinsie) Nasionale Parkeraad
	iii. Verhoogde waterafloop met gepaardgaande erosie	Wet op Nasionale Parke	
	iv. Verhoogde impak van vloedwater	Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne Nasionale Waterwet	Landbou Waterwese en Bosbou
	v. Grotter hoeveelhede slik en grond in rivier lei tot afname in waterkwaliteit	Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne Nasionale Waterwet	Landbou Waterwese en Bosbou
	vi. Vestiging van verklaarde onkruid en uitheemse indringerplante; bron vanwaar saad versprei na stroom-af gedeeltes	Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne	Landbou

	Selfonderhoudbende beweiding Aktiwiteit : <ul style="list-style-type: none"> i. Oorbeweiding ii. Ontbossing in oewersone; maak van takkrale vir vee Impak : <ul style="list-style-type: none"> i. Afname in weikapasiteit – lae grasbedekking, ongewenste plantspesies ii. Ongekontroleerde waterafloop iii. Swakker infiltrasie van reënwater iv. Toename in erosie v. Groter hoeveelhede slik en grond in rivier lei tot afname in waterkwaliteit vi. Destabilisering van die rivierbank vii. Verhoogde impak van vloedwater viii. Potensieel negatiewe impak op biodiversiteit 	Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne Wet op die Mpumalanga Parkeraad Nasionale Boswet	Landbou Landbou Omgewingsake en Toerisme Waterwese en Bosbou
Mynbou , Nywerheid en Behuising	Prospektering en Opening van Myn Aktiwiteit: <ul style="list-style-type: none"> i. Ontrekking van water ii. Bou van tydelike of permanente waterwerke iii. Verwydering en opberging van bogrond iv. Verwydering van plantegroei v. Voorbereiding van aفالstortingsterreine vi. Oprigting van geriewe: wonings en geboue vir bedryf van dié myn vii. Skepping van infrastruktuur: paaie, water-voorsiening, slikaafvoerpype, stormwater-dreinering, ens. viii. Terugplasing van gebruikte water ix. Stroomverlegging en manipulasie van vleilandte x. Landskapveranderings xi. Gebruik van Misstowwe, plaagdoders en onkruiddoders xii. Eertsstapels (byvoorbeeld steenkool) 	Die Mineraalwet is oorhoofs van toepassing op alle mynaktiwiteite. Ander wetgewing wat op spesifieke aktiwiteite betrekking het is: <ul style="list-style-type: none"> Nasionale Waterwet Nasionale Waterwet Wet op Omgewingsbewaring Wet op Nasionale Omgewingsbestuur Boswet (beskermde bome) Wet op die Mpumalanga Parkeraad (beskermde inheemse plantegroei) Nasionale Waterwet Wet op Adverteer Langs en Toebou van Paaie Wet op Kernenergie Wet op Gevaarhoudende Stowwe Wet op Gesondheid Nasionale Waterwet Nasionale Waterwet Wet op Omgewingsbewaring Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels Wet op die Voorkoming van Lugbesoedeling Wet op Omgewingsbewaring 	Minerale en Energie Waterwese en Bosbou Waterwese en Bosbou Omgewingsake en Toerisme (Nasionaal en Proviniaal) Waterwese en Bosbou Omgewingsake en Toerisme (provincie) Waterwese en Bosbou Paaie (provincie) Minerale en Energie Gesondheid Gesondheid (Nasionaal en Proviniaal) Waterwese en Bosbou Waterwese en Bosbou Landbou Omgewingsake en Toerisme (Proviniaal) Landbou Omgewingsake en Toerisme (Nasionaal en Proviniaal)

	Impak:	Soos hierbo is die Mineraalwet die primêre beherende wet oor alle mynimpakte. Ander wette oor spesifieke sake:	
i.	Afname in waterkwantiteit	Nasionale Waterwet Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne Wet op Nasionale Parke Gemenerg	Waterwese en Bosbou Landbou Nationale Parkeraad Belanghebbende en belangstellende regspersone
ii.	Afname in waterkwaliteit/waterbesoedeling/potensiële loging van besoedelde water/vrylating van riool- en nywerheids uitvloei-sels/ stapel- en sypelriole	Dieseldeo as vir waterkwantiteit plus: Wet op Gesondheid Wet op Omgewingsbewaring	Gesondheid (Nasionaal en Proviniaal) Omgewingsake en Toerisme (Nasionaal en Proviniaal) + plaaslike owerheid
iii.	Totale vernietiging van rivierbanke en oewerplantegroei	Nasionale Waterwet Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne Wet op Omgewingsbewaring Wet op die Mpumalanga Parkeraad	Waterwese en Bosbou Landbou Omgewingsake en Toerisme (Nasionaal en Proviniaal) + plaaslike owerheid Omgewingsake en Toerisme (Proviniaal)
iv.	Afname in estetiese waarde	Wet op Omgewingsbewaring	Omgewingsake en Toerisme (Nasionaal en Proviniaal) + plaaslike owerheid
v.	Verhoging in erosiepotensiaal vi. Potensiële impak op biologiese diversiteit	Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne Wet op Omgewingsbewaring Wet op die Mpumalanga Parkeraad	Landbou Omgewingsake en Toerisme (Nasionaal en Proviniaal) vir albei wette
vii.	Afname in luggehalte (rook, stof, skadelike gasse, suurreën, ens.)	Wet op die Voorkoming van Lugbesoedeling Wet op Gesondheid Wet op Omgewingsbewaring	Omgewingsake en Toerisme (Nasionaal) Gesondheid (Nasionaal en Proviniaal) Omgewingsake en Toerisme (Nasionaal en Proviniaal) + plaaslike owerheid
viii.	Geraas	Gemenerg (oorlas)	Belanghebbende en belangstellende regspersone
ix.	Rommelstrooiing	Wet op Omgewingsbewaring	Omgewingsake en Toerisme (Proviniaal)
x.	Verhoogde impak van vloedwater	(Wetgewing soos vir waterkwantiteit)	(soos waterkwantiteit)

Bosbou-nywerheid	Plantasies en houtontginning Aktiwiteit:	Alle aktiwiteite resorteer onder die beheer van die Nasionale Boswet en die Regulasies van die Boswet. Ander wetgewing wat op spesifieke aspekte betrekking het is: i. Aanplant van uitheemse bome ii. Bewaring en bestuur van inheemse woude iii. Plantasievoorbereiding iv. Skep van infrastruktuur (net soos vir ander nywerhede) v. Ontbossing; opvanggebied en oewersone vi. Maak van brandpaaie/-stroke vii. Maak van houtskool deur private persone	Nasionale Waterwet Wet op die Mpumalanga Parkeraad Wet op Nasional Parke Wet op Bergopvanggebiede Nasionale Waterwet Wet op Bergopvanggebiede Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande Wet op die Voorkoming van Lugbesoedeling Wet op Gesondheid	Oorhoofse beheer val onder die Departement van Waterwese en Bosbou. Ander spesifieke owerhede is: Waterwese en Bosbou Omgewingsake en Toerisme (Provinsiaal) Nasionale Parkeraad Landbou (Provinsiaal) Waterwese en Bosbou Landbou (Provinsiaal) Soos vir ander nywerhede Waterwese en Bosbou Landbou (Provinsiaal) Waterwese en Bosbou Omgewingsake en Toerisme (Nasionaal en Provinsiaal) Gesondheid (Nasionaal en Provinsiaal)
-------------------------	-----------------------------------------------------------	-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------	------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------	-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

	Impak: <ul style="list-style-type: none"> i. Degradering van natuurlike hulpbronne ii. Destabilisering van rivierbanke iii. Verhoogde waterafloop en swakker infiltrasie van reënwater iv. Verlaging in afloop a g v verhoogde evapo-transpirasie v. Verhoogde erosietempo vi. Verhoogde invloed van vloedwater vii. Afname in waterkwaliteit viii. Afname in oppervlak van landbougrond en/of afname in oppervlak natuurlike weiding ix. Potensiële impak op biodiversiteit + onkruid en uitheemse indringers x. Lugbesoedeling (rook, stof, gasse, suurreën) xi. Veld en Bosbrande 	Oorhoofse beheer resorteer weer eens onder Nasionale Boswet en die Regulasies van die Boswet. Ander spesifieke wette is: i. Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne ii. Wet op Bergopvanggebiede iii. Wet op die Mpumalanga Parkeraad ii. Nasionale Waterwet iii. Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne iii. Nasionale Waterwet iv. Nasionale Waterwet v. Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne vi. Nasionale Waterwet vii. Wet op Gesondheid ix. Wet op Nasionale Parke x. Wet op Omgewingsbewaring xi. Gemenerg xii. Wet op die bewaring van Landbouhulpbronne xiii. Nasionale Waterwet xiv. Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne xv. Wet op Bergopvanggebiede xvi. Wet op Nasionale Parke xvii. Wet op Omgewingsbewaring xviii. Wet op die Mpumalanga Parkeraad xix. Wet op die Voorkoming van Lugbesoedeling xx. Wet op Gesondheid xxi. Gemenerg (oorlas) xxii. Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande xxiii. Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne xxiv. Gemenerg	Oorhoofs beheer Waterwese en Bosbou. Ander spesifieke owerhede is: i. Landbou ii. Landbou (Provinsiaal) iii. Omgewingsake en Toerisme (Provinsiaal) ii. Waterwese en Bosbou iii. Landbou iii. Waterwese en Bosbou iv. Waterwese en Bosbou v. Landbou vi. Waterwese en Bosbou vii. Landbou viii. Enige regspersoon viii. Waterwese en Bosbou ix. Landbou x. Gesondheid (Nasionaal en Provinsiaal) xi. Nasionale Parkeraad xii. Omgewingsake en Toerisme (Nasionale en Provinsiaal) xiii. Enige regspersoon x. Landbou xii. Waterwese en Bosbou xiii. Landbou xiv. Landbou (Provinsiaal) xv. Nasionale Parkeraad xvi. Omgewingsake en Toerisme xvii. Omgewingsake en Toerisme (Provinsiaal) xii. Omgewingsake en Toerisme (Nasionaal en Provinsiaal) xiii. Gesondheid (Nasionaal en Provinsiaal) xiv. Enige regspersoon xii. Waterwese en Bosbou xiii. Landbou xiv. Enige regspersoon
Ontspanning	Visvang/Hengel Aktiwiteit: <ul style="list-style-type: none"> i. Gebruik van kiefnette en visfuike ii. Oes van aas (paddas ens) Impak: <ul style="list-style-type: none"> i. Die nie-selektiewe metodes van visvang benadeel vispopulasies en impakteer negatief op die ander nie-teiken organismes ii. Afname in biodiversiteit 	Nasionale Waterwet en Wet op die Mpumalanga Parkeraad Wet op Omgewingsbewaring Wet op die Mpumalanga Parkeraad Dieselfde as vir visvangmetodes	Waterwese en Bosbou Omgewingsake en Toerisme (Provinsiaal) Omgewingsake en Toerisme (Nasionaal en Provinsiaal) Omgewingsake en Toerisme (Provinsiaal) Dieselfde as vir visvangmetodes

HOOFSTUK 11

BESTUUR VAN DIE OEWERPLANTEGROEI VAN DIE OLIFANTSrivier


11.1 Inleiding

Riviersisteme kan alleenlik effektief bestuur word indien die mens die behoeftes van 'n riviersisteem en die impakte veroorsaak deur menslike aktiwiteite erken en verstaan. Daar kan aanvaar word dat die ekologiese waterbehoefte van die onderskeie komponente van verskillende riviersisteme sal fluktueer as gevolg van die groot diversiteit van abiotiese en biotiese toestande in Suid-Afrika (Kleynhans & Hill 1998).

Daar is verskeie toepaslike klassifikasiesisteme, verteenwoordigend van verskillende vakdisiplines, ontwikkel met betrekking tot riviersisteme en die geassosieerde opvanggebiede. Hierdie klassifikasiesisteme berus op die gebruikmaking van fisiese, chemiese en biologiese kriteria by 'n verskeidenheid van ruimtelike skale. Die motivering en benadering ten opsigte van enige klassifikasiesysteem hou verband met die doelstellings wat bereik moet word. Die bepaalde ruimtelike skaal wat gebruik word vir die saamstel van so 'n klassifikasiesysteem word bepaal deur die hoeveelheid detail benodig vir die bereiking van die doelstellings.

Riviersisteme is so kompleks dat enkele geïsoleerde klassifikasies of kriteria nie sinvolle antwoorde ten opsigte van die bestuur van hierdie stelsels kan verskaf nie. Meer onlangse klassifikasies is egter saamgestel deur van 'n hierargiese benadering gebruik te maak wat op 'n geïntegreerde wyse kenmerke by 'n verskeidenheid van skale, wat van streek tot mikrohabitat varieer, inkorporeer.

Departement van Waterwese en Bosbou is tans met die ekologiese klassifisering van riviere in Suid-Afrika besig. Hierdie ekologiese groepering van riviersisteme vereenvoudig die bepaling van die ekologiese waterbehoefte en sodoende die ekologiese reserwe. 'n Meervlakkige hiërargiese systeem is vir die bepaling van die onderskeie riviertipes ontwikkel (Kleynhans & Hill 1998)(Figuur 11.1).



Figuur 11.1 'n Vereenvoudigde voorstelling van die hiërargiese sisteem ontwikkel vir rivierklassifisering (Kleynhans & Hill 1998)

Natuurlike plantegroei word in die hierargiese sisteem, geïllustreer in Figuur 11.1, ingesluit by twee verskillende vlakke. Die ruimtelike skaal gebruik by ‘n Vlak 1 Ekostreekbepaling verteenwoordig plantegroei by ‘n veldtipeskalaal, wat by hierdie skaal grotendeels terrestriële plantspesies insluit. Die mees gedetaileerde vlak van die hiërargiese sisteem sluit biologiese segmente soos vis, invertebrata en oewerplantegroei in. Daar word veronderstel dat die oewerplantegroei wat by segmentskalaal geïdentifiseer is, sodanig is dat hierdie plantegroei eintlik mikrohabitatplantegroei verteenwoordig. Die plantegroei-eenhede wat identifiseerbaar by genoemde segmentskalaal is sal dus verskil van die voorgestelde plantegroei-eenhede geïdentifiseer in hierdie studie by ‘n ruimtelike longitudinale skaal van 1:250 000, waar mikrohabitat identifisering en kartering van hierdie habitats nie moontlik is nie.


Die bestuur van riviere vanuit ‘n ekologiese perspektief noodsaak dat die biologiese funksies en rol van die oewerplantegroei en die onderskeie geassosieerde sones verstaan en dienooreenkomsdig bestuur word (Arthington 1991). Die gebruik van die oewerplantegroei deur diere soos onder andere voëls en akwatische hulpbronne soos vis en invertebrata moet in ag geneem word by die bestuur van riviere.

Daar word kortliks in hierdie hoofstuk na verskillende geklassifiseerde kriteria, wat betrekking het op die Olifantsrivier en die opvanggebied, verwys. Hierdie kriteria/klassifikasies word kortliks bespreek.

11.2 Ekostreke, fisiografiese eenhede, geomorfologiese sones en landelike bedekking kenmerkend van die Olifantsriviersisteem

11.2.1 Ekostreke

Die ekostreek klassifisering van riviersisteme is in die VSA ontwikkel (Omernik 1987). Die ekologiese klassifisering van riviere op hierdie wyse bring mee dat riviere op grond van gelyksoortigheid gegroepeer kan word. Een van die voordele van so ‘n klassifikasiesisteem is die ekstrapolering van inligting vanaf riviersisteme waarvan daar baie inligting bekend is na riviere, binne dieselfde hiërargiese groepering, waarvan min inligting bekend is (Kleynhans & Hill 1998).



Figuur 11.2 Ekostreke geïdentifiseer in die Olifantsrivier-opvanggebied (Kleynhans & Hill 1998)

Ekostreke kan op verskillende vlakke geïdentifiseer word. In Suid-Afrika is beskikbare inligting soos fisiografie, klimaat, reënval, geologie en potensiële natuurlike plantegroei ge-evalueer en is daar 18 Vlak 1 ekostreke geïdentifiseer (Kleynhans & Hill 1998). Dieselfde kriteria, maar in meer detail, word vir die bepaling van Vlak 2 ekostreke gebruik. Hierdie vlak van ekostreekbepaling is egter nog in 'n ontwikkelingsfase. Daar is sewe Vlak 1 ekostreke in die Olifantsrivier-opvanggebied geïdentifiseer (Figuur 11.2). Hierdie Vlak 1 ekostreke is verder in verskeie Vlak 2 ekostreke onderverdeel (Kleynhans & Hill 1998).


11.2.2 Fisiografiese eenhede

Die Grasveldbioom-gedeelte van die Olifantsriviersisteem word deur 'n enkele fisiografiese eenheid, bekend as die Binnelandse vlakte, verteenwoordig (ENPAT 1997). Die Savannebioom-gedeelte van die Olifantsriviersisteem word aan die teenwoordigheid van vyf fisiografiese eenhede gekenmerk (Tabel 11.1). Die Olifantsrivier-opvanggebied sluit ses fisiografiese eenhede in (ENPAT 1997)(Figuur 11.3) naamlik : 1 - Binnelandse vlakte; 2 - Sentrale hoogland; 3 - Bosveld bekken; 4 - Groot eskarperiment; 5 - Oostelike plato; en 6 - Limpopo vlakte.

11.2.3 Geomorfologiese sones

Veranderinge in kanaal- en makrokanaalbank morfologie veroorsaak dikwels veranderinge in die omvang en natuurlike verspreiding van oewerplantegroei. Die ontwikkeling van plantegroei kan weer 'n invloed op die ontwikkeling van 'n kanaal uitoefen byvoorbeeld deur die effek van plantegroei-ontwikkeling op die vloeiregime (FRD 1990).

In die verlede is die invloed van die vertikale gradiënt (afstand weg van die kanaal) meer nagevors deur ekoloë as enige ander veranderlike (Van Coller 1992). In feitlik alle gevalle het die verspreiding van plantspesies met 'n verandering hoogte bokant die kanaal gekorreleer (Furness & Breen 1980; Wharton *et al.* 1982; Hupp 1983; Bowman & McDonough 1991; Van Coller 1992). Rivierprofiële, wat die variasie in rivierstruktuur met die geassosieerde dominante plantegroei aandui, is vir die onderskeie plantgemeenskappe



Figuur 11.3 Fisiografiese eenhede met die opvanggebied van die Olifantsrivier geassosieer (ENPAT 1997)

geïdentifiseer in die oewersone van die Olifantsriviersisteem, saamgestel (sien Tabel 11.1 vir die onderskeie figuur nommers).


Verskille in plantspesieverspreiding oor 'n longitudinale stroom-af gradiënt kan grootliks toegeskryf word aan veranderinge in kanaalgradiënt (Hupp 1986), geomorfologiese eienskappe (Hupp 1986), geologie (Bredenkamp & Van Rooyen 1991) en die effek van inkomende riviere (Carbiener & Schnitzier 1990). Hupp (1982) beweer dat 'n verandering in die gradiënt van 'n kanaal in 'n stroom-af rigting 'n belangrike faktor is wat onder andere hidrologiese prosesse beïnvloed.

Moon *et al.* (1997) gebruik 'n geomorfologiese benadering tot die ekologiese bestuur van riviersisteme in die Nasionale Krugerwildtuin. Hiervolgens word riviere in geomorfologiese sones, wat verder onderverdeel kan word in makro-bereike en bereike, verdeel. Die Olifantsrivier-dreineringstelsel word in agt geomorfologiese sones, waarvan vyf met die Olifantsrivier geassosieer word, onderverdeel (Rowntree & Wadeson 1998)(Figuur 11. 4) naamlik :

- 1 - Oorsprong sone ("Source zone");
- 2 - Berg hoofwaterstroom ("Mountain headwater stream");
- 3 - Bergstroom ("Mountain stream");
- 4 - Voetheuwels : klipperige bed ("Foothills : cobble bed");
- 5 - Voetheuwels : gruiserige bed ("Foothills : gravel bed");
- 6 - Laagliggende vloedvlakte ("Lowland floodplain");
- 7 - Hernude vloergesteente val ("Rejuvenated bedrock fall"); en
- 8 - Hernude voetheuwels ("Rejuvenated foothills").

11.2.4 Landelike bedekking

Akkurate informasie ten opsigte van landelike bedekking, landelike gebruik en die algemene toestand van die omgewing is kritiese komponente by omgewingsbeplanning en bestuur. Thomson (1996) verskaf 'n hiërargiese raamwerk vir die klassifisering van afstandswaarnemingsdata. Die Suid Afrikaanse Nasionale Landelike Bedekking Databasis is ontwikkel om landelike bedekkingskaarte op 'n skaal van 1:250 000 te verskaf. Die legende gekoppel aan hierdie databasis is gebaseer op die Standaard Landelike Bedekking




Figuur 11.4 Geomorfologiese sones kenmerkend van die Olifantsrivier (Rowntree & Wadeson 1998)

Klassifikasiesisteem soos voorgestel deur Thomson (1996). Daar word 12 landelike bedekkingsklasse (Figuur 11.5) met die direk omliggende areas van die Olifantsriviersisteem geassosieer naamlik :

- 1 - Onverbeterde grasveld;
- 2 - Bewerk, kommersiële droëland;
- 3 - Myne en leengroewe;
- 4 - Stedelik; beboude land, bewoon (kleinhoewes:grasveld);
- 5 - Ruigtes en Bosveld;
- 6 - Woud en boomveld;
- 7 - Bewerk, tydelik, kommersieël, besproei;
- 8 - Bewerk, permanent, kommersieël, besproei;
- 9 - Gedegradeerde woud en boomveld;
- 10 - Stedelik, beboude land, bewoon;
- 11 - Gedegradeerde ruigtes en bosveld; en
- 12 - Bewerk, tydelik, selfonderhoudend, droëland.

11.2.5 Die verspreiding van die oewerplantgemeenskappe in verhouding tot ekostreke, fisiografiese eenhede, geomorfologiese sones en landelike bedekking

Die voordeel by die gebruik van plantegroei as 'n primêre karteringsbron is dat plantegroei verskeie aspekte van die fisiese omgewing weerspieël en dus die produk is van 'n geïntegreerde kombinasie van faktore. Diskontinueitee in oewerplantegroei korreleer nie noodwendig met diskontinueitee in terrestriële plantegroei by dieselfde ruimtelike skale nie (sien Hoofstuk 6). Dit word dus betwyfel of daar betekenisvolle korrelasies sal voorkom tussen plantegroeigrensse en byvoorbeeld geomorfologiese grense, wat beide die produkte is van kunsmatige klassifikasies by bepaalde ruimtelike skale. Daar word egter kortliks verwys na ekostreke, fisiografiese eenhede, geomorfologiese sones en landelike bedekking geassosieer met bepaalde gedeeltes van die makrokanaal en/of opvanggebied in verhouding tot die geïdentifiseerde plantgemeenskappe kenmerkend van die riviersisteem.



Figuur 11.5 Landelike bedekking wat met die Olifantsriviersisteem geassosieer word (Thomson 1996)

Tabel 11.1 Plantgemeenskappe, ekostreke, fisiografiese eenhede, geomorfologiese sones en landelike bedekking van die Olifantsriviersisteem

Plantgemeenskapsnommer	Ekostreek		Fisiografiese eenheid	Geomorfologiese sone	Landelike bedekking
	Vlak 1	Vlak 2			
Grasveldbioom					
1	7	7.02	1	3	1 & 2
2	7	7.02	1	3	1 & 2
3	7	7.02	1	4	1; 2 & 3
4	7	7.02	1	4 & 6	1 & 2
5	7	7.02	1	4	1 & 2
6	7	7.02	1	6	1; 2 & 3
7	7	7.02 & 7.05	1	4	1 & 4
8	7	7.02 & 7.05	1	4 & 6	1; 3 & 4
Savannebioom					
1	2	2.09	1 & 2	4 & 8	1 & 5
2	2	2.09	2	3; 4 & 8	5 & 6
3	2	2.10	2	4	6 & 7
4	2	2.10 & 2.14	2 & 3	4 & 5	5; 6; 7; 8; 9 10 & 12
	3	3.04 & 3.02			
5	2	2.14	2	4	5; 11 & 12
6	2	2.14	2 & 4	4	5; 9; 11 & 12
	4	4.05			
7	4	4.05	4	4	5; 7; 8 & 9
	5	5.06			
8	5	5.06 & 5.02	5	4	5; 6; & 8
9	5	5.06	5	4	5; 6; & 8

Die dominante landelike bedekking wat met die opvanggebied van die Olifantsrivier in die Grasveldbioom geassosieer is, is onverbeterde grasveld en kommersiële droëland gewasverbouing. Plantgemeenskappe 3, 6 en 8 word met areas waar mynbou-aktiwiteite in die onmiddelike opvanggebied aangrensend die Olifantsrivier voorkom, geassosieer (sien Figuur 4.1 vir die verspreiding van die plantgemeenskappe).

Daar is nege plantgemeenskappe in die Savannebioom-gedeelte van die Olifantsriviersisteem geïdentifiseer (Figure 5.1a-g). Die gedeelte van die Olifantsrivier noord van Witbank tot onderkant Loskopdam kronkel deur 'n bergagtige landskap en word deur plantgemeenskappe 1, 2 en 3 verteenwoordig. Hierdie gedeelte van die rivier en opvanggebied word aan die teenwoordighed van ekostreek 2 en oorwegend fisiografiese eenheid 2 gekenmerk. Daar is egter aansienlike geomorfologiese variasie teenwoordig in hierdie gedeelte van die Olifantsriviersisteem (Tabel 11.1).

Die menslike aktiwiteit met gepaardgaande impak of potensiële impak, soos bespreek in Hoofstuk 8, word tot 'n groot mate weerspieël deur die landelike bedekkingsklas toegeken aan 'n bepaalde area. Die toestand van die plantegroei, met die makrokanaal van die riviersisteem geassosieer, weerspieël tot 'n mindere of meerdere mate die invloed van hierdie aktiwiteite in terme van plantspesiesamestelling, konstandheid van voorkoms, plantbedekking en plantegroeistruktuur.

11.3 Oewerplantgemeenskappe van die Olifantsrivier as bestuurseenhede

Die aanbevelings wat gemaak is ten opsigte van die bestuur van die oewersone van die Olifantsriviersisteem dra by tot die bestuur van die riviersisteem in geheel. Dit is alleenlik moontlik om die oewerplantegroei van 'n riviersisteem effektief te bestuur indien die huidige toestand van die oewerplantegroei bekend is en die eiesortige behoeftes van hierdie plantegroei erken en daar voorsiening gemaak word daarvoor. Dit is verder van kritiese belang dat aktiwiteite en bedreigings, wat kan lei tot 'n verdere degradering in toestand van die oewerplantegroei, geïdentifiseer word.

Die huidige toestand van die oewerplantegroei en die identifisering van aktiwiteite wat hierdie toestand veroorsaak of die potensiaal besit om die toestand verder te verswak is egter nie voldoende vir die bestuur van die oewersone nie. Dit is belangrik dat bestuursdoelstellings van so 'n aard moet wees dat dit verdere degradering sal voorkom, maar ook sal aanleiding gee tot 'n toekomstige verbetering in die toestand van die oewerplantegroei met die makrokanaalbanke geassosieer.

Die konsep van verlangde status of verlangde toekomstige status het wêreldwyd verskeie onafhanklike oorspronge gehad. Hierdie begrip word algemeen gebruik om die nodigheid vir insig en 'n verbintenis tot die handhawing van die toestand van ekologiese sisteme deur wetontwerpers en bestuurders aan te toon (Rogers & Bestbier 1997). Die begrip verlangde toekomstige status word op verskeie wyses vertolk. In sommige gevalle verteenwoordig die begrip 'n wetenskaplik geïdentifiseerde einddoel, terwyl die begrip deur ander vertolk word in terme van menslike waardes en voorkeure (Rogers & Bestbier 1997).

Die bepaling van 'n verlangde toekomstige status is 'n omvangryke proses. Rogers & Bestbier (1997) het 'n protokol ontwikkel waarbinne 'n breë konsensus met geïnteresseerde en geaffekteerde partye ten opsigte van 'n verlangde status bereik kan word. Hierdie aanvaarbare en ge-onderhandelde status kan gebruik word en rigting gee aan die bepaling van stroomvloeibehoeftes vir riviersisteme.

Tradisioneel het groepe wetenskaplikes 'n verlangde toekomstige status voorgestel en ontwikkel sonder konsultering met ander belanghebbende partye. Rogers & Bestbier (1997) beweer dat hierdie benadering uitgebrei moet word in belang van die geïntegreerde bestuur van opvanggebiede. Die bepaling van 'n verlangde toekomstige status vir die Olifantsriviersisteem, wat die opvanggebied insluit, is 'n omvangryke onderhandelingsproses waarby verskeie sektore en rolspelers betrokke moet wees en skakel nie by die raamwerk van hierdie studie in nie. 'n Huidige- en verlangde toekomstige status word voorgestel vir elke plantgemeenskap geïdentifiseer en word kortliks bespreek onder punt 11.3.1.

Die omvang van ontwikkeling in die meeste opvanggebiede in Suid-Afrika is van so 'n aard dat daar weinig riviersisteme met geassosieerde akwatiese komponente en oewerplantegroei is wat as natuurlik beskou kan word (Departement van Waterwese en Bosbou 1992). Die voorstelling van bestuursriglyne en doelstellings wat daarop gefokus is om die optimale natuurlike toestand te bereik, is unrealisties. Bestuursriglyne en doelstellings wat vir die bestuur van die natuurlike omgewing, in hierdie geval die oewerplantgemeenskappe, saamgestel word (sien Tabel 11.2) moet tot so 'n mate buigsaam wees dat dit voorsiening maak vir aanvaarbare kompromieë bereikbaar met ander watergebruikers.

Tabel 11.2 'n Samevatting van die plantgemeenskappe in die makrokanal van die Olifants-rivier geïdentifiseer in terme van enkele geassosieerde habitatkenmerke

Plantgemeenskapnommer	Rivierprofiel (sien Figuur nommers)	Tipe gesteentes (sien Figuur 2.7)	Fisiiese beskrywing
Grasveldbioom			
1	4.3	Groep 3	Enkel kanaal - 6 m breed. Makrokanalbank (MKB) – Hoogte : 1 m; Helling : 80-90°
2	4.6	Groep 5	Enkel kanaal met geïsoleerde rotsplate – 17 m breed. MKB – Hoogte : 2-3 m; Helling : 18-27°
3	4.9	Groep 2	Enkel kanaal – 14 m breed MKB – Hoogte : 4,5 m; Helling : 40-41°
4	4.12	Groep 3	Enkel kanaal met alluviale deposito's – 15 tot 27 m breed. Kuite en stroomversnellings. MKB – Hoogte : 2,5-3,5 m; Helling : 27-40°
5	4.15	Groepe 3 & 7	Enkel kanaal met alluviale deposito's – 16 m breed. Klipbedekking in geïsoleerde areas. MKB – Hoogte : 1,5-3 m; Helling : 31-42°

6	4.18	Groepe 3 & 7	Enkel kanaal vloeい deur kliprante – 19 tot 22 m breed. Kanaalbed en banke : groot rotsplate en rotsblokke. Kuile en stroomversnellings. MKB – Hoogte : 1-5 m; Helling : 70-80°
7	4.21 & 4.24	Groep 14	Enkel tot verdeelde kanaal – 22 tot 25 m breed. Eilande, klipperige kanaalbed, kuile en stroomversnellings MKB – Hoogte : 0,5-2 m; Helling : 27-60°
8	4.27	Groepe 3 & 11	Oorwegend enkel kanaal , soms enkele eilande – 26 tot 32 m breed. Klipperige kanaalbed. MKB – Hoogte : 1-4 m; Helling : 25-40°
Savannebiom			
1	5.3	Groep 4	Rivier vloeい deur bergagtige terrein. Enkel tot verskeie kanale – 17 tot 36 m breed. Eilande, stroomversnellings. Kanaalbed klipperig (rotsblokke). Enkele gevalle loodregte kranse. MKB – Hoogte : 0,5-2,5 m; Helling : 1-4°
2	5.6	Groep 4	Rivier vloeい deur bergagtige terrein. Enkel kanaal – 22 tot 50 m breed. Kuile, stroomversnellings, aktiewe kanaaldeposito's. Kanaalbed klipperig (rotsblokke). Enkele gevalle loodregte kranse. MKB – Hoogte : 0,5-1,5 m; Helling : 2-3°
3	5.15	Groepe 7 & 12	Rivier vloeい deur enkele kliprandjies. Enkel kanaal met alluviale deposito's – 20 tot 70 m breed. Kanaaldeposito's. Kanaalbed klipperig (rotsblokke en spoeklippe) MKB – Hoogte : 0,5-1,5 m; Helling – 3-20°
4	5.18	Groep 12	Enkele kanaal tot verskeie kanale – 80 tot 130 m breed. Eilande, Kanaaldeposito's. Kanaalbed klipperig (rotsblokke en spoeklippe). MKB – Hoogte : >1 m; Helling : 2-5°
5	5.33	Groep 12	Enkele kanaal – 60 tot 80 m breed. Golwende kanaaldeposito's weerskante van aktiewe kanaal. MKB – Hoogte : >1 m; Helling : 2-5°
6	5.36	Groepe 1; 8; 9 & 12	Rivier vloeい deur bergagtige terrein. Enkel kanaal tot verskeie kanale – 140 tot 210 m breed. Eilande, golwende kanaaldeposito's. Kanaalbed klipperig. MKB – Hoogte : 1,5-3 m; Helling : 5-30°
7	5.45	Groep 15	Kanaal met alluviale deposito's - tot 140 m breed. Golwende aktiewe kanaaldeposito's. Klipbedekking in kanaalbed varieer van afwesig tot so hoog as 45%, MKB – Hoogte : 0,5-2 m; Helling : 6-10°
8	5.48	Groep 15	Kanaal verdeel soms om verskeie kanale te vorm met alluviale deposito's, eiland en kanaaldeposito's – 170 m breed. Kanaalbed klipperig (rotsblokke en spoeklippe), MKB – Hoogte : 1-2,5 m; Helling : 15-24°

11.3.1 Huidige- en verlangde toekomstige status van die oewerplantgemeenskappe

'n Eenvoudige klassifiseringstelsel word voorgestel waarvolgens die toestand van die geïdentifiseerde plantgemeenskappe gemeet kan word aan bepaalde kriteria ten einde 'n huidige status waarde te kan toeken aan elke plantgemeenskap. Omdat hierdie studie primêr fokus op die plantegroei, by 'n ruimtelike skaal van 1:250 000, is die kriteria gebruik by die bepaling van die huidige status gebaseer op die toestand van die inheemse plantegroei in terme van bedekking, struktuur en konstantheid en/of faktore wat die plantegroei beïnvloed.

Die kriteria wat gebruik is dra ewe veel gewig en is onderling afhanglik. Die teenwoordigheid en omvang van 'n bepaalde klassifiseringskriterium beïnvloed dikwels die status van die voorafgaande en/of daaropvolgende klasse byvoorbeeld hoe groter die mate

van menslike aktiwiteit of invloede, hoe laer die plantegroeibedekking, hoe groter die moontlikheid van erosie en/of die vestiging van verklaarde onkruid en indringers.

Daar is vyf klasse, verteenwoordigend van die huidige status van die oewersone van die Olifantsrivier, op 'n subjektiewe wyse bepaal deur gebruik te maak van vier klassifiseringskriteria naamlik :

- Die mate van natuurlikheid of verandering van die floristiek van die makrokanaal. Hierdie kriterium is op die bewaringstatus kategorieë (Departement van Waterwese 1991e), soos voorgestel in Tabel 2.2, gebaseer.
- Die graad van erosie en ontblote grondoppervlak in die makrokanaal, veral die makrokanaalbanke. Die mate van erosie en ontbloting hou grootliks verband met die plantegroeibedekking by 'n bepaalde lokaliteit.
- Die omvang van verklaarde onkruid en –indringers in die makrokanaal.
- Die omvang van menslike aktiwiteite met die makrokanaal en die direk omliggende areas geassosieer (Tabel 11.3).

Tabel 11.3 Die onderskeie klasse verteenwoordigend van die huidige toestand/status van die oewersone van die Olifantsrivier

Klassifiseringskriteria	Huidige status
Oewerplantegroei : <ul style="list-style-type: none"> • natuurlik/feitlik geen verandering Graad van erosie : <ul style="list-style-type: none"> • geringe erosie, geen insnydings of dongavorming • geen wegkalwe van makrokanaalbanke Verklaarde onkruid en indringers : <ul style="list-style-type: none"> • afwesig tot uiters beperk • uiters geringe bydrae tot die gemiddelde kroonbedekking van die plantgemeenskap Omvang van menslike aktiwiteit : <ul style="list-style-type: none"> • afwesig tot uiters beperk 	A
Oewerplantegroei : <ul style="list-style-type: none"> •oorwegend natuurlik/enkel veranderinge Graad van erosie : <ul style="list-style-type: none"> • gemiddelde verlies van bogrond, beperkte insnydings, geen dongavorming • wegkalwe van die makrokanaalbank die uitsondering Verklaarde onkruid en indringers : <ul style="list-style-type: none"> • teenwoordigheid beperk • geringe bydrae tot die gemiddelde kroonbedekking van die plantgemeenskap Omvang van menslike aktiwiteit : <ul style="list-style-type: none"> • beperk 	B
Oewerplantegroei : <ul style="list-style-type: none"> •oorwegend natuurlik/heelwat veranderinge Graad van erosie : <ul style="list-style-type: none"> • gemiddelde verlies van bogrond, insnydings redelik algemeen, beperkte dongavorming 	C

<ul style="list-style-type: none"> wegkalwe van die makrokanaalbank beperk <p>Verklaarde onkruid en inringers :</p> <ul style="list-style-type: none"> teenwoordig en redelik algemeen matige bydrae tot die gemiddelde kroonbedekking van die plantgemeenskap <p>Omvang van menslike aktiwiteit :</p> <ul style="list-style-type: none"> redelik algemeen 	
<p>Oewerplantgroei :</p> <ul style="list-style-type: none"> oorwegend verander/natuurlik in enkele areas <p>Graad van erosie :</p> <ul style="list-style-type: none"> gevorderde verlies van bogrond, insnydings baie algemeen, dongavorming redelik algemeen wegkalwe van makrokanaalbank redelik algemeen <p>Verklaarde onkruid en inringers :</p> <ul style="list-style-type: none"> teenwoordig en algemeen matige tot groot bydrae tot die gemiddelde kroonbedekking van die plantgemeenskap <p>Omvang van menslike aktiwiteit :</p> <ul style="list-style-type: none"> algemeen 	D
<p>Oewerplantgroei :</p> <ul style="list-style-type: none"> veranderd/natuurlike areas beperk <p>Graad van erosie :</p> <ul style="list-style-type: none"> gevorderde tot alghele verlies van bogrond, insnydings en dongavorming baie algemeen wegkalwe van makrokanaalbank algemeen <p>Verklaarde onkruid en inringers :</p> <ul style="list-style-type: none"> teenwoordig en baie algemeen groot tot omvangryke bydrae tot die gemiddelde kroonbedekking van die plantgemeenskap <p>Omvang van menslike aktiwiteit :</p> <ul style="list-style-type: none"> baie algemeen 	E

‘n Huidige statusklas is aan elkeen van die oewerplantgemeenskappe, soos in die Grasveld- en Savannebioom-gedeeltes van die Olifantsrivier onderskeidelik geïdentifiseer, toegeken. Hierdie toekenning van klasse aan die onderskeie plantgemeenskappe is gedoen op die basis dat ‘n bepaalde plantgemeenskap aan ten minste drie van die vier klassifiseringskriteria (Tabel 11.3), gebruik om die klas te definieer, moes voldoen. Die huidige- en verlangde toekomstige status van die oewerplantgemeenskappe van die Olifantsrivier word in Tabel 11.4 weergegee.

Tabel 11.4 Die huidige- en verlangde toekomstige status van die oewerplantgemeenskappe van die Olifantsriviersisteem

Oewerplantgemeenskappe		Huidige status	Verlangde toekomstige status
Nommer	Naam		
Grasveldbioom			
1	<i>Eragrostis plana</i> - <i>Monopsis decipiens</i> -grasveld	B	B+
2	<i>Themeda triandra</i> - <i>Fingerhuthia sesleriiformis</i> -grasveld	B	B+
3	<i>Clutia natalensis</i> - <i>Panicum dregeanum</i> -grasveld	C	B
4	<i>Heteropogon contortus</i> - <i>Cyperus longus</i> var. <i>tenuiflorus</i> -grasveld	C & D	C
5	<i>Eragrostis plana</i> - <i>Cyperus fastigiatus</i> -grasveld	C	C+
6	<i>Rhus gerrardii</i> - <i>Hemarthria altissima</i> -grasveld	C	C+
7	<i>Salix mucronata</i> subsp. <i>wilmsii</i> - <i>Eragrostis curvula</i> -grasveld	D	C
8	<i>Echinochloa crus-galli</i> - <i>Paspalum distichum</i> -grasveld	D	C
Savannebioom			
1	<i>Salix mucronata</i> subsp. <i>wilmsii</i> - <i>Hyparrhenia hirta</i> -struikveld	B	B
2	<i>Heteropyxis natalensis</i> - <i>Bothriochloa bladhii</i> -struikveld	A	A
3	<i>Acacia sieberiana</i> var. <i>woodii</i> - <i>Ischaemum fasciculatum</i> -boomveld	C	C+
4	<i>Combretum erythrophyllum</i> - <i>Cynodon dactylon</i> -boomveld	C & D	C+ & C
5	<i>Acacia mellifera</i> - <i>Urochloa mosambicensis</i> -boomveld	E	D - D+
6	<i>Schotia brachypetala</i> - <i>Panicum maximum</i> -boomveld	E	D - D+
7	<i>Lonchocarpus capassa</i> - <i>Acacia ataxacantha</i> -boomveld	C	C+
8	<i>Ficus sycomorus</i> - <i>Abutilon angulatum</i> var. <i>angulatum</i> -boomveld	B	B
9	<i>Diospyros mespiliformis</i> - <i>Rhus queinzii</i> -boomveld	C	C+

Menslike aktiwiteite en die gepaardgaande landelike gebruikspraktyke is 'n gegewe in die makrokanaal van die Olifantsriviersisteem. Dit is dus, soos reeds genoem, totaal unrealisties om hierdie aktiwiteite tydens die voorstelling van 'n verlangde toekomstige status met die gepaardgaande aanbevole regstellende aksies vir die onderskeie oewerplantgemeenskappe, te ignoreer.

Daar moet binne die raamwerk van enige bestuursisteem eerstens voorsiening gemaak word vir die bestuur van die makrokanaal op so 'n wyse dat die verdere degradering van die oewerplantegroei verhoed word. Tweedens moet daar deurgaans gepoog word om die huidige toestand, sovér prakties moontlik, te verbeter.

In verskeie situasies is dit, die menslike aktiwiteite met die gepaardgaande impakte in ag geneem, nie prakties moontlik om die toestand van 'n oewerplantgemeenskap tot so 'n mate te verbeter dat die plantgemeenskap sal voldoen aan die kriteria soos vir die daaropvolgende statusklas gedefinieer nie. In die oorgrote meerderheid van gevalle kan die aanspreek en regstelling van bepaalde impakte egter tot 'n verbetering in die status van die oewerplantegroei lei. Indien 'n plantgemeenskap, ondanks die verbetering in status, nog nie voldoen aan die kriteria soos gedefinieer vir die daaropvolgende statusklas nie, word so 'n verbetering aangedui met 'n pluswaarde wat die betrokke statusklas opvolg (Tabel 11.4).

11.3.2 Bereikbare doelstellings vir die verbetering van die status van die oewerplantgemeenskappe van die Olifantsrivier

Die huidige status van die onderskeie oewerplantgemeenskappe wat geïdentifiseer is, is ontleed ten einde praktiese uitvoerbare doelstellings te verskaf wat tot die verkryging van die voorgestelde verlangde toekomstige status sal lei (Tabel 11.5).

Tabel 11.5 Primêre doelstellings voorgestel vir die bereiking van die verlangde toekomstige status van die oewerplantegroei van die Olifantsrivier

Plantgemeenskapnommer	Huidige status	Doelstellings	Verlangde toekomstige status
Grasveldbioom			
1	B	<ul style="list-style-type: none"> Die gemiddelde kroonbedekking van 33% kan verbeter word deur konserwatiewe veeladings. Toekomstige monitering om te verhoed dat verklaarde onkruid en indringerplantspesies vestig. 	B+
2	B	<ul style="list-style-type: none"> Beheer en moniteer die verklaarde onkruid <i>Cirsium vulgare</i>. Stabiliseer lokale areas waar lige slootvorming teenwoordig is 	B+
3	C	<ul style="list-style-type: none"> Die instandhouding en verbetering van die gemiddelde kroonbedekking deur konserwatiewe veeladings. Stabiliseer en beperk erosie in lokale areas waar lige slootvorming teenwoordig is. Beheer verklaarde onkruid en moniteer die situasie in die toekoms om die vestiging van ongewenste plante te verhoed. 	B
4	C & D	<ul style="list-style-type: none"> Stabiliseer/herwin areas met lige sloot- en dongavorming. Verseker 'n aanvaarbare gemiddelde plantegroeibedeckking, veral in myngerehabiliteerde areas. Beheer ongewenste plante en moniteer die situasie in die toekoms om die vestiging van hierdie plante te verhoed. 	C
5	C	<ul style="list-style-type: none"> Stabiliseer/herwin areas met slootvorming en insnydings. Beheer verklaarde onkruid ondanks die huidiglik beperkte 	C+

		<ul style="list-style-type: none"> voorkoms. Toekomstige monitering ten einde te verhoed dat ongewenste plantspesies vestig. 	
6	C	<ul style="list-style-type: none"> Stabiliseer/herwin areas waar ligte slootvorming voorkom. Konserwatiewe veelandings vir die instandhouding en verbetering van die gemiddelde kroonbedekkings van die natuurlike plantegroei. 	C+
7	D	<ul style="list-style-type: none"> Stabiliseer areas met insnydings en slootvorming. Die verklaarde onkruid <i>Sesbania punicea</i> en verklaarde indringer <i>Acacia dealbata</i> het 'n totale gemiddelde kroonbedekking van 14% gesamentlik en moet uitgeroei word. Opvolgbeheer en monitering vanveral hierdie plantspesies is noodsaklik in die toekoms ten einde hervestiging te verhoed. 	C
8	D	<ul style="list-style-type: none"> Stabiliseer areas met sloot- en dongavorming. Die verklaarde onkruid <i>Lantana camara</i> en verklaarde indringer <i>Acacia dealbata</i> moet uitgeroei word. Opvolgbeheer en monitering vanveral hierdie plantspesies is noodsaklik in die toekoms ten einde hervestiging te verhoed. Stabiliseer makrokanalbanke en verseker 'n aanvaarbare plantegroeibedeckking in areas versteur en/of gerehabiliteer deur die mynboubedryf. 	C

Savannebioom

1	B	<ul style="list-style-type: none"> Stabiliseer enkele areas met ligte insnydings Die verklaarde indringer <i>Acacia dealbata</i> en verklaarde onkruid <i>Cirsium vulgare</i> moet uitgeroei word. Opvolgbeheer en monitering vanveral hierdie plantspesies is noodsaklik in die toekoms ten einde hervestiging te verhoed. 	B+
2	A	<ul style="list-style-type: none"> Die verklaarde onkruide <i>Sesbania punicea</i> en <i>Datura stramonium</i> moet uitgeroei word. Toekomstige monitering om te verhoed dat ongewenste plantspesies vanaf stroom-op gedeeltes hier vestig. 	A
3	C	<ul style="list-style-type: none"> Stabiliseer areas met ligte slootvorming. Beheer uitheimse houtagtige plantspesies (bome, struiken en dwergstruiken) – sien Tabel 7.2. Die verklaarde onkruid <i>Lantana camara</i> moet uitgeroei word. Toekomstige monitering om te verhoed dat ongewenste plantspesies vanaf stroom-op gedeeltes hier vestig. 	C+
4	C	<p>Die gedeelte van die Olifantsrivier vanaf die plaas Kameeldoorn tot in die omgewing van Arabiedam :</p> <ul style="list-style-type: none"> Stabiliseer areas met slootvorming. Verklaarde onkruide moet uitgeroei word – sien Tabel 7.4. Beheer uitheimse houtagtige plantspesies (bome, struiken en dwergstruiken) – sien Tabel 7.2. Toekomstige monitering om te verhoed dat ongewenste plantspesies in hierdie gedeelte van die rivier vestig. 	C+
4	D	<p>Die gedeelte van die Olifantsrivier vanaf Arabiedam tot by die Burgersford/Pietersburg nasionale pad :</p> <ul style="list-style-type: none"> Stabiliseer en herwin slote en dongas. Beheer die ontbossing van plantspesies in die makrokanal. Verklaarde onkruide moet uitgeroei word – sien Tabel 7.4. Beheer uitheimse houtagtige plantspesies (bome, struiken en dwergstruiken) – sien Tabel 7.2. Toekomstige monitering om te verhoed dat ongewenste plantspesies in hierdie gedeelte van die rivier vestig. 	C
5	E	<ul style="list-style-type: none"> Die omvangryke erosie (sloot en dondagvorming) moet 	D – D+

		<ul style="list-style-type: none"> • gestabiliseer en sovér prakties moontlik herwin word. • Dele in die makrokanal wat ontbos is as gevolg van landbou-aktiwiteit moet gestabiliseer en gerehabiliteer word ten einde die ongekontroleerde afloop van water en wegspoel van bogrond te beperk. • Ontwikkelings- en opleidingsprogramme moet van stapel gestuur word. • Rehabiliteringsprogramme moet van plaaslike arbeid gebruik maak (werkverskaffing). • Verklaarde onkruid moet uitgeroei word – sien Tabel 7.4. • Beheer uitheimse houtagtige plantspesies (bome, struik en dwergstruik) – sien Tabel 7.2. • Beheer en reguleer die versameling van brandhout en boumateriaal in die makrokanal. • Beheer die benutting van die makrokanalbanke as bron van weiding vir vee en beperk uittrapping van die graslaag. • Toekomstige kundige bestuur en ouditering ten einde die vordering ten opsigte van rehabiliteringsaksies te moniteer. • Toekomstige moniteringsaksies ten einde te verhoed dat ongewenste plante vestig. 	
6	E	<ul style="list-style-type: none"> • Die omvangryke erosie (sloot en dondavorming) moet gestabiliseer en sovér prakties moontlik herwin word. • Dele in die makrokanal wat ontbos is as gevolg van landbou-aktiwiteit moet gestabiliseer en gerehabiliteer word ten einde die ongekontroleerde afloop van water en wegspoel van bogrond te beperk. • Ontwikkelings- en opleidingsprogramme moet van stapel gestuur word. • Rehabiliteringsprogramme moet van plaaslike arbeid gebruik maak (werkverskaffing). • Verklaarde onkruid moet uitgeroei word – sien Tabel 7.4. • Beheer uitheimse houtagtige plantspesies (bome, struik en dwergstruik) – sien Tabel 7.2. • Beheer en reguleer die versameling van brandhout en boumateriaal in die makrokanal. • Beheer die benutting van die makrokanal as bron van weiding vir vee en beperk uittrapping van die graslaag. • Toekomstige kundige bestuur en ouditering ten einde die vordering ten opsigte van rehabiliteringsaksies te moniteer. • Toekomstige moniteringsaksies ten einde te verhoed dat ongewenste plante vestig. 	D – D+
7	C	<ul style="list-style-type: none"> • Stabiliseer areas waar slootvorming en donda-erosie voorkom. • Makrokanalbanke wat ontbos is moet gestabiliseer en waar moontlik gerehabiliteer word. • Verklaarde onkruid moet uitgeroei word – sien Tabel 7.4. • Beheer uitheimse houtagtige plantspesies (bome, struik en dwergstruik) – sien Tabel 7.2. • Toekomstige moniteringsaksies ten einde te verhoed dat ongewenste plante vestig. 	C+
8	B	<ul style="list-style-type: none"> • Verklaarde onkruid moet uitgeroei word – sien Tabel 7.4. • Beheer uitheimse houtagtige plantspesies (bome, struik en dwergstruik) – sien Tabel 7.2. • Toekomstige moniteringsaksies ten einde te verhoed dat ongewenste plante vestig. 	B
9	C	<ul style="list-style-type: none"> • Stabiliseer areas met opvallende insnydings en slootvorming. • Verklaarde onkruid moet uitgeroei word – sien Tabel 	C+

		<p>7.4.</p> <ul style="list-style-type: none">• Beheer uitheemse houtagtige plantspesies (bome, struiken en dwergstruiken) – sien Tabel 7.2.• Toekomstige moniteringsaksies ten einde te verhoed dat ongewenste plante vestig.	
--	--	-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------	--

HOOFSTUK 12

BESTUURSRIGLYNE EN AANBEVELINGS


12.1 Inleiding

Die bestuur van riviersisteme is baie kompleks. ‘n Riviersisteem dreineer bloot ‘n area land en dit is van kardinale belang om te besef dat riviersisteme nie geïsoleerde entiteite is nie, maar die toestand en die impakte in die opvanggebied reflekter. ‘n Gesonde opvanggebied huisves ‘n gesonde riviersisteem. Die effektiewe bestuur en instandhouding van enige riviersisteem moet deel vorm van ‘n oorhoofse bestuursplan waarbinne die regulering van aktiwiteite en minimalisering van impakte in die opvanggebied aangespreek word.

‘n Holistiese benadering ten opsigte van geïntegreerde omgewingsbestuur is van kritiese belang ten einde die voortbestaan van gesonde produktiewe riviersisteme te verseker. Die oorgrote meerderheid van navorsingsprojekte het in die verlede spesifieke geïsoleerde probleme aangespreek. Navorsing was en is nog steeds tot ‘n groot mate gefragmenteer en het nie die probleme van die groter omgewing aangespreek nie.

Artikel 2 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, No 107 van 1998 en Artikel 6 (1)(a) van die Nasionale Waterwet, No 36 van 1998 verskaf die mandaat en raamwerk waarbinne ‘n suksesvolle geïntegreerde omgewingsbestuurssisteem ontwikkel kan word. ‘n Voorbeeld van so ‘n bestuurssisteem (Mnr. D. Visser¹, persoonlike mededeling) met die onderskeie komponente van belang word weergegee in Figuur 12.1. Artikel 6(1)(a) verwys na die Nasionale Waterbronstrategie van die Minister wat die strategie, doelwitte, planne, riglyne, procedures en institusionele reëlings ten opsigte van die beskerming, gebruik, ontwikkeling, bewaring, bestuur en beheer van die waterbronne moet verskaf.

¹ Bohlweki Environmental (PTY)LTD, Posbus 11784, Vorna Valley, Midrand



Figuur 12.1 Voorgestelde implementeringskomponente van 'n bestuursysteem

Vanweë die kompleksiteit van omgewingsaangeleenthede is 'n holistiese multidisiplinêre benadering noodsaaklik. Onderlinge kompetisie tussen organisasies en maatskappye betrokke by omgewingsaspekte asook 'n tekort aan mannekrag en befondsing is egter oorsake wat daar toe kan lei dat 'n holistiese oorsig en samewerkings-ooreenkomste nie haalbaar is nie.

Die Wetlike beheer en bestuur van omgewingsaangeleenthede is totaal gefragmenteer en verdeel tussen 'n menigte van owerheids- en statutêre instansies op verskillende regeringsvlakke (sien Hoofstuk 10). Die koördinering van beleid en bestuursaksies is van kardinale belang ten einde 'n eenvormige optrede te verseker. Hierdie klimaat van koördinering en samewerkingsooreenkomste vorm deel van regeringsbeleid en word vervat in :

1. Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, No 107 van 1998

- “Om voorsiening te maak vir samewerkende omgewingsbestuur deur die daarstelling van beginsels vir die besluitneming oor aangeleenthede rakende die omgewing, instellings wat samewerkende bestuur sal bevorder en procedures vir die koördinering van omgewingswerksaamhede wat deur staatsorgane uitgeoefen word; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan”
- “Volhoubare ontwikkeling vereis die integrasie van maatskaplike, ekonomiese en omgewingsfaktore in die beplanning, implementering en evaluering van beslissings ten einde te verseker dat ontwikkeling huidige en toekomstige geslagte dien” – soos vervat in die aanhef van hierdie Wet.
- “dat die reg procedures moet instel om 'n regering van samewerking en inter-regeringsverhoudings te vergemaklik en te bevorder” – soos vervat in die aanhef van hierdie Wet.

2. Die Nasionale Waterwet, No 36 van 1998.

- Erken die noodsaaklikheid vir geïntegreerde bestuur van alle aspekte van waterbronne en waar nodig, die delegering van bestuursfunksies na 'n streeks- of opvanggebiedsvlak sodat dit moontlik is vir alle persone om te kan deelneem.

3. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, No 108 van 1996.

- Hoofstuk 3, Artikel 41 van die Grondwet, No 108 van 1996 vervat “Beginsels van regering van samewerking en interregeringsbetrekkinge”.
- Artikel 41 (1)(h) stipuleer dat : “alle regeringsfere en alle staatsorgane binne elke sfeer moet in wedersydse vertroue en goeie trou met mekaar saamwerk deur –
 - (i) vriendskaplike betrekkinge te bevorder;
 - (ii) mekaar te help en te ondersteun;
 - (iii) mekaar van inligting te voorsien en met mekaar oorleg pleeg, oor sake van gemeenskaplike belang;
 - (iv) hul optrede en wetgewing met mekaar koördineer;
 - (v) by ooreengekome procedures te hou; en
 - (vi) regeringsverrigtinge teen mekaar te vermy.”

Dit is egter so dat die institusionele opset nie tans noodwendig georganiseer is om hierdie koördinering te vergemaklik nie. ‘n Moontlike meganisme is die instel van ‘n kommittee vir Omgewingskoördinasie soos gestipuleer in Artikel 7 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, No 107 van 1998.

Hierdie navorsingsprojek het spesifiek gefokus op die plantegroei in die makrokanaal van die Olifantsriviersisteem. Daar is deurentyd gepoog om alle waarneembare aktiwiteite wat potensieel negatief op die riviersisteem kan impakteer aan te teken, nie alleen in die makrokanaal as sulks nie, maar ook in die onmiddelik omliggende gedeeltes van die opvanggebied wat ekologies verband hou met die makrokanaal (sien Hoofstuk 9). Dit is uiters belangrik dat bevindinge, bestuursriglyne en aanbevelings beskikbaar is vir alle belanghebbende partye en organisasies tydens besluitnemings prosesse, maar belangriker nog, geïmplimenteer word.

Dit is belangrik om deurgaans in gedagte te hou dat verskeie van die aanbevelings gebaseer is op aktiwiteite met gepaardgaande potensiële impakte soos waargeneem tydens die veldwerkfase van hierdie studie. Hierdie “impakte” is dikwels die simptome wat veroorsaak word deur ander impakte wat nie waarneembaar in die onmiddelike omgewing is nie. Dit is veral belangrik om te besef dat dit dikwels nie ‘n enkele impak hoef te wees wat ‘n noemenswaardige negatiewe effek op die riviersisteem het nie, maar dat die sinergistiese

en/of geakkumuleerde effek van verskeie uiteenlopende impakte potensieel katastrofiese gevolge kan inhou.

Die geakkumuleerde effek van verskeie faktore soos die omvang van verklaarde indringers en uitheemse plantegroei (sien Hoofstuk 7), die verhoogde impak van vloede as gevolg van menslike aktiwiteite (sien Hoofstuk 8) en die aktiwiteite en impakte van onder andere die Landbou-, Mynbou- en Industriële sektore (sien Hoofstuk 9) lei tot die degradering van die opvanggebied en die Olifantsriviersisteem as sulks.

Die huidige omgewingswetgewing (sien Hoofstuk 10) is veronderstel om hierdie aktiwiteite en enige toekomstige ontwikkeling tot so ‘n mate te beheer dat dit sal aanleiding gee tot die minimalisering van impakte met die gepaardgaande volhoubare benutting van die natuurlike hulpbronne en die gelyktydige beskerming van die streek se biodiversiteit. Die regstelling van tekortkomings van die vorige wetlike omgewing is ‘n positiewe stap in die regte rigting. Op hierdie vroeë stadium is dit egter nog nie duidelik of dit toekomstige praktiese omgewingsbestuur sal verbeter nie omdat die operasionele infrastruktuur en nodige mekanismes nog nie in plek is nie.

Ondanks die feit dat die vorige en huidige beleids- en wetlike omgewing heelwat klem lê op geïntegreerde omgewingsbestuur en indien dit toegepas word, ‘n wesenlike verskil kan maak ten opsigte van die voorkoming van verdere hulpbrondegradering tydens toekomstige ontwikkelings, is daar reeds aansienlike skade aangerig in die verlede. Die huidige toestand van die Olifantsriviersisteem en die opvanggebied is ‘n gegewe en aktiwiteite met die gepaardgaande impakte moet her-evalueer en sovér moontlik aangespreek en reggestel word.

12.2 Aanbevelings ten opsigte van die beheer en regulering van aktiwiteite en die minimalisering van impakte op die Olifantsrivier

Die oewerplantegroei van enige riviersisteem speel ‘n deurslaggewende rol by die stabilisering van makrokanaalbanke en lewer ‘n belangrike bydrae tot die bekamping van erosie. Enige impak wat lei of kan lei tot die degradering van hierdie eiesoortige plantegroei en sensitiewe ekosisteme dra by tot die degradering van die riviersisteem as sulks. Hierdie studie toon duidelik dat enige aktiwiteit soos onder andere ontbossing in die makrokanaal, die


voorkoms van keerwalle in die aktiewe kanaal en landerye direk aangrensend aan die makrokanaal, die impak van vloedwater verhoog.

Die Nasionale Krugerwildtuin bestuur die makrokanale van die riviere in die NKW deur gebruik te maak van parameters soos die verandering in houtagtige struktuur gebaseer op frekwensie van die verskillende hoogteklasse en bedekking van die plantspesies. Dit is praktyk in die Nasionale Krugerwildtuin om fluktuering in die verandering van houtagtige struktuur toe te laat binne bepaalde grense (Dr. H.C. Eckhardt, SA Nasionale Parke, persoonlike mededeling). Die voordeel is egter dat die makrokanaal van die gedeelte van die Olifantsrivier in die Nasionale Krugerwildtuin bestuur word as 'n natuurlike ekosisteem deur een sentrale organisasie wat bestuursbesluite voorstel, implimenteer, moniteer en ouditeer. Bestuur van die oewerplantegroei van die Olifantsriviersisteem buitc die Nasionale Krugerwildtuin is baie meer kompleks bloot as gevolg van die uiteenlopende verskeidenheid van impakte in die makrokanaal en die onmiddelike gedeeltes van die opvanggebied deur gebruikers, owerhede en oewereienaars.

Die ideale toestand, ook na verwys as die verlangde toekomstige status (sien Hoofstuk 11), van die Olifantsrivier makrokanaal met geassosieerde plantegroei kan voorgestel word as 'n makrokanaal, waarbinne aktiwiteite wat kan lei tot die degradering van die inheemse oewerbos, insluitend die uitheemse plantegroei, tot die minimum beperk en streng gereguleer word. Regulering moet van so 'n aard wees dat die inheemse oewerbos deurgaans 'n aanvaarbare plantspesiesamestelling en plantegroeibedekking het, tot so 'n mate dat hierdie plantegroei hulself in stand kan hou en kan voldoen aan die stabiliserende rol normaalweg vervul deur hierdie plantegroei. Die inagneming van die minimum stroomvloe- en waterbehoefte van hierdie gespesialiseerde plantgroeitipes (oewerbos) is van kritieke belang ten einde die voortbestaan en instandhouding van hierdie plantegroei te verseker.

Die aanbevelings en riglyne verskaf in hierdie studie fokus op die landbousektor en aktiwiteite wat potensieël negatief impakteer op die makrokanaal en die Olifantsrivier as sulks. Dit is belangrik om te besef dat die landboubedryf slegs 'n enkele komponent verteenwoordig (Figuur 12.2) en dat aktiwiteite van ander sektore soos onder andere die Bosboubedryf en die Mynbou- en industriële sektore verder bydra tot die degradering van die Olifantsriviersisteem.

Natuurlike komponent (Bioties)



Menslike komponent (Abioties)

■ Die primêre fokus areas van hierdie studie

Figuur 12.2 'n Vereenvoudigde voorstelling van die biotiese en abiotiese komponente wat deel uitmaak en 'n invloed uitoeft op riviersisteme

12.2.1 Landbousektor

Landbou speel 'n kardinale rol in die Olifantsrivier-opvanggebied ten opsigte van die lewering van landbouprodukte en voorsien duisende mense van werk en 'n inkomste. Wanpraktyke en die onoordeelkundige benutting van die natuurlike hulpbronne deur landbou lei nie alleen tot die degradering van die opvanggebied nie, maar impakteer negatief op die waterkwaliteit en kwantiteit en die Olifantsriversisteem in geheel. Beide die kommersiële- en selfonderhoudende sektore van landbou dra by tot die huidige probleemsituasie (sien Hoofstuk 9).

12.2.1a Beweiding as landbou-aktiwiteit

'n Belangrike aspek wat aanleiding kan gee tot oorbenutting van die landbouhulpbronne is die onderverdeling van landbougrond tot so 'n mate dat die eenhede so beperk in oppervlak is dat grondeienaars nie meer 'n ekonomies volhoubare bestaan kan voer nie. In die verlede is daar ook aansienlike skade aan huurgrond aangerig deurdat hierdie boerdery-areas vir tydperke aan spekulasiaboerdery blootgestel was wat gewoonlik gepaard gaan met die generering van maksimale finansiële voordeel ten koste van die natuurlike weidings.

Die onoordeelkundige benutting van natuurlike veld as weiding gaan met 'n afname in grasbedekking, die ontstaan van ontbloete areas, 'n onaanvaarbare plantspesiesamestelling, bosverdigting en die uiteindelike verlaging in produksiepotensiaal gepaard. Hierdie situasie lei tot die swakker infiltrasie van reënwater, ongekontroleerde waterafloop, erosie en verhoogde volumes grond en slik in die riviersisteem.

Die minimalisering van bogenoemde impakte en verbetering in veldtoestand sal noodwendig gepaard moet gaan met die implementering van drastiese maatreëls soos :

- pas kuddegroottes aan na gelang van veldtoestand en reënval, (konserwatiewe beladings sal noodwendig lei tot 'n vermindering in veegtalle);
- die beheer van bosverdigting in die relevante areas deur gebruik te maak van aanvaarbare en wetenskaplik verantwoordbare metodes;

- die rehabilitering van erosieslote en dongas;
- die stabilisering van rivierbanke waar erosie 'n wesenlike probleem is deur onder ander gebruik te maak van draadhokke en klippe;
- 'n effektiewe goed ingeligte landbouvoorligtingsdiens met primêre doelwitte die oordrag van kundighied en tegnologie en die deel van kennis deur gereelde skakeling en toepaslike aanbevelings aan boere;
- die noodsaaklikheid dat daar 'n noue samewerking tussen landbou-voorligtingsbeamtes en die relevante navorsingsorganisasies bestaan ten einde suksesvolle tegnologie oordraging te verseker (die sentrale regering het 'n verantwoordelikheid teenoor die boerderygemeenskap en behoort toe te sien dat die nodige infrastruktur en personeel beskikbaar gestel word vir die bereiking van hierdie doel);
- inspeksies, monitering en ouditering deur amptenare van onder ander die Nasionale Departement van Landbou – Direktoraat Hulpbronbewaring; en
- indien geen samewerking verkry word nie en aktiwiteite van bepaalde individue lei tot die verdere degradering van die landbouhulpbron moet sulke persone vervolg word volgens die relevante wetgewing.

Die degradering van die natuurlike weiveld in die voormalige Lebowa en Sekhukhuneland, wat grotendeels vir gemeenskaplike weiding deur die plaaslike bevolking aangewend word, is kommerwekkend. Groot oppervlaktes van die Olifantsrivier-opvanggebied in hierdie gedeeltes word aan die feitlik totale afwesigheid van 'n graslaag gekenmerk met die gepaardgaande versnelde waterafloop en erosie. Donga-erosie is so 'n algemene verskynsel dat die landskap karakter verloor het en die natuurlike weiveld nie meer die potensiaal besit om veekuddes suksesvol te onderhou nie.

Die omvangrykheid van hulpbrondegradering in die voormalige Lebowa en Sekhukhuneland kan onder ander toegeskryf word aan die feit dat persone nie eienaarskap van die grond besit volgens die tradisionele konsep van stamgrond nie. Die toestand is tans van so 'n aard dat die situasie slegs kan verbeter indien die Nasionale regering en/of Provinsiale regerings tesame met die relevante plaaslike owerhede en ander privaat en navorsingsorganisasies saamwerk. Verteenwoordigende komitees moet, in oorleg met alle relevante organisasies, geïnteresseerde- en geaffekteerde partye, probleme identifiseer,

prioritiseer, navorsingsaksies van stapel stuur en betrokke wees by die implementering van die aanbevelings.

- Daar sal krities gekyk moet word na die huidige gemeenskaplike boerderypraktyke.
- Alternatiewe boerderymetodes, wat inskakel by die tradisionele- en plaaslike kulture en benaderings wat sal lei tot die minimalisering van impakte moet voorgestel word. Die Veld en Weidingsinstituut² van die Landbounavorsingsraad erken die belangrikheid van die ontwikkeling van die selfonderhoudende- of kleinboer om op dié wyse landbou in Suid-Afrika in geheel te bevorder. Die Veld en Weidingsinstituut het 'n kleinboer ontwikkelingsprogram van stapel gestuur bekend as die "Poly-farm Concept". Hierdie program fokus op die opheffing van die kleinboer in terme van navorsing, tegnologieoordrag en opleiding.
- Omvattende ontwikkelings- en rehabiliteringsprogramme sal ontwikkel en van stapel gestuur moet word.
- Die plaaslike bevolking moet direk by sodanige ontwikkelings- en rehabiliteringsaksies betrek word. Dit kan werk en 'n inkomste aan 'n besonders arm gemeenskap verskaf.
- Omvangryke opleidingsprogramme en inligtingsessies is van kritiese belang ten einde die volhoubare sukses van sulke omvattende projekte te verseker.
- Die regering moet homself tot bogenoemde aksies verbind en finansiële ondersteuning bied of finansiële ondersteuning van buitelandse hulporganisasies verkry.

12.2.1b Gewasverbouing as landbou-aktiwiteit

Kommersiële gewasverbouing in die Olifantsrivier-opvanggebied vind beide onder droëland- en besproeiingstoestande plaas. Kommersiële droëland gewasverbouing wordoorwegend met die onmiddelike omgewing rondom die Olifantsriviersisteem op die Hoëveld geassosieer, terwyl die gedeelte stroom-aan van Loskopdam in die Groblersdal-Marble-Hall-omgewing vir die verbouing van gewasse onder besproeiingstoestande aangewend word.

Die gebruik van die natuurlike hulpbron vir gewasverbouing gaan noodwendig gepaard met aktiwiteite en impakte wat tot 'n mindere of meerdere mate die degradering van riviersisteme

² LNR-VWI, P/sak X05, Lynn East, 0039

tot gevolg het. In die verlede is marginale gronde, wat nie geskik is vir gewasverbouing nie, bewerk vir enkele seisoene en daarna het hierdie areas braak gelê omdat volhoubare gewasverbouing nie ekonomies lewensvatbaar was nie. Landerye is onder andere, sonder die nodige of met onvoldoende kontoerwalle, teen skuins hellings gevestig of in die direkte omgewing van dreineringskanale soos spruite en riviere wat direk tot verhoogde erosie en waterafloop lei.

In die hoë intensiteit besproeiingsareas is dit algemene praktyk dat lande maksimaal vergroot word ten koste van die oewerplantegroei. Hierdie praktyk, tesame met die oprigting van keerwalle en pomphuise lei tot 'n verhoging in die potensiële impak van vloede (sien Hoofstuk 8). Landerye gee aanleiding tot 'n verhoogde erosietempo tydens vernelde waterafloop, veral gedurende tydperke wat die lande nie beplant is nie en dien as potensiële vestigings- en verspreidingsbron van onkruid. Addisionele aktiwiteite wat negatief impakteer op riviersisteme is die onoordeelkundige gebruik van onkruiddoders en kunsmisstowwe. Die effek van sinergisme enakkumulasie van hierdie stowwe tesame met mynuitvlöeisels is nie bekend nie en behoort ondersoek te word.

Gewasverbouings-aktiwiteite moet wetenskaplik gefundeer en op 'n omgewingsvriendelike volhoubare wyse plaasvind ten einde die impakte op waterbronne en in hierdie geval die Olifantsrivier te minimaliseer. Elke grondeienaar het 'n verantwoordelikheid teenoor die nasionale hulpbron en daar word aanbeveel dat :

- marginale gronde met swak opbrengste en/of ou lande wat vir lang tydperke onbewerk lê gevestig word met toepaslike angeplante weidings (soedoende word grond gestabiliseer, verlaag die erosiepotensiaal en verhoog landboupotensiaal);
- onkruidebeheer oordeelkundig toegepas word alleenlik met middels wat vir hierdie doel geregistreer is;
- elke grondeienaar toesien dat verklaarde onkruid en indringerplante nie op sy eiendom vestig en/of versprei nie soos vervat in die Wet op Bewaring van Landbouhulpbronne, No 43 van 1983 en Algemene Kennisgewing 1048 (Staatskoerant No 9238 van 25/05/1984);
- die owerhede moet toesien dat alle ekologiese aspekte in ag geneem word voordat toestemming tot die maak van nuwe lande gegee word volgens Artikel 6 (2)(a) van die Wet op Bewaring van Landbouhulpbronne, No 43 van 1983 en regulasies 2 en 3. Die

regulasies in terme van die Wet op Omgewingsbewaring, No 73 van 1989, ten opsigte van die veranderende gebruik van grond, is ook van toepassing.

Die impak van aktiwiteite soos die oprigting van plaasdamme, keerwalle en pomphuise behoort volledig geanalyseer te word.

- Die oprigting van sulke strukture moet in dieselfde lig beskou word as enige ander ontwikkeling en behoort met die nodige omgewingsimpakstudie en risiko-analise gepaard te gaan.
- Hoofstuk 12 van die Nasionale Waterwet, No 36 van 1998 handel oor die veiligheid van damme. Hierdie hoofstuk bevat riglyne wat fokus op die verbetering van damveiligheid, beide vir bestaande en nuwe damme tot so 'n mate dat die potensiële gevær vir die publiek, die beskadiging van eiendom en beskadiging van hulpbronne verminder word.
- Hierdie aktiwiteite mag nie op 'n *ad hoc* basis plaasvind nie, selfs nie vir damme wat volgens wet nie damme met 'n veiligheidsrisiko is nie, maar moet gereguleer word deur die relevante provinsiale departemente. Indien die provinsiale oewerhede nie hierdie aksies bevredigend reguleer nie, is dit die nasionale owerheid se plig om toe te sien dat die nodige reguleringsstrukture in plek is.
- Die relevante owerhede moet, na deeglike oorweging van beide die voor- en nadele van sulke strukture, die finale goedkeuring gee; 'n permitstelsel deur byvoorbeeld Departemente van Landbou en/of Waterwese en Bosbou kan gebruik word as bewys van goedkeuring.
- Die minimum vereistes en standarde ten opsigte van die oprigting van bogenoemde strukture moet duidelik uitgespel en deur die betrokke owerhede beskikbaar gestel word.
- Plaasdamme en keerwalle wat onoordeelkundig opgerig word dra by tot die potensiële verhoging van die impak van vloede met die gepaardgaande negatiewe invloede op die omgewing indien hierdie strukture meegee tydens vloedtoestande.

Die ontbossing (selfonderhoudende gewasverbouing) en vernouing van die plantegroei wat met die makrokanaal geassosieer word (kommersiële gewasverbouing) lei direk tot die destabilisering van makrokanaalbanke met die gepaardgaande negatiewe effekte. Die rol van 'n aanvaarbare plantegroeibedekking by die stabilisering van makrokanaalbanke kan nie oorbeklemtoon word nie.

Die Nasionale Boswet, No 84 van 1998 definieer natuurlike bos in Artikel 2(xxxviii) as ‘n groep inheemse bome –

- a) waarvan die krone grotendeels aanrakend is; of
- b) wat deur die Minister tot ‘n natuurlike bos verklaar is kragtens Artikel 7(2) van hierdie wet.

Die grootste gedeelte van die oewerbos van die Olifantsriviersisteem wat met die Savannebiom geassosieer is, voldoen aan hierdie definisie van ‘n natuurlike bos en hierdie Wet moet gebruik word om die onoordeelkundige ontbossing in die makrokanaal te voorkom. Artikel 7(1) van die Nasionale Boswet, No 84 van 1998 lees “Niemand mag enige inheemse, lewende boom in ‘n natuurlike bos afkap, versteur, beskadig of vernietig of enige sodanige boom uit ‘n natuurlike bos verwijder of ontvang nie, behalwe in gevolge:

- a) ‘n lisensie uitgeryk kragtens Subartikel 4 of Artikel 23; of
 - b) ‘n vrystelling van die bepalings van hierdie Subartikel deur die Minister in die Staatskoerant gepubliseer op advies van die raad”.
- Geen landbou-aktiwiteit wat die destabilisering van rivierbanke kan veroorsaak, mag toegelaat word nie. Die beheermaatreëls in regulasies 7, 8 en 13 van die Wet op Bewaring van Landbouhulpbronne No 43 van 1983 is waarskynlik onvoldoende en behoort hersien te word.
 - Persone wat hulself skuldig maak aan so ‘n misdryf en nie gehoor gee nie moet :
 - i. deur die relevante owerhede vervolg word; en
 - ii. mag nie aanspraak maak op enige finansiële vergoeding ten opsigte van skade aan gesaaides en/of landerye as gevolg van vloede nie indien daar nie aan die minimum vereistes soos voorgestel deur die betrokke oewerhede voldoen is nie. Hierdie aanbeveling is nie in oorleg met Artikel 8(a)(ii) van die Wet op Bewaring van Landbouhulpbronne, No 43 van 1983 waar daar voorsiening gemaak word vir finansiële bystand ten opsigte van skade aan natuurlike landbouhulpbronne deur onder andere vloede nie.
 - Die nasionale- en/of provinsiale owerhede moet hierdie aktiwiteite beheer, reguleer en die nodige riglyne verskaf.
 - Gedeeltes waar die oewerbos totaal verwijder is, soos in die voormalige Lebowa en Sekhukhuneland, moet gerehabiliteer en daarna kundig bestuur en gemoniteer word.

- Die ongekontroleerde oes van hout, sand en klip deur die plaaslike bevolking moet deur die plaaslike owerhede beheer word sodat dit op 'n volhoubare basis met die minimum impak plaasvind. Volgens die Mineraalwet, No 50 van 1991, die Nasionale Boswet, No 84 van 1998 en die Nasionale Waterwet, No 36 van 1998 is bogenoemde aktiwiteite onwettig en moet volgens wetgewing deur die relevante owerhede beheer word.

12.2.2 Verklaarde onkruid- en verklaarde indringerplantspesies

Die uitheemse-, verklaarde onkruid- en verklaarde indringerplantspesies met die makrokanaal van die Olifantsriviersisteem geassosieer word in Hoofstuk 7 bespreek. Die omvang van hierdie plantspesies is ontleed in terme van die verspreiding, konstandheid en gemiddelde kroonbedekkings van die onderskeie groeivorms verteenwoordig deur hierdie plante. Tabel 12.1 is 'n samevatting van die plantspesies wat beheer en bestry moet word in beide die Grasveld- en Savannebioom-gedeeltes van die Olifantsriviersisteem.

Tabel 12.1 Verklaarde onkruid-, verklaarde indringer- en ander uitheemse plantspesies wat in die makrokanaal van die Olifantsriviersisteem beheer en bestry moet word

Grasveldbioom		Savannebioom
Verklaarde onkruide		
<i>Sesbania punicea</i>		<i>Lantana camara</i>
<i>Cirsium vulgare</i>		<i>Sesbania punicea</i>
		<i>Solanum mauritianum</i>
		<i>Rubus cuneifolius</i>
		<i>Cirsium vulgare</i>
		<i>Datura stramonium</i>
		<i>Xanthium spinosum</i>
		<i>Xanthium strumarium</i>
Verklaarde indringers		
<i>Acacia dealbata</i>		<i>Acacia dealbata</i>
Ander uitheemse plantspesies		
<i>Morus alba</i>		<i>Nicotiana glauca</i>
<i>Populus canescens</i>		<i>Ricinus communis</i>
		<i>Senna occidentalis</i>
		<i>Flaveria bidentis</i>

Die bestryding van bogenoemde plante in die makrokanaal van die Olifantsriviersisteem kan slegs suksesvol wees indien :

- ‘n holistiese benadering ten opsigte van die bestryding gevolg word;
- oorweging geskenk word aan die verklaring van ander uitheemse plantspesies in Tabel 12.1 tot onkruid of indringerplante;
- die bestryding van bogenoemde plante nie alleen plaasvind in die makrokanal van die Olifantsrivier nie, maar probleemplante wat in ander riviere en spruite wat in die Olifantsriviersisteem dreineer asook bestryding in die opvanggebied insluit volgens die Wet op Bewaring van Landbouhulpbronne, No 43 van 1983;
- suksesvolle samewerkingsooreenkomste tussen grondeienaars, die nasionale-, provinsiale en plaaslike owerhede bewerkstellig kan word.
- die sentrale- of provinsiale regerings verantwoordelikheid aanvaar, in ‘n toesighoudende hoedanigheid optree en/of ‘n verantwoordelike organisasie aanwys soos die Werk vir Water inisiatief; en
- grondeienaars verantwoordelik gehou word vir opvolgwerk ten opsigte van toekomstige beheer; ‘n subsidieskema kan oorweeg word ten einde boere finansieel by te staan in die opvolgwerk.

Die vestiging van hierdie plante op die grond van enige enkele persoon maak die aksies uitgevoer ongedaan en verskaf ‘n hernude bron vanwaar hierdie plantspesies kan versprei. Die omvang van sommige van hierdie plantspesies soos byvoorbeeld die verklaarde onkruid *Xanthium strumarium* is ‘n enorme probleem in die voormalige Lebowa en Sekhukhuneland. Hierdie areas dien as bron van saadreserves vanwaar verspreiding van hierdie spesie na die laerliggende dreineringskanale plaasvind. Beheer van hierdie plantspesies sal noodwendig met verbeterde boerderypraktyke gepaard moet gaan wat aanleiding gee tot ‘n meer aanvaarbare grasbedekking met minder ontblote areas waar hierdie plante kan vestig. Ernstig gedegradeerde areas kan slegs herwin word met die implementering van omvattende rehabiliteringsprogramme.

HOOFSTUK 13

ALGEMENE BESPREKING EN GEVOLGTREKKING

Die begrip plantegroei verteenwoordig 'n versameling van plante sonder definitiewe grense. Hierdie plantegroei is die produk van omgewingsveranderlikes en invloede oor ekologies relevante tydskale. Wanneer daar om spesifieke redes grense aan plantegroeitipes toegeken word met die klassifisering van floristiese data, staan hierdie groeperings bekend as plantgemeenskappe. Die neiging van plantegroeiheterogeniteit om toe te neem met 'n afname in skaalgrotte noodsak die erkenning van skaal in plantegroeistudies. Die doelstellings van 'n bepaalde ekologiese studie dikteer tot 'n groot mate die detail wat verlang word en daar word op grond hiervan besluit op 'n relevante ruimtelike skaal.

Daar is opmerkbare verskille tussen die faktore wat terrestriële plantegroeigroeperings en plantegroeigroeperings met riviersisteme geassosieer, beïnvloed. Terrestriële plantegroeistande is in die breë die produk van die wisselwerking tussen habitateienskappe en klimaat by 'n bepaalde ruimtelike skaal wat oor ekologies relevante tydskale tot stand gekom het.

Daar is verskeie faktore wat bydrae tot die vorming, funksionering en instandhouding van riviersisteme. Geologie, wat beskou word as 'n statiese omgewingsfaktor, beïnvloed nie alleen die vorm van die landskap waardeur die rivier vloeи nie, maar beïnvloed ook die vorm van die makrokanaal tesame met faktore of gebeurtenisse soos vloeи- en sediment dinamika, hidrologie en sedimentproduksie. Hierdie omgewingsfaktore verleen 'n addisionele dimensie aan habitats wat met riviersisteme geassosieer word. Die plantegroei, wat met riviersisteme geassosieer word, is in die breë dus die produk van 'n komplekse wisselwerking tussen habitateienskappe, klimaat en die gepaardgaande hidrologiese prosesse oor ekologies relevante tydskale.

Die mikrohabitats of alluviale landvorms, wat deur die werking van hidrologiese prosesse in die makrokanaal tot stand kom, het eiesoortige kenmerke en beïnvloed die verspreiding van plantspesies binne die makrokanaal van die riviersisteem. 'n Verdere belangrike verskil tussen 'n terrestriële plantegroeistand en 'n plantegroeistand met die makrokanaal van 'n riviersisteem geassosieer, is die ruimtelike oriëntering, omvang en dimensie van die stande.

Die vorm van 'n plantegroeistand in die makrokanaal verskil, met inagneming van skaal, in die opsig dat hierdie stande verteenwoordig word deur lang relatief smal stroke plantegroei.

Daar is vir die bereiking van die doelwitte van hierdie studie besluit om van 'n 1:250 000 ruimtelike skaal gebruik te maak. Die PHYTOTAB-PC programpakket en die beginsels waarop hierdie pakket berus, is toegepas in die stratifisering-, monsterneming- en klassifikasieproses. Die pakket is ontwikkel vir die klassifisering van terrestriële plantegroei en koppel skaal aan 'n bepaalde gedefinieerde standarea waar 'n plantegroeistand by 'n skaal van 1:250 000 verteenwoordig word deur 'n sirkelvormige area van 250 m. Hierdie beginsel is slegs van toepassing op 'n stand oewerplantegroei sover dit die longitudinale as betrek. Die ruimtelike dimensie in terme van breedte/wydtre varieer as gevolg van die varierende breedtes van die oewerplantegroei.

Die studiegebied is suksesvol gestratifiseer deur gebruik te maak van geologie by 'n ruimtelike skaal van 1:250 000. Hierdie skaal is voldoende by die klassifisering en kartering van die plantegroei wat met die makrokanaal geassosieer word en het voldoende floristiese detail verskaf ten einde die doelwitte van die studie te kon aanspreek. Hierdie ruimtelike skaal maak egter nie voorsiening vir die kartering van die onderskeie laerliggende landvorms geassosieer met die makrokanaal van die riviersisteem nie en hierdie eenhede vorm deel van die groter plantegroeistand. Ondanks die feit dat hierdie studie 'n "bo na onder benadering" volg en die doelwitte nie 'n meer gedetaileerde opname ('n groter skaal) vereis het nie, kan bepaalde doelstellings, soos stroomvloeibehoeftebepaling wel meer inligting benodig ten einde daardie bepaalde doelwitte te kan aanspreek.

Daar word voorgestel dat daar in so 'n geval van 'n tweede stratifiserings kriterion soos byvoorbeeld lugfotos, waardeur beide plantegroeistructuur (visuele patroon-analise) en topografiese variasie by 'n bepaalde skaal onderskei kan word, gebruik gemaak word. Daar word egter beweer dat dit hoogs onwaarskynlik is dat daar enige korrelasies tussen die grense van die plantegroei met die laerliggende alluviale landvorms, wat in baie opsigte deur kruidagtige plantegroei gedomineer word en die grense van die plantegroei met byvoorbeeld die makrokanaalbanke, wat oorwegend deur houtagtige plantegroei (Savanne bioom) gedomineer word, sal bestaan. Die prosesse wat hierdie onderskeie habitats beïnvloed asook die tydskale betrokke, verskil opvallend.

Die houtagtige plantegroei met byvoorbeeld die makrokanaalbanke, eilande en voormalige eiland geassosieer is nie so vloeipatroon afhanglik soos die oorwegend kruidagtige plantegroei van die laerliggende alluviale landvorms soos byvoorbeeld alluviale deposito's, en aktiewe kanaaldeposito's nie. Hierdie plantegroeigroeperings is die produkte van omgewingsveranderlikes by ekologies relevante, maar opvallend verskillende tydskale, waar die laerliggende landvorms meer gereeld aan veranderende omstandighede blootgestel word. Hierdie meer gereelde wysiging in habitat word weerspieël in die plantspesiesamestelling waar hierdie laerliggende alluviale landvorms grootliks aan die teenwoordigheid van eenjarige- of meerjarige pioniersplante gekenmerk word. Hierdie wisselende tydskaal gradient met riviersisteme geassosieer is 'n verdere aspek wat makrokanaal plantegroei onderskei van terrestriële plantegroei en dra by tot die kompleksiteit van hierdie ekosisteme.

Daar word met 'n opnameproses gepoog om uiteindelik op 'n praktiese manier 'n plantegroeklassifikasie daar te stel wat verteenwoordigend is vir die betrokke area wat ekologies ondersoek word. Tweedens moet daar tydens so 'n opnameproses voldoende inligting versamel word ten einde die doelstellings gestel vir 'n bepaalde studie op 'n wetenskaplike verantwoordbare wyse te bereik. Daar is, in terme van die tydskaal aanvaar dat opnames plaasgevind het by 'n bepaalde punt in tyd, terwyl die plantegroei-opnames in werklikheid gedoen is oor 'n periode van drie jaar. Hierdie aanname kan implikasies hê ten opsigte van die interpretering van die resultate as gevolg van seisoenale verskille in die teenwoordigheid van eenjarige plante, die effek van brand en benutting en episodiese gebeurtenisse soos vloede.

'n Totaal van 155 varieerbare strookpersele/transekte is op 'n objektiewe wyse uitgeplaas binne die gestratifiseerde eenhede op so 'n wyse dat albei makrokanaalbanke telkens verteenwoordig is. In enkele gevalle, waar die terrein totaal onbegaanbaar was, is so 'n perseel na 'n ander lokaliteit binne die betrokke gestratifiseerde eenheid geskuif. In alle gevalle het die perseelgroottes 200 m^2 oorskry. Die data ingewin in die makrokanaal van die Olifantsriviersisteem het voldoende variasie verteenwoordig ten einde die plantegroei-hulpbron te kon beskryf en die aktiwiteite te evalueer wat nadelig op hierdie sensitiewe areas impakteer.

Die plantnommerskaal wat gebruik is om die kroonbedekkingswaardes vir die individuele plantspesies te bereken is primêr ontwikkel vir gebruik in terrestriële plantegroei. Hierdie

bedekkingskaal is deeglik getoets in terrestriële grasveld en savanne plantegroei en lewer goeie resultate. Die metode is egter nog nie voorheen gebruik vir bedekkingsbepalings van plantegroei wat met die makrokanale van riviersisteme geassosieer is nie. Ondanks die feit dat die metode suksesvol toegepas kon word in daardie gedeelte van die riviersisteem oorwegend gekenmerk aan gras- en kruidspesies, is daar probleme ondervind met die toepassing van die metode in ruie oewerbos tipies kenmerkend van die makrokanaalbanke, eilande en voormalige eilande wat met die Savannebiom geassosieer word. Die feit dat daar lang afstande beweeg moet word deur die ruie oewerbos ten einde die kroondeursnees van groot bome te bepaal is tydrowend en onprakties. Daar word aanbeveel dat die metode aangepas word vir gebruik in floristiese opnames in die makrokanale van riviersisteme.

Die PHYTOTAB-PC rekenaarprogrampakket, gebruik in hierdie studie, klassifiseer 'n datastel op grond van die aantal skeidings-eenhede, wat die aantal afwesighede van elke plantspesie tussen die eerste en die laaste relevè waar dit voorkom, behels (Westfall & De Wet 1988). Hoe laer die aantal skeidings-eenhede hoe hoër die effektiwiteit van die klassifikasie. Die relevè volgorde wat die rekenaarprogram tydens die klassifikasieproses daarstel, is op die floristiese verwantskappe van die relevès ten opsigte van mekaar gebaseer. Die relevè volgorde behoort dus nie verander te word tydens die verfyning van die tabel deur middel van Braun-Blanquet-prosedures nie (Westfall 1992; Van Staden 1991).

Die plantegroei-eenhede geïdentifiseer met behulp van die PHYTOTAB-PC rekenaarprogrampakket het oorwegend aanvaarbare tot goeie korrelasies met die oorspronklike grense van die gestratifiseerde eenhede en die onderskeie habitats getoon. In enkele gevalle het die programpakket egter groeperings van plantspesies geïdentifiseer wat geensins karteerbaar was of gekorreleer het met die gestratifiseerde eenhede of habitats nie. Na 'n deeglike ondersoek en evaluering van die betrokke plantspesies en hul verspreiding, is daar gevind dat hierdie plantegroeigroeperings oorwegend die gevolg was van 'n groot verskeidenheid van eenjarige- en pionierplante soos tipies kenmerkend van dele van die makrokanaal, veral die laerliggende alluviale landvorms.

Hierdie programpakket hanteer, soos die meeste ander klassifikasie-tegnieke, alle plantspesies as gelyk en daar word nie gewigte toegeken ten opsigte van die belang van sekere plantspesies bo dié van ander plantspesies nie. Dit is moontlik dat die diagnostiese plantspesies kenmerkend van 'n bepaalde habitat totaal oorskadu kan word deur die nie-

karakteriserende onkruide wat, ondanks die belangrike indikator rol wat hierdie plantspesies vervul, bloot die gevolge van lokale versteuring weerspieël.

Die PHYTOTAB-PC rekenaarprogrampakket sluit 'n kragtige klassifikasieprogram in. Die veronderstelling dat die fitososiologiese tabel verkry tydens die klassifikasieproses, beskou moet word as 'n finale tabel waarin die geklassifiseerde relevé volgorde nie verander mag word nie, is 'n ondeurdagte problematiese aanname. Dit is, soos in die geval van hierdie studie en 'n studie gedoen deur Myburgh (1993), noodsaaklik om die relevé volgorde te verander ten einde sinvol karteerbare en verklaarbare eenhede te verkry. Dit is noodsaaklik dat die gebruiker van hierdie programpakket, soos met die gebruik van enige ander klassifikasietegniek, 'n omvattende kennis en gevoel moet ontwikkel ten opsigte van die studiegebied waarin die gebruiker werksaam is, ten einde tekortkominge te identifiseer en te kompenseer daarvoor.

Die klimaatseskrywing toon 'n duidelike vog en temperatuurgradient vanaf die oorsprong van die Olifantsrivier in 'n stroom-af rigting na die Laeveld. Dit is reeds hierdie kombinasie en verhouding van bogenoemde twee faktore wat veroorsaak dat die makrokanaal van die riviersisteem verteenwoordig word deur twee biome naamlik die Grasveld- en Savannebiome. Die afwesigheid van 'n fanerofitiese dominansie in die Grasveldbiom, soos geassosieer met die Savannebiom, kan toegeskryf word aan minimum temperature te laag vir die effektiewe vestiging van fanerofiete met die uitsondering van *Acacia dealbata*. Hierdie uitheemse boomspesie domineer dele van die makrokanaalbanke van die riviersisteem in die Grasveldbiom, maar verdwyn in die oorgangsgebied tussen die Grasveld- en Savannebiom. Daar word voorgestel dat hierdie boomspesie juis afhanglik is van die laer temperature geassosieer met die Grasveldbiom.

Daar is 'n totaal van agt homogene plantegroeieenhede, geassosieer met die makrokanaal van die Olifantsrivier in die Grasveldbiom, by 'n ruimtelike skaal van 1:250 000 geïdentifiseer. Die plantegroei bo-op die makrokanaalbanke kan oorwegend beskryf word as terrestriële grasveld. Vanweë die feit dat opnamepersele beide die plantspesies in die makrokanaal asook bo-op die banke ingesluit het, verteenwoordig die floristiek in werklikheid 'n kombinasie van terrestriële en oewerplantegroei. Die eenhede is egter te klein om as afsonderlike eenhede gekarteer te word.

Nege plantegroei-eenhede (plantgemeenskappe) is geïdentifiseer in die makrokanaal van die Olifantsrivier wat met die Savannebioom geassosieer is. Vier van hierdie plantgemeenskappe sluit variasie in wat nie korreleer met die onderliggende geologiese formasies nie of waarvan die geologiese formasies so beperk in omvang was dat dit nie sinvol gebruik kon word tydens die stratifisering van die riviersisteem by 'n skaal van 1:250 000 nie. Hierdie variante, wat oorwegend tot klein lokale areas beperk is, is nie gekarteer nie maar wel bespreek. Die variasie kan oorwegend aan twee faktore toegeskryf word naamlik lokale nie karteerbare variasie in habitat soos lokale klipperige areas en verskillende vorms en intensiteite van versteuring.

Die geïdentifiseerde homogene plantgemeenskappe toon duidelik voorkeure ten opsigte van bepaalde habitattypes. Verskeie van die plantspesies in die plantgemeenskappe toon verder spesifieke voorkeure ten opsigte van die afstand vanaf die rivierloop en die afstand weg van die aktiewe kanaal. Ondanks die feit dat mikrohabitats of alluviale landvorms nie karteerbaar is by 'n ruimtelike skaal van 1:250 000 nie en om hierdie rede nie afsonderlik gemonster is nie, kon hierdie inligting 'n belangrike bydrae gelewer het tot die interpretering van die verspreiding van bepaalde plantspesies.

Die effektiewe bestuur en instandhouding van riviersisteme behels nie alleenlik kompleks geïntegreerde bestuursprogramme nie, maar noodsak dinamiese bestuurstelsels. Die feit dat hierdie longitudinale ekosisteme oor lang afstande strek, gewoonlik nie onder die beheer van 'n enkele owerheid of eienaar is nie en die toestand van die gebied wat gedreineer word weerspieël, dra by tot hierdie kompleksiteit.

Plantegroei speel 'n deurslaggewende rol by die bekamping van erosie. Gronderosie kan in twee kategorieë verdeel word naamlik natuurlike of geologiese erosie en mens geïnduseerde of versnelde erosie. Plantegroei dra by tot 'n vermindering in erosie op 'n verskeidenheid van maniere. Die belangrikste erosiebeherende komponente van 'n plantgemeenskap is die plantegroeidigtheid, plantbedekking, spesiesamestelling, kroonhoogte en meerjarighedsstatus van 'n plantgemeenskap.

'n Studie wat die floristiek en struktuur van plantegroei behels, het 'n beperkte aantal moontlike relevante bestuursopsies. Kriteria wat gebruik kan word om 'n verandering in plantegroei aan te dui is :

- ‘n afname of toename in die aantal plantspesies;
- ‘n afname of toename in die plantegroeibedeckking;
- ‘n verandering in plantegroeistruktuur; en
- ‘n area afname of toename.

Bogenoemde hou verband met die toename of afname van plantgetalle of plantegroeibedeckking van ekologies voordeelige plantspesies, maar ook onaanvaarbare spesies wat, in die geval van hierdie studie, in die makrokanaal vestig en die inheemse plantegroei verdring. Hierdie beredenering is gebruik as basis by die evaluering van enige bepaalde aktiwiteit, hetsy natuurlike versteuring soos byvoorbeeld vloede, of versteuring veroorsaak deur ‘n uiteenlopende verskeidenheid van menslike aktiwiteite.

Die uitheemse plantspesies, verklaarde onkruidspesies en verklaarde indringerplantspesies, wat in die makrokanaal van die Olifantsriviersisteem aangetref word, is geïdentifiseer en gekarteer. Die floristiese data wat ingewin is dui tendense aan en toon dat daar bepaalde habitatvoorkoue by hierdie plantspesies is. Die houtagtige uitheemse- en verklaarde indringerplantspesies word oorwegend met die areas in die makrokanaal, waar die houtagtige inheemse plantspesies aangetref word, naamlik die eilande, voormalige eilande en die makrokanaalbanke, geassosieer. Die kruidagtige, oorwegend verklaarde onkruidspesies, word meer algemeen op die laerliggende aktiewe kanaaldepositos en in die seisoenale kanale aangetref.

Verskeie probleemplante wat met die makrokanaal geassosieer word, is tans nie as verklaarde onkruide of verklaarde indringerplante gelys in die Wet op Bewaring van Landbouhulpbronne nie. Daar word aanbeveel dat hierdie Wet, na konsultering met alle belanghebbende partye en navorsingsektore, hersien word ten einde hierdie probleem aan te spreek.

Vloede is ‘n natuurlike proses wat lei tot die totstandkoming van ontblote areas en speel ‘n belangrike rol by die regenerering van oewerspesies. Oewerplantegroei besit die vermoë om oor ‘n kort tydperk grootliks te herstel nadat hierdie plantegroei aan vloedtoestande blootgestel was. Hierdie studie bevestig die opportunistiese aard van sommige uitheemse plantspesies wat ‘n merkbare toename in gemiddelde kroonbedekkings en konstanthede na

afloop van die vloede getoon het. Daar is aangedui dat aktiwiteite wat die stabiliserende rol van die oewerplantegroei nadelig beïnvloed bydra tot 'n verhoogde impak deur vloedwater. Die omvang van menslike invloede en aktiwiteite in die makrokanaal en opvanggebied beïnvloed die omvang en intensiteit van vloede.

Daar is 'n verskeidenheid van aktiwiteite in die opvanggebied van die Olifantsriviersisteem wat bydrae tot die degradering van die natuurlike plantegroei. In hierdie studie is daar egter pertinent gefokus op kommersiële- en selfonderhoudende landbou-aktiwiteite as impakbron op die plantegroei wat met die makrokanaal van die Olifantsriviersisteem geassosieer word. Die moontlike invloede van die landbousektor is ge-evalueer en bespreek tesame met verdere beperkte verwysing na die invloede van die mynbou- en industriële sektore. Die primêre oorsake van makrokanaalbank-destabilisering, veroorsaak deur die kommersiële landbousektor, is oorbeweiding en besproeiings-aktiwiteite direk aangrensend die makrokanaal.

Selfonderhoudende landbou in die voormalige Lebowa word nie alleen in die opvanggebied van die Olifantsrivier beoefen nie, maar ook in die makrokanaal as sulks. Hierdie praktyke is totaal onaanvaarbaar, lei direk tot die destabilisering van die makrokanaalbanke en is 'n oortreding van die wet. Die huidige wetlike omgewing stel nie alleen owerhede in staat om aktiwiteite, wat lei tot die degradering van die natuurlike hulpbron, te beheer en reguleer nie, maar verplig owerhede om toe te sien dat sulke aktiwiteite binne die raamwerk van die wet plaasvind.

Die bestuursaanbevelings en riglyne verskaf in hierdie verslag fokus op die landbousektor en aktiwiteite wat potensieël negatief impakteer op die plantegroei van die makrokanaal van die Olifantsrivier. Dit is belangrik om te besef dat die landboubedryf slegs 'n enkele komponent verteenwoordig en dat die regulering van aktiwiteite van die ander sektore soos onder andere die bosboubedryf en die mynbou- en industriële sektore verder bydrae tot die degradering van die Olifantsriviersisteem. Alle bedryfskomponente en aktiwiteite moet in 'n oorhoofse bestuursysteem geïnkorporeer en aangespreek word.

Be vindings en aanbevelings van hierdie projek is op kwantitatiewe data gebaseer. Die projek verskaf 'n wetenskaplik gefundeerde oorsig en basis van belangrike komponente wat in ag geneem moet word by enige verdere ontwikkelings aksies asook die bestuur van hierdie

riviersisteem. Die waterbehoefte en minimum stroomvloei benodig deur die oewerplantegroei van enige riviersisteem ten einde die instandhouding en voortgesette stabiliseringssrol van hierdie plantegroei te verseker, is van kardinale belang. Data gegenereer deur hierdie projek word tans ge-evalueer en geïnkorporeer in navorsingsaksies spesifiek van stapel gestuur om hierdie waterbehoefte van die oewerspesies te kwantifiseer.

Verskeie probleme en probleemareas is tydens hierdie studie geïdentifiseer en regstellende aksies is voorgestel. Die implementering van aanbevelings en die inagneming van voorstelle ten opsigte van die verbetering van die toestand van die plantegroei in die makrokanaal asook die plantegroeihulpbron in die opvanggebied, is van kardinale belang ten einde 'n daadwerklike verskil te maak aan die huidige onaanvaarbare situasie. Die ontledings ten opsigte van die verspreiding en omvang van ongewenste plante moet aan die werk vir water inisiatief beskikbaar gestel word onder wie se toesig die beheer en uitroei moet plaasvind.

Toekomstige navorsingsaksies moet onder andere fokus op die omvang en impak van aktiwiteite deur die mynbou-, bosbou- en industriële sektore. Hierdie studies se aanbevelings en bevindinge moet gebaseer wees op kwantitatiewe data met die gepaardgaande analises. Die sinergistiese en/of geakkumuleerde effek van die onderskeie sektore se aktiwiteite is nie bekend nie en kan potensieël katastrofiese gevolge inhoud ten opsigte van riviersisteem degradering. Hierdie aspekte behoort nagevors te word.

OPSOMMING

DIE EKOLOGIE EN PLANTEGROEIBESTUUR VAN DIE OLIFANTSriviersisteem

deur

Willem Johannes Myburgh

Promotor : Prof. Dr. N. van Rooyen

Mede-promotor : Prof. Dr. G.J. Bredenkamp

Departement Plantkunde
Universiteit van Pretoria
vir die graad

PHILOSOPHIAE DOCTOR (PLANTKUNDE)

Die Olifantsrivier is die tweede grootste rivier in die voormalige Transvaal, nou bekend as die Noordelike Provinse en Mpumalanga en is een van die mees besoedelde riviere in die streek. Die motivering van hierdie projek was onder ander om 'n breë oorsig te verkry van die huidige toestand van die makrokanaal en om impakte te identifiseer wat kan lei tot die verdere degradering van die makrokanaal en die riviersisteem as sulks.

Die primêre doelstellings van hierdie studie was die identifisering, beskrywing en kartering van die homogene plantegroei-eenhede, die identifisering van uitheemse- en indringerplante en die saamstel van bestuursaanbevelings en riglyne wat 'n bydrae sal lewer tot die effektiewe bestuur en instandhouding van die makrokanaal.

Hierdie projek het oor 'n periode van vier jaar gestrek. Floristiese- en habitatsdata is oor 'n tydperk van drie jaar by 'n totaal van 155 varieerbare strookpersele ingesamel. Dataverwerking is met behulp van die PHYTOTAB-PC rekenaarprogrampakket gedoen.

Die makrokanaal van die Olifantsrivier kan in twee breë groepe verdeel word na aanleiding van die plantegroeistruktuur met die makrokanaalbanke geassosieer naamlik die banke waar 'n houtagtige komponent afwesig of beperk is tot enkele dwergstruik (Grasveldbioom) en die banke wat gekenmerk word aan 'n ruie houtagtige komponent (Savannebioom).

'n Totaal van agt plantgemeenskappe is geïdentifiseer in die makrokanaal van die Olifantsrivier geassosieer met die Grasveldbioom. Die makrokanaal van hierdie gedeelte van die Olifantsrivier varieer van 6 meter breed met geen duidelike oewersone nie, behalwe vir enkele gras-, biesie- en pionierkruidspesies geassosieer met die waterrand, tot so breed as 32 meter met 'n duidelik gedefinieerde oewersone.

Daar is nege plantgemeenskappe in die makrokanaal van die Olifantsrivier geassosieer met die Savannebioom geïdentifiseer. Die makrokanaal varieer van 17 meter tot 210 meter breed. Die Olifantsrivier in die Laeveld is 'n goed ontwikkelde riviersisteem wat aan die teenwoordigheid van verskeie kanale, eilande en voormalige eilande, gedomineer deur houtagtige plantegroei, gekenmerk word.

Die negatiewe impak van plantspesies met die makrokanaal in die Nasionale Krugerwildtuin geassosieer is 'n ernstige bedreiging vir die biodiversiteit van hierdie areas. Die lyste van verklaarde onkruide en indringers soos gestipuleer in die wet is onvolledig en behoort hersien te word na konsultering met die relevante rolspelers en organisasies.

Na die vloede in die Olifantsriviersisteem gedurende 1996 is daar besluit om heropnames by geselekteerde persele gedurende die 1996 en 1998 groeiseisoene te doen. Die onderskeie datastelle is ge-analiseer en vergelyk om die impak van vloede op die floristiese samestelling van die makrokanaal te kwantifiseer.

Daar is aangedui dat aktiwiteite wat die stabiliserende rol van die oewerplantegroei nadruklik beïnvloed bydra tot 'n verhoogde impak deur vloedwater. Hierdie studie bevestig die opportunistiese aard van sommige uitheemse plantspesies wat 'n merkbare toename in gemiddelde kroonbedekkings en konstanthede na afloop van die vloede getoon het.

Die belangrikste impakte in die makrokanaal en omliggende areas word deur die mynbou-, industriële- en landbousektore veroorsaak. Hierdie impakte is aan die hand van huidige

omgewingswetgewing ge-evalueer om vas te stel of enige van hierdie impakte 'n oortreding van die wet is. Die bevindinge en bestuursaanbevelings wat voortspruit uit hierdie projek verskaf 'n wetenskaplik gefundeerde basis vir die bestuur van die makrokanaal van die Olifantsriviersisteem.

SUMMARY

THE ECOLOGY AND VEGETATION MANAGEMENT OF THE OLIFANTS RIVER SYSTEM

by

Willem Johannes Myburgh

Promoter : Prof. Dr. N. van Rooyen

Co-promoter : Prof. Dr. G.J. Bredenkamp

Department of Botany
University of Pretoria
for the degree

PHILOSOPHIAE DOCTOR (BOTANY)

The Olifants River is the second largest river in the former Transvaal (now the Northern Province and Mpumalanga) and is regarded as one of the most polluted rivers in the region. The initiation of this project was *inter alia* an attempt to obtain a holistic perspective of the current state of the macro channel and to identify the impacts that could lead to the further degradation of the macro channel and the river system itself.

The primary objectives of this study were to identify and describe the homogeneous vegetation units, to map these vegetation units, to identify exotic and invader plants and provide management recommendations and guidelines that will contribute to the effective management and maintenance of the macro channel.

This project was conducted over a period of four years. A total of 155 variable length transect sample plots were used to record floristic and habitat data over a period of three years. The data were processed using the PHYTOTAB-PC computer program package. The macro channel of the Olifants River can broadly be divided into two types according to the structure of the vegetation associated with the macro channel banks namely the banks where woody

cover is absent or restricted to a few dwarf shrubs (Grassland Biome) and the banks characterized by a dense woody component (Savanna Biome).

A total of eight plant communities were identified in the macro channel of the Olifant River associated with the Grassland Biome. The macro channel of this portion of the Olifants River varied from a mere 6 metres with no distinct riparian zone, with the exception of a few grass-sedge- and pioneer forb species directly bordering the water edge to 32 metres with a well defined riparian zone.

Nine plant communities were identified in the macro channel of the Olifants River associated with the Savanna Biome. The macro channel of the Olifants River varied from 17 metres up to 210 metres wide. The Olifants River in the Lowveld is a mature well developed river system characterized by various channels, islands and former islands dominated by woody species.

The negative impact of exotic plant species associated with the macro channel within the Kruger National Park poses a serious threat to the biodiversity of this area. The lists of declared weeds and invaders as stipulated in the law are incomplete and should be revised after consultation with the relevant role players and organizations.

Floods that occurred in the Olifants River during 1996 lead to the decision to resample sites that had been sampled during the 1995 season as well as during the 1998 season and to compare these sites to quantify the impact of the floods on the floristic composition of the macro channel.

This study indicates that activities that cause the destabilization of the riparian vegetation lead to an increase in the impact of floods. An increase in the average crown cover and constancy of certain exotic plant species after flooding had occurred, confirms the opportunistic nature of these species.

The most significant impacts recorded within the macro channel and the adjacent land are due to activities of the mining, industrial and agricultural sectors. These impacts were evaluated against current relevant environmental legislation to determine whether any of these

activities transgressed the law. The findings and management recommendations provide a sound scientific basis for the management of the macro channel of the Olifants River System.

BEDANKINGS

Graag wil ek die volgende persone en instansies bedank vir hulp en bystand wat hulle gelewer het gedurende hierdie studie :

- Prof. N. van Rooyen en prof. G.J. Bredenkamp vir hulle bekwame leiding, aanmoediging en positiewe kritiek.
- Die Waternavorsingskommissie (WNK) vir finansiering van hierdie navorsingsprojek asook vir toestemming om die resultate aan te wend vir verdere studie.
- Dr. G.R. Backeberg vir die professionele wyse waarop navrae en probleme onder sy aandag gebring, hanteer is.
- Lede van die loodskommitee aangewys deur die WNK vir insette gelewer – in die besonder vir Prof. C. Breen vir belangstelling, kommentaar en aanbevelings.
- Mn'r'e H.J. Vermeulen, M.D. Panagos en P. Michau vir opoffering tydens hulpverlening gedurende die veldwerkfase van hierdie projek. Hierdie persone was soms vir lang tydperke aaneen in die veld weg van hul huise, vriende en familie.
- Mev. J. Schaap vir die natrek, voorbereiding en finalisering van die grafieka vir die projek.
- Mn'r. J.M. van Staden van LNR-Enviro vir insette gelewer ten opsigte van omgewingsbestuursaspekte en die beskikbaarstelling van nuwe en gewysigde relevante Omgewingswetgewing en Wetsontwerpe.
- IGS-biblioteek vir die doeltreffende wyse waarop literatuur navrae en soektogte uitgevoer is.

- Dr. R.H. Westfall vir die nodige wysigings aangebring aan die programpakket gebruik vir die ontleding van die data asook die opgradering van rekenaarfasiliteite ten einde die verslag te kan saamstel.
- Mev. D. Argo van die Instituut vir Grond, Klimaat en Water vir die vriendelike wyse waarop sy klimaatsdata vanaf die Agromet-databasis verskaf het.
- Me J. Minisi van die Roodeplaat Herbarium vir die hantering en montering van die planteksemplare versamel as verwysingseksemplare gedurende hierdie studie.
- Departement van Waterwese en Bosbou vir die beskikbaarstelling van data ten opsigte van damkapasiteite in die Olifantsriviersisteem en vloedpieke gedurende en direk na afloop van die vloede gedurende 1996. Die beskikbaarstelling van die onderskeie volumes van die verslag "Water Resources Planning of the Olifants River Basin"
- Mn. Dries Visser van Bohlweki Environmental Pty(Ltd.) vir die insette en aanbevelings ten opsigte van Omgewingswetgewings- en bestuursaspekte na verwys in die projek.
- Mn. E. Dollar vir insette gelewer ten opsigte van die geomorfologie van die Olifantsriviersisteem.
- Die Landbounavorsingsraad vir finansiële steun en in die besonder Dr. A. Aucamp vir die nodige motivering en reëlings ten opsigte van 'n studiebeurs.
- Ek wil ook my ouers en skoonouers bedank vir aanmoediging en belangstelling.
- Marietha, ek is baie dank verskuldig aan jou vir opoffering, geduld en enkel ouer wees, veral tydens die veldwerkfase van hierdie studie.
